

**DIE
FAMILIE
LANGENHOVEN**

~ 'n Geslagsregister ~

***40 jaar herdenking van die
ontstaan van die register
1982-2022***

Jan H Langenhoven

**[Bygewerk uit die oorspronklike familieregister
wat in Mei 1982 verskyn het]**

Elektroniese weergawe in PDF-formaat
(Bygewerk Julie 2023)
www.langenhoven.net

Onlangse inligting wat bygewerk is, is ontvang van Boet en Magriet Voigt (Fraaiuitsig), Tony Gillespie, Suzette Swartz (Reddersburg), Jakkie Coetzee (Bellville) met dank ook aan Anna van Rensburg en Sannie Nel, Elsabé McCallum (Gauteng), Charlotte Sadie (via Johan Viktor) (Kaapstad), Johan Langenhoven (Secunda?), Elsabé McCallum (Gauteng), Philip Langenhoven (Pretoria), Francois Smit (Heidelberg GP), Petrus Langenhoven (Lafayette, Indiana, VSA), Philip Langenhoven (Johannesburg), Tinie Langenhoven (Franskraal), Jakkie Coetzee (Bellville) (Jakkie stuur ook inligting afkomstig van Mary Anne Theunissen, Maria Van Zyl, Sarie Ferreira en Nelie van Deventer); Leon Langenhoven (Pretoria), Amanda Mc Menamin (Johannesburg), Boetie Langenhoven en Natasha van Vryheid, Philip Langenhoven (Paraparaumu, Wellington, Nieu-Seeland), Linda Langenhoven (Swakopmund), Piet Langenhoven (Vereeniging), Marthie Langenhoven (Bellville), Selma Nel (Kleinmond), Derek Kriel (Kaapstad), Bessie Langenhoven (Kersfeesnuusbrief 2014) (Algoapark), Danro Swanepoel, Hangelique du Plooy (Ceres), Sarina Bonthuys, Estelle Langenhoven (Fontainebleu), Hanno Langenhoven (Pretoria), Trudie Hayes, Erika Langenhoven, Wayne Hayes.

Betekenis van Simbole

*	gebore
~	gedoop
†	oorlede
Ω	begrawe
x	getroud
xx	2de huwelik
xxx	3de huwelik
(÷)	geskei
#	aangeneem

Afkortings

ca.	circa (ongeveer)
d.v.	dogter van
s.v.	seun van
d	dogter(s)
s	seun(s)
k	kinders
N.N.	nomen nescio (naam onbekend)

Nuwe inligting word steeds bygevoeg

Hierdie manuskrip bly steeds ontwikkel en die opgetekende name van mense het sedert dit op die internet geplaas is meer as verdubbel.

Watter inligting word gesoek?

- **Inligting oor die kinders van vroulike Langenhovens:** Almal in die familie wat Langenhoven heet se name hoort in die register, maar ook diegene wie se moeder 'n Langenhoven was. Daar is dus een klein verandering (ten opsigte van die oorspronklike boekie) wat die omvang van die register betref, naamlik om ook die kinders van vroue wie se nooiensvan Langenhoven was, by te werk. Sodoende word die neefs en niggies van Langenhovens ook ingesluit, al dra hulle 'n ander van. Die afsnypunt is egter dat slegs die kinders wie se ma 'n Langenhoven was, vermeld word en nie haar kleinkinders nie.
- **Genealogiese data:** Die ideale inligting is volle name en van, asook noemnaam in hakies, en nooiensvan (waar van toepassing), maar ook die plek en datum van elkeen se geboorte, huwelik en sterfte. 'n Doopdatum en -plek is nuttig as geboortebesonderhede ontbreek. Dis soms ook nuttig om te weet waar die ou garde se grafte geleë is. Maar al ontbreek party gegewens, kan dit steeds geplaas word.
- **Biografiese data:** Daar is nou reeds by party familielede 'n soort kort beskrywing van hulle lewensloop ingesluit, maar dit sal wonderlik wees as dit vir ander ook bygevoeg kan word. Nuttige inligting soos waar iemand grootgeword, skoolgegaan, gewoon en gewerk het, enige tegniese of akademiese kwalifikasies, enige besondere prestasies (ook op sportgebied), inligting oor iemand se werksloopbaan, oor besondere bydraes op ander terreine, oor stokperdjies, selfs oor mense se karaktertrekke. Sulke inligting gee vir 'n mens 'n dieper kykie in iemand se lewe en voeg baie waarde toe.
- **Foto's:** Die oorspronklike boekie het geen foto's bevat nie, maar dalk is dit nou tyd om foto's van familie bymekaar te maak en in te sluit. Daar bestaan waarskynlik nie 'n foto van die stamvader nie, maar daar is sekerlik foto's van sy kinders in omloop. Dit sal wonderlik wees om 'n groot foto-versameling van die familie op te bou. As elkeen kan meedoen deur foto's van hulle familie te skandeer en aan te stuur, sal 'n baie interessante familieregister geskep kan word. (As die dokument te groot word, kan die foto's miskien as 'n aparte bylae op die internet geplaas word.)

Stuur ontbrekende gegewens aan Jan Langenhoven, Posbus 71, Witsand 6666 of stuur 'n e-pos aan jan@langenhoven.net

(Nuwe inligting word gewoonlik bygewerk as genoegsame aanvullende gegewens ontvang is en geskied gewoonlik een of twee maal per jaar.)

Die Langenhoven-familieregister is 40 jaar oud

Toe die register van die Langenhoven-familie in 1982 gepubliseer is, het dit gou duidelik geword, dat dit in 'n groot behoefte voorsien het. Dit spreek uit die briefies van dank en waardering wat aan die opsteller gestuur is. So skryf party van hulle:

Dagsê neef Jan, Baie hartlik dank dat jy die moed en deursettingsvermoë gehad het om hierdie groot taak aan te pak en te voltooi. Wees verseker dat die Langenhoven-nageslag jou altyd dankbaar sal wees vir hierdie werk.

(Van mev. Seitie Botha, Posbus 833, Witrivier – b5c6d6e2)

Ek en my man het nou al lekker familie geles en baie name herken asook die gesigte! Kyk, ek het groot geword op Hamelkop en het die paar ooms wat daar gevestig was en daar geboer het met hulle vrouens baie goed geken. Ons neefs en niggies het soms maar baie kwajongstreke aangevang en het mekaar baie goed geken.

(Van mev. Hannie Zaayman, Rankettisirkel, Petersfield, Springs – b8c5d1e10)

Graag wil ons u baie hartelik gelukwens, dat u, ten spyte van veeleisende studies en leërplig, so 'n omvattende taak aangepak het. U opofferende en moeisame werk word baie hoog waardeer.

(Van mnr. en mev. Johan en Engela Langenhoven, Posbus 108, Kroonstad – b8c5d1e8)

Hierdie boek behoort 'n voorgeskrewe werk vir al die Langenhovens gemaak te word. Dan gaan hulle minder uitsterf en hulle ook baie minder aan hierdie "fancy"-naamgewing skuldig maak. Dis jammer van die ontbrekende inligting hier en daar, maar ek dink jy het wonderlike werk gedoen om soveel bymekaar te kry. Jy het nie dalk in sommige gevalle dit maar met opset weggelaat nie?

(Van prof. Henri Langenhoven, Van Rooylaan 18, Bloemfontein – b8c5d6e5)

Dit is vir my 'n besondere voorreg om u opoffering en harde werk te erken en en ek sê baie, baie dankie vir so 'n persoon met die moed ter wille van 'n familie.

(Van mev. Kotie Voigt, Posbus 4, Kleinbrak – b8c5d6e2)

Baie dankie vir die boekie, dit is nogal interessant, veral vir ons seun, dit word opreg waardeer, ook al jou moeite en opofferings.

(Van Jannie, Dorothy en Louis Langenhoven, Glenelgweg 44, Fern Glen, PE – b8c5d7e1f1)

Terwyl my vrou kuratrise van Arbeidsgenot op Oudtshoorn was, het ons 2½ jaar in die woonstel agter die Langenhoven-huis gewoon. Om daardie rede en ook omdat wyle mej. Sarah Goldblatt my laat belowe het om vir Arbeidsgenot C.J. Langenhoven se stamlys op te stel, het ek destyds 'n bietjie oor die familie gewerk. Nou het u egter dié taak op so 'n voortreflike wyse afgehandel dat daar vir my min oorgebly het om te doen!

Aangesien C.J.L., as ek reg onthou, in sy Dienswillige Dienaar sy vader se voorname as Cornelis Jacob Zethuyn aangegee het en ek wel deeglik bewus was van die "respek" waarmee mej. Goldblatt alles behandel het wat van hom afkomstig was, wou ek nie destyds die ware verhaal na vore bring nie. Deel u nie my verbasing oor die feit dat die verkeerde naam – nogal in sy byna eindelose verskeidenheid en spelwyses! – in die familie se naamgewing ingesluit en 'n staanplek gekry het nie?

(Van ds. H.C. Hopkins, Argivaris van die N.G. Kerkargief, Kaapstad)

In 1982 is daar net 200 boekies gedruk en verkoop toe daar nog geen internet was nie en alle inligting via die poskantoor met briewe en vraelyste ingesamel moes word. 'n Lys van korrespondente wat inligting verskaf het vir die 1982-uitgawe van die boekie is nou by die Bronnelys agterin hierdie weergawe ingesluit. Die internet het intussen 'n reusetoegangspoort tot genealogiese inligting geword en het die uitbreiding van die register baie makliker gemaak. Die omvang van die manuskrip van *Die familie Langenhoven* het sedert 1982 meer as verdubbel, enersyds omdat daar natuurlik baie nuwe Langenhoventjies gebore is, maar andersyds omdat ook die name van die kinders bygevoeg is wat nie self Langenhoven heet nie, maar wie se ma 'n nooi Langenhoven was. Dit maak die register nog meer bruikbaar omdat neefs en niggies met ander vanne, wat tog baie naby familie is, nou ook nageslaan kan word.

Mag hierdie genealogie steeds 'n bydrae maak om 'n gesonde familietrots onder die Langenhovens te kweek, maar mag dit ook bydra tot die besef dat die lotgevalle van hierdie familie in die teken staan van die Here se genade, liefde en versorging oor die byna 250 jaar wat ons familie in hierdie land gevestig is.

Inleiding

Genealogie

Genealogie is die studie van 'n mens se afstamming. Die strewe by die opstel van 'n familieregister moet wees om 'n familiegeskiedenis of familiechroniek te skryf, waar elke individu se lewe, prestasies en aktiwiteite beskryf word. Op hierdie wyse word die werk lewendig en kan die aandeel van die familie in die volkslewe na waarde geskat word. Hierdie familieregister bevat reeds biografiese gegewens oor sekere familieledede, maar dit kan nog aansienlik bygewerk en uitgebrei word.

Naamgewing

Dit lyk of dit uit die mode raak om familienaam te gee. Die nuwe geslag Langenhovens spog met welluidende Franse name of as dit darem nog Afrikaans is, dan slegs 'n enkele een wat dikwels geen ooreenkoms toon met die oupa of ouma se stoere boerename nie. Die voorgeslagte het wel die reëls van naamgewing streng nagekom: die oudste seun kry oupa Langenhoven se naam, die tweede seun die ander oupa s'n en die derde seun kry pa se naam. Daarna is die name nogtans nie na willekeur gegee nie, maar ander familieledede is vernoem. Vir die dogters was daar 'n soortgelyke sisteem.

Die naam wat die meeste onder die Langenhovens voorkom, is dié van die stamvader, Pierre Guillaume, maar nie altyd met die oorspronklike spelling nie. Daar is voorbeelde in die doopregisters en troueregisters van die ou Kaapse gemeentes waar hierdie naam 'n ongelooflike verskeidenheid spelwyses vertoon. Hier volg party van hulle: Pierre of Pieter is die eerste naam, daarna Gehelmus, Guilhelmus, Gilhelmus, Gieljam, Giliam, Gilian, Guillaume, Guilhelm, Giehelmus, Guiliaam, Gilijamus, Guilielmus, Guillemus, Wilhelmus, Wilhelmius, Guileamus, Guilelmus en Gelhelm.

'n Ander naam wat op baie maniere gespel is, is Zethuyn. Dit is eintlik ironies dat die man by wie hierdie naam sy oorsprong het, a1b8c5, nie met hierdie naam gedoop is nie maar wel as Cornelis Jakobse Thuyn. Hy is na sy oupagrootjie Cornelis Jacobsz Thuyn vernoem. Die "-ze" agtervoegsel het met die uitspraak van die naam van die tweede na die derde naam "oorgespring". Die oorsprong van die "ze" lê by die ou gebruik om 'n seun byvoorbeeld Cornelis die seun van Jakob, aan te dui as Cornelis Jakob'zoon of net Cornelis Jakob'zn (waaruit volg: Jakobz of Jakobze.) Maar in ons familie is die -ze toe by Thuyn aangelas om Zethuyn te vorm en het daarna nog talle ander vorme en spelwyses aangeneem soos Zetuin, Sittyn, Certuin, Cetuin, Sutijn, Setuin, Sittuin, Satijn, Satyn, Fortuin (sic!) en nog meer.

Ander bekende Langenhoven-familienaam is Philip Hendrik Morkel, Eliza Marthinus en Johann Godfried Fabricius.

By die saamstel van die register is name meesal gespel soos dit deur die persoon of deur informante verstrekkend is, maar andersins is die naam gespel soos dit op sy of haar doopregistrasie voorkom. Net die oudste doopregisters is deurgewerk om te soek na die byna vergete vroeë Langenhovens. Waar doopregistrasies opgespoor is, is die doopdatum in die register aangedui.

In die Kaapse argief kan mens die handtekening van die stamvader sien waar hy sy van Langenhooven spel, maar sy naam kom ook talle kere voor in die sogenaamde Opgaafrolle in die argief waar dit met 'n enkele o gespel word, soos ook op sy huweliksregistrasie in 1792. Die Vlaamse en Nederlandse weergawes van die van wat in heraldiese bronne verskyn, is ook met slegs een o gespel. Ek dink die getuigenis is sterk genoeg dat mens kan sê dat die oorspronklike spelwyse stellig Langenhoven was.

Twee groot takke van die familie

Pierre Guillaume Langenhoven, die stamvader, het nege kinders gehad, vyf seuns en vier dogters, maar van die vyf seuns is die oudste twee (b1 en b3) klein oorlede sonder dat hulle 'n nageslag kon hê terwyl die derde seun (b4), moontlik slegs een seun gehad het, maar geen rekord van die seun se huwelik of nageslag is gevind nie. Daarom het net die twee jongste seuns (b5 en b8) oorgebly wat die familienaam kon voortdra. So val al die Langenhovens van ons land in een van hierdie twee groot takke, naamlik die Eliza Marthinus-tak (b5) en die Philip Hendrik Morkel-tak (b8). Hierdie twee broers het albei darem 'n betekenisvolle bydrae tot die uitbreiding van die familie gemaak deur twaalf en nege kinders respektiewelik te hê. Alhoewel daar 'n aantal boedels van Langenhovens in die bruin bevolkingsgroep gevind is, kon die name nêrens by die bestaande genealogie van Pierre Guillaume se nageslag ingepas word nie.

Geografiese verspreiding

Met die verskyning van die register was verreweg die meeste Langenhovens versprei oor al vier die destydse provinsies en in Namibië, maar die wêreld het so verander dat daar nou (2022) familieledede is in die

VSA, Europa en Australasië. Die stamvader en sy kinders was egter Kapenaars. Van die kleinkinders van die stamvader het in die tweede helfte van die vorige eeu begin uitwyk na die Vrystaat en Transvaal om takke van die familie in hierdie provinsies te vestig. Daar is ook Langenhovens in Natal woonagtig vanaf 1930 of vroeër.

Drie van die seuns uit die Eliza Marthinus-tak (b5) naamlik Eliza, Philip en Karel het as volwassenes Transvaal en Vrystaat toe verhuis. Eliza (c6) het by Boshof in die Vrystaat gevestig waar hy blykbaar op die plaas Leeuwpan geboer het. Philip (c8) en Karel (c9) het in die omgewing van Bethal en Ermelo gevestig. Die Langenhovens van Caledon en Riviersonderend is hoofsaaklik die nageslag van Piet (c4) en sy broer Jan (c5). Die Hermanus-tak is afstammeling van Ernst (c10) en die Swellendam-tak van Hendrik (c12).

Die seuns uit die Philip Hendrik Morkel-tak (b8) het nie noorde toe getrek nie, maar het in die Kolonie gebly. Hulle het almal op Hamelkop en omgewing naby Mosselbaai opgegroeï en party het daar aangebly terwyl ander later oor die Outenikwas na die Klein-Karoo getrek het. Die oudste seun, Piet (c2), het op Hoeko naby Ladismith gaan vestig. Daar was ook afstammeling van Johannes Willem (c6) en Marthinus Jan Jacobus (c7) wat op Ladismith gaan woon het. Die Mosselbaaise Langenhovens stam meesal af van Kerneels (c5), alhoewel sommige van sy kinders ook in George gaan vestig het. Die Oudtshoornse Langenhovens stam weer meesal af van Philip (c4).

Die geografiese verspreiding het ook 'n invloed gehad op die frekwensie van voorkoms van aangetroude vanne. Die Boshoff-familie het die hoogste voorkoms onder die aangetroudes. Hierdie Boshoffs asook die Voigts wat by die Langenhovens ingetrou het, is byna almal Mosselbaaiers.


'n Familiewapen

Uit korrespondensie met die Buro vir Heraldiek in Pretoria in die 1980's het geblyk dat geen Langenhoven-familiewapen aldaar geregistreer was nie. Hulle het wel afbeeldings van familiewapens wat deur Europese Langenhoven-families gevoer word. So 'n familiewapen mag regtens deur ons eie familie gevoer word indien ons verwantskap kan bewys met een van die oorsese families.


Die *Vlaamse Vereniging voor Familiekunde* in Antwerpen, België, kon destyds geen feitelike gegewens aangaande die herkoms van ons stamvader Pierre Guillaume verskaf nie. Dit is dus steeds onbekend van watter van die oorsese families ons afstam. Die opsteller het weliswaar toe 'n wapen in die naam van sy eie oupa Langenhoven by die Buro vir Heraldiek in Pretoria geregistreer met elemente uit die Europese familiewapens, maar dié wapen geld gevolglik net vir hierdie een tak van die familie.

'n Moontlike alternatief is om 'n familiebond te stig en 'n wapen in die naam van die bond by die Buro te registreer. So 'n wapen sal dan deur lede van die Langenhoven-familiebond gevoer kan word.


Afbeeldings van die oorsese familiewapens:



VAN LANGENHOVE
(Vlaandere)



VAN LANGENHOVE
(Vlaandere)



VAN LANGENHOVEN
(Holland)

Afbeeldings uit *Armorial General Illustré* van J.B. Rietstap

J.H. Langenhoven

(b5c12d2e2fl)

Witsand

Inhoudsopgawe

Nuwe inligting word steeds bygevoeg.....	iii
Die Langenhoven-familieregister is 40 jaar oud	iv
Inleiding.....	v
Inhoudsopgawe	vii
Herinneringe en vertellings van familielede	1
Die Langenhovens van Hamelkop.....	1
– Prof Henri Langenhoven (b8c5d6e5), Augustus 1985	
Herinneringe aan die mense van Hamelkop.....	2
– Tannie Engela Langenhoven-Kool, (sien b8c5d1e8), September 1986	
Jeugherinneringe van oom Hennie Langenhoven.....	6
– H.P.J. Langenhoven (b5c12d3), ca. 1980	
Ons Europese herkoms.....	8
Die Suid-Afrikaanse stamvader en sy nege kinders	10
Stamboomdiagram	11
Die Eliza Marthinus-tak (b5).....	12
Die Philip Hendrik Morkel-tak (b8).....	60
Ongeïdentifiseerde Langenhoven-grafte	95
Bronnelys	96



Die berge en klowe van Hamelkop. Die ou opstal is 'n piepklein wit spikkeltjie net regs bokant die paaltjie in die voorgrond, aldus tannie Engela Langenhoven. Sy sê dit is 'n foto van “Die Rivier” en dit is geneem vanaf “Die Hoogte”.



Die oorspronklike Langenhoven-huis op Hamelkop van agter (1982), aldus Jakkie Coetzee. Prof Henri Langenhoven sê hierdie deel van Hamelkop is tydens vroeë opmetings as “Die Woonplaas” benaam.

Herinneringe en vertellings van familieledede

Die Langenhovens van Hamelkop

Prof Henri Langenhoven (geb. 1921) (b8c5d6e5), Augustus 1985.

Grootoupa Philip, agtste kind (b8) van die stamvader, en een van die twee wat 'n groot nageslag agtergelaat het, het met Grietjie van Koppen van Hartebeestkraal, distrik Mosselbaai, getrou en op die aanliggende plaas, Hamelkop, gaan huis opslaen. Een van sy beroemdste kleinseuns was seker die geliefde, Sagmoedige Neelsie. Een van sy minder bekende agterkleinseuns is die nimlike, minlike ek, Henri van oom Piet.

Die plaas Hamelkop het sy naam gekry van 'n ronde koppie met die naam wat bo al die ander koppe in die omgewing uittroon. Ek kon nog nooit uitvind wat dit met 'n hamel te doen het nie. Grootoupa Philip se oudste dogter (b8c1), tant Betjie, het met Willem Gotlieb Jacob Voigt getrou en in die opstal op Hamelkop gaan woon. Hulle nageslag woon nog daar. 'n Paar kinders het koers gekry in die rigting van Riversdal, Ladismith en Oudtshoorn. Die jongste dogter (b8c8), Hannie, is met Koos Boshoff getroud en het 'n paar kilometers oos van Hamelkop, op Kafferskraal gaan woon. Oupa Kerneels (b8c5) het ook aanvanklik daar gaan woon en sy oudste seun, oom Phillipie, is daar gebore. Toe 'n groot bosbrand byna al sy besittings vernietig het, het oupa Kerneels 'n draai op Hoeko gaan maak waar sy eerste vrou, Rachel (Blignault) oorlede is by die geboorte van C.J. Hy is toe met Cornelia Maria Joubert getroud en 'n paar jaar later het oupa Neelsie en ouma Neeltjie teruggekom Hamelkop toe. Toe het hy onder by die rivier op 'n deel van Hamelkop gaan huis opslaen en heelwat grond bygekry van Boskop en Moordkuil wat gedeeltelik opgehefte erfpaggrond was.

Na vier kinders van wie twee jonk dood is uit oupa Kerneels se eerste huwelik, is daar uit die tweede huwelik nog agt seuns en twee dogters gebore. Die oudste seun uit hierdie huwelik, Abram (b8c5d5), is jonk dood. Die twee dogters is met twee Boshoff-broers getroud wat hulle ook op die plaas gevestig het. Toe oupa Kerneels (b8) in 1923 oorlede is, is die plaas in gelyke dele tussen die elf oorlewende kinders verdeel wat elk 30 morges ontvang het. Vier seuns het elders gaan werk en hulle grond aan die ander verkoop. My Pa het twee dele bygekry wat saam met sy deel by opdeling die naam, Die Lemoentuin, gekry het. Ek het dit later geërf en onlangs die aangrensende Woonplaas waar my oupa gewoon het, bygekry.

Die sewe kinders wat op die plaas gebly het, het met mening ingespring en die plaas ontwikkel. Volgens huidige standaarde het hulle op 'n primitiewe wyse geboer maar wondere verrig. Toe die landjies langs die rivier te klein geword het, het hulle die koppe ingevaar en dit met die omslagploeg omgeploeg teen skuinstes waar vandag se bobbejane dit nie sonder assuransie sal waag nie. Koring is met die hand gesaai, met die sekel afgesny, gedra tot waar 'n ossewa kon bykom, en gery tot by 'n dorsmasjien. Vir wisselbou is ertappels en patats en boontjies en ertjies en allerhande groentes geplant. Vir trekkdiere is veral osse, maar ook perde en muile en donkies gebruik. Verder het hulle die houtbosse ingevaar en grond skoongemaak en beplant, hout gekap, uitgedra en dorp toe gery; hulle het bas gemaak van die basbome langs die rivier, aalwyn getap teen die koppe, koeie gemelk en botter gemaak, eiers, vrugte – noem maar op. Seker die mees gesofistikeerde onderneming was die lemoene wat my pa vir 'n paar jaar verpak en uitgevoer het.

Hierdie boere was nie stoepsitters nie; arbeid was skaars en hulle het self gewerk van die oggend voordag tot die aand donker. Die vrouens en kinders moes maar die melkkoeie behartig en baie van hulle het nog op die lande ook gehelp. My pa, wie se gesig geleidelik ingegees het, het aangehou werk totdat hy later byna glad nie meer kon sien nie. Sy moed en dryfkrag, en baie genade van Bo, het hom egter deurgesien. Toe hy eenkeer groenvoer sny, voel hy skielik die sekel word swaar. Toe het hy toevallig 'n pofadder, waarskynlik toe hy sy kop ophig om te pik, net onder die keel ingehaak met die punt van die sekel. Die plaasskool was aanvanklik op Hartebeestkraal, vir my vyf kilometers ver en vir party ander nog verder. Later is dit na Hamelkop verskuif sodat dit vir my laaste kwartaal in st.6 darem nader was. En ons moes skool toe loop nadat ons soggens gehelp het met die melkery, en middae moes ons voete optel om weer betyds by die huis te wees om te gaan koeie haal en oppas en melk.

Vir die meeste van hierdie mense was daar nie so 'n ding soos vakansies nie; niemand het hul1e blykbaar daarvan vertel nie. Selfs met die see hier naby het die meeste van hulle nooit eens by die strand gekom nie. In die somermaande het die jongmense dikwels saans na werk in die swemgat in die rivier gaan swem, sommer kaal, en as 'n dame daar wou verbykom moes sy maar betyds hoes sodat hulle kon koes. En pret en plesier en kuier en kwajongstreke moes maar in die aande en naweke ingepas word.

Produktepryse was nie iets waarmee 'n mens vandag kan winkel toe gaan nie: 'n mudsak meel een pond, 'n skaap 'n halfkroon, ertappels 'n daalder 'n sak, eiers 'n tiekies 'n dosyn. Dit was daar in die dertigerjare. Ek het nou onlangs eers beseft dat dit depressietyd was; ons het gedink dit moet maar so wees. Tog het hierdie mense nooit honger gely nie. Intendeel, hulle het geld bymekaar gemaak en later die gelyk gronde op die vlaktes gaan opkoop.

As ek nou daaraan terugdink was dit moeilike dae, maar ons het dit nie juis agtergekom nie. Almal was

grotendeels op hulleself en die goedgesindheid van hulle medemense aangewys, en hulle het dit geweet. Hulle kon nie na die regering hardloop vir werkverskaffing en behuising en al die dinge nie. Daar was eintlik maar min regering en niemand het dit gemis nie. Daar was ook droogtes maar die rivier het nooit gaan staan nie. 'n Ou slootjie is daar bo uit die rivier uitgegraaf om water by die laagliggende landjies te kry. Die sloot het die manier gehad om op die onmoontlikste tye te breek, wanneer jy byvoorbeeld snags waterlei. Dan moes jy in die donker in die ruigtes langs die rivier op loop om te gaan gate toestop. En dan was die mense boontoe op ook maar partykeer moedswillig om byvoorbeeld die water af te keer wanneer jy dink dat dit jou beurt is; dan slaan jy miskien 'n graaf op hulle stukkend en julle is kwaavrinne, en dan vergeet julle dit maar weer.

Hierdie mense het natuurlik nie almal vlerkies gehad nie. Hulle kon partykeer maar moeilik raak en tog het dit altyd weer reggekom. Dit was eerlike en opregte mense, hulpvaardig in nood, bereid om nagte wakker te bly by siekes. Elkeen het gewoonlik 'n karnaadjie (karmenaadjie) ontvang as daar geslag word. Hulle het gereeld kerk toe gegaan met Aprilmaand se nagmaal, en elke dankfees en sendingfees was 'n rekord. Nie een het graag 'n Nasionale Party-vergadering op Mosselbaai misgeloop nie.

Vandag is die plek byna leeggeloop. Die oumense is dood en die jongeres is oor die hele land versprei. Die grond is nog alles in die familie se hande maar daar gaan nie veel aan nie. Omdat die terrein so ongelyk is, is die plek nie geskik vir die hedendaagse gemeganiseerde boerderymetodes nie. Die huise wat nog staan, staan ook maar net en dit maak 'n mens se hart seer om dit so te sien. Maar origns is die plek nog net so mooi, die rivier nog altyd standhoudend, en die grond nog net so vrugbaar.

As ek mag probeer om profeet te speel, dan sê ek dat die lewe weer gaan terugkom na hierdie ou plek. Die bevolking neem toe en om hulle almal kos te gee, sal sulke vrugbare aarde nie op die duur versmaai kan word nie. Die nood moet net groot genoeg word en instansies wat bereid is om die skuld daarvoor op hulle te neem, moet minder word. Mense sal dalk eers die gelyk lande langs die rivier intensief begin bewerk, en wie weet, as hulle sien hoe vrugbaar daardie koppe is, die trekkerwiele aan hidroliese bene koppel om hulle teen die skuinstes gelyk te laat loop. Hul1e mag selfs die bees as trekdiër, wat self sy brandstof in die veld gaan haal, en wat tegelykertyd ook melk- en slagdiër kan wees, herontdek. Ek is teen die stroom op hier weg toe Hamelkop nog 'n bynes van aktiwiteit was, en hier is ek nou weer teen die stroom op terug, 'n hanetreetjie van die plaas af. As ek net gedink het dat ek nog jonk genoeg is om 'n sukses daarvan te maak, was ek terug op Hamelkop. Die stroom na die stad kan nie enkelverkeer bly nie. Die stroom terug moet net begin, en dan momentum kry. Dit geld nie net vir Hamelkop nie, maar vir 'n groot deel van die land.

Herinneringe aan die mense van Hamelkop

Tannie Engela Langenhoven-Kool, (geb. 1913) eggenote van b8c5d1e8, September 1986

Character is like a tree and reputation like its shadow. The shadow is what we think of it; the tree is the real thing. – Abraham Lincoln (1809-1865)

Hierdie gesegde het by my opgekom toe neef Jannie my versoek het om herinnerings van my skoonfamilie van Hamelkop neer te pen. Eintlik het ek baie onwaardig gevoel om aan die versoek te voldoen. Die Hollanders sê immers: "Aangetrouwd is aangedouwd" en dit was maar slegs binne die bestek van Julie 1940 tot Desember 1945 dat ek op Hartenbos naby hulle gewoon het. Dit was en is nog steeds vir my 'n uitsonderlike voorreg om in so 'n deurlugtige familiekring opgeneem te kon word. Ek was nog maar sewe jaar oud toe het ek al C.J. Langenhoven se boeke verslind, aangevuur deur my oorlede vader se hoë dunk van oom Neelsie se geskifte en omdat daar destyds weinig Afrikaanse boeke ter beskikking van 'n leesgierige dogter was. My bewondering vir C.J. Langenhoven het met die loop van jare toegeneem, geen wonder dat ek op sy broerskind verlief geraak het nie. Die verwantskap het ek eers lank na ons verlowing kon vasstel, want ewe nederig het Johan altyd gesê dat hy nie op sy oom se rug wil ry nie.

My skoonvader Philip Hendrik Morkel (b8d1) het ek nooit gesien nie, hy is elf maande voor ons huwelik oorlede. Na sy heengaan moes moeder Sarie saam met suster Hannie en die jonger seuns Philip (ook bekend as Tom) en Kosie, 'n moeilike bestaan voer. Die Tweede Wêreldoorlog het in September 1939 uitbreek en lewensmiddele het skaars geword. Ook was vader Philip baie lank ernstig siek en die langdurige droogte van 1933 en die sware landsdepressie van daardie jare, het sy tol geëis.

Toe die jonger kinders van die egpaar Philip en Sarie nog jonk was, het die familie die huis van moeder Sarie se vader Johan Christiaan Boshoff, na lg. se eggenote se heengaan, op Rooipad bewoon. Na die oupa se afsterwe, moes die grond verkoop word en het die gesin Langenhoven die huis van oom Liza Langenhoven (oom Magistraat) gehuur. Die huis het toe leeggestaan omdat oom Magistraat toe in Jonkersberg vir die bosboudepartement gewerk het.

Die familieplaas Hamelkop, deels erfpaggrond, van oupa Cornelis Jacobse Thuyn Langenhoven (b8c5), is na sy afsterwe op 31.5.1923 tussen die oorlewende kinders verdeel. Eers sou arbiters oor die verdeling beraadslaag, maar dit wou nie uitwerk nie. Toe is die dienste van 'n Mnr Tribelhorn, 'n landmeter van Oudtshoorn, ingeroep. Elke kind het 30 morges grond ontvang, maar party van hulle wou elders 'n heenkome

soek. Toe het hulle hul grond verkoop aan dié wat kans gesien het om 'n lewensbestaan uit die grond te wroeg. Daar was 'n testamentsbepaling dat elke kind twee lemoenbome sou erf. Die lemoenbome het op die stuk grond van oom Piet (b8c5d6) gestaan, wat die erfbome van sy verwante vir £1-10 (destyds R3.00) stuk aangekoop het. Langs die rivier kon die plasies met leibeurte uit die rivier benat word. Die slote is uitgegrawe uit 'n dam hoër op in die rivier wat oupa Kerneels met klippe gebou het. Dit was waar die Moordkuilrivier en die Klein-Brakrivier saamgevoel het. As die slote gebreek het, het dit moeite gekos om die gate toe te stop.

Na aanleiding van 'n opmerking van prof Henri aangaande die herkoms van die naam Hamelkop, sê my man, Johan, dat hy 'n verklaring het vir die naam van die plaas. (Ek het ook baie gewonder oor die naam, want daar het ek destyds (1940) nooit 'n enkele hamel gesien nie en ek kom uit die Ermelose distrik waar baie hamels te siene is.) Die koppie wat so uittoon bo die ander is aan die een kant skuinsregop en het aan die anderkant 'n skerp uitstaande knoets – dit laat mens dink aan die voorkoms van die kop van die Hamerkopvoël, maar deur etimologie het dit in die volksmond vervorm na Hamelkop.

In die rivier was daar klein hardertjies, maar vanweë hul baie grate is hulle nie juis benut nie. Groot, vet palings was daar wel – as hulle gebak is, was dit 'n groot lekkerny, maar omdat die palings mens so aan slange laat dink het, het baie inwoners van die kontrei nie hul monde daaraan gesit nie. Van slange gepraat: daar was nogal baie koperkapelle, pofadders en die uiters giftige boomslange, wie se teenwoordigheid altyd luidkeels deur voëltjies aangekondig is. Eenkeer het Johan na 'n roering in struik in die veld, nadat die voëltjies hom daarop bedag gemaak het, 'n skoot met die haelgeweer geskiet. By nadere ondersoek ontdek hy toe dat hy twee slange met een skoot doodgeskiet het; 'n bruine en 'n groene.

Wyle vader Flip wou graag 'n eie huis op sy erfgrond bou. In die dertigerjare het hy toe 'n opstal aangelê, bo-op die kop. Die driekamerwoning, bestaande uit 'n slaap-, sit-eetkamer en kombuis, is van klip gebou. Die vloer was uitgelê met 'n spesiale soort klei, wat met beesmis gesmeer en met skoenpolitoer blink gevryf is. Ten einde nie spore te trap nie, is 'n laag koerantpapier, soos 'n "gangtapyt" op die vloer van die kombuis tot by die slaapkamer geplaas. Die plafonplanke het op baspale wat met aalwynsap bestryk is, gerus. Die "hanepoot"-dakkappe was met houtpenne aan mekaar bevestig. Geld was daar nie vir spykers nie. Die pale en dakkappe is met 'n dissel en met die hand vervaardig. Die dak was gedek met harde biesies, wat in die rante met sekels afgesny is. Dit was 'n groot kuns om so 'n dak te dek. Die seunskinders moes bo-op die solder slaap, maar later is 'n buitekamer vir hulle laer af teen die skuinste gebou.

Daar was geen stoof in die kombuis nie, maar wel 'n abbakaggel met 'n es en die kos is daar met 'n ketting aan die pothingsel "oorgehang". Baie na aan die kombuis was daar 'n buite-bakoond, waarin brood en, met spesiale geleentheid, gemmer- en soetkoekies gebak is. Vlugsout was die rysmiddel van dié koekies.

Vleiskos was maar baie skaars. Af en toe, as daar 'n geleentheid Mosselbaai toe was, is 'n stukkie vleis gekoop vir die Sondagsmaal. Wanneer die jagseisoen oop was, het daar steenbok- of bloubok- of bosbok-wildsvleis op tafel verskyn. Ook is daar altyd 'n hoender of 'n varkie op hok gehou om geslag te kan word. Die stapeldieet was maar in-die-skil-gebakte, "sesmaandse" witpatats wat gewoonlik koud geëet is. Groenertjies is gekook en in-ringetjies-gesnyde geelwortels met die kenmerkende klein meelkluitjies in 'n pypkaneelsous, was 'n besondere lekkerny, veral vir swaer Apie Barnard wat met suster Sannie (b8c5d1e3) getroud was. Skoonsuster Henna, die eggenote van boetie Kerneels (b8c5d1e5), het gewoonlik suiker by die gekerfde groenbone gegooi. Oom Piet "Lemoentuin" (b8c5d6) het altyd in sy mooi breistem verklaar: "Daar is geen vrug so lekker as 'n gekookte groenmielie nie." Ook het daar gekookte bruinboontjies op tafel verskyn, asook kool- en tamatiebredie en koolslaai, berei deur gekookte kool te meng met 'n asyn-suikersous. Sondae het hulle souskluitjies bedien, maar gewoonlik eintlik melkkos met pypkaneelsous, of eintlik melksnysels.

Vir wie belangstel hier is die resep: Omtrent 1 koppie fyn meelblom vir 1 eier. Teelepel sout. Metode: Sif meelblom en sout, maak holte in die middel en voeg eier by. Roer nou met 'n slapmes al in die rondte totdat eier genoeg meelblom opgeneem het om dit te kan knie. Knie deeg nou baie goed totdat dit soos 'n stuk gomlastiek is. Strooi meelblom op die bakvelletjie en rol die deeg baie dun uit. Laat effens winddroog word. Strooi nou meelblom oor deeg en rol liggies op. Kerf nou in baie dun snysels. Maak 'n kaneelsous van melk, botter, suiker en pypkaneel en kook die snysels daarin.

Botter is gemaak deur melk weg te sit in groot plat enemmelskottels. Die room is dan versigtig afgeskep en in 'n ovaal balie met 'n deksel gegooi. In die middel van die deksel was 'n ronde gat waardeur 'n stok met 'n kruisvormige blok geheg is. Die stok moes voortdurend op en af beweeg word totdat jou arm lam was en die botter "af" was. As stampmielies gestamp moes word in die stampblok, moes die stamper ook op en af gestamp word totdat dit gevoel het asof jou arm wil afbreek.

Vrugte was maar skaars, soms 'n paar ryp perskes van die bome wat oupa Kerneels (b8c5) nog daar geplant het – ook loekwarte. Skoonvader Flip (b8c5d1) en sy seuns was baie lief om bome te plant. Naby hul huis was daar 'n pragtige melémara (?) immergroen boom wat Johan daar geplant het. Brandnetels het volop langs die rivier gegroei en in my onkunde het ek daaraan geruik in die waan dat dit kruisement was wat wild daar groei!

Die klein landjies langs die rivier is aangevul met opbrengste van koring en mielies en patats, waarvan die rankies in Augustusmaand aangeplant is. Man, vrou en kind wat 'n hand kon uitsteek, het gehelp plant en oes daar teen die skuinstes waar 'n bobbejaan skaars met 'n kiere kan loop. Nadat die mielies geoes is,

is dit op 'n gelyk plek oopgegooi. Die bure, kind en kraai, het dan in die aand bymekaargekom om die mieliekoppe se buiteblare af te stroop. Die binneblare van die mielie is dan omgebuig en aan 'n stellasi vasgebind om heeltemal af te droog, alvorens die mieliepitte met die hand afgemaak is. So 'n byeenkoms van blareafstropers het bekend gestaan as 'n mieliebol, waar sop en gesmeerde snye brood as verversings aangebied is. Om die beurt is die mieliebolle by elke plasi gehou. Dan is daar heerlik gesels en koffie gedrink en staaltjies uit die transporttogte uitgeruil.

Die kinders van daardie dae moes ook maar baie hard gewerk het. Voor skool moes die seuns sorg dat daar emmers water die stelte uitgedra word huis toe, die koeie moes gemelk word, die hoenders en varke moes kos kry. Dan moes die 5 myl lange skof kaalvoet na die skooltjie by Hartebeeskraal aangepak word en daar mag nie laat opgedaag word nie! Na skool moes daar koeie opgepas of tuinwerk gedoen word. Die skool het na twee sessies eers om drie uur in die middag uitgekom, dus het hulle maar redelik laat tuisgekome.

Na aandete is daar boeke gevat. Elke kind moes 'n stukkie uit die gelese hoofstuk uit die ou Nederlandse Bybel voorlees. Dan moes die voete in die voetewasbalie gewas word. By die lig van 'n paraffienlampie is die skooltuiswerk by die kombuistafeltjie gedoen.

In daardie dae was die onderwysmedium Nederlands en Engels. Wee jou as jy betrap word dat jy Afrikaans durf praat het! Dan moes jy die Dutch Card om jou nek dra totdat 'n andereen uitgevang is. Op die kaart het gepryk: "I am a donkey, I cannot speak English." Eers gedurende 1922 is Afrikaans daar in die skooltjie ingevoer. By toetredes so op 7-jarige leeftyd moes 'n kind al die letters van die alfabet kon uitwys. Slaag so 'n kind daarin, word hy die volgende dag tot Sub B bevorder. Dit was gewoonlik 'n tweemanskooltjie en een keer per jaar het Mr Scott, die inspekteur, sy rondte daar by die skool kom maak om die kinders te toets. Die skooltjie waar Miss Coetzee die septeer geswaai het, staan vandag nog daar: 'n Tweevertrekgeboutjie met hoë grys mure en 'n spits dak. Die hoekstene was spierwit geverf in swaelstertvorm.

Toe die familie nog op Rooipad gewoon het, het susters Mienie, Nelie, Sannie, Hester en boetie Kerneels nog op Kleinvlei skoolgegaan. Hulle het vertel hoe lekker hulle gelag het toe 'n Botha-seuntjie eenkeer die lat uit Miss Morgan se hand geruk het. Daarvoor is hy na die skoolhoof, Miss Pienaar, gestuur. Sy verweer was: "Miss Morgan dink ek is haar verdomde donkie, sy slaan my al oor my kop!"

Ter verkryging van die "Boerematriek" moes die opgeskote kinders in Mosselbaai onder ds De Klerk katkiseer, terwyl hulle vir die veertien dae daar by familie of vriende loseer het.

Speelgeleentheid vir die kinders was daar uiteraard weinig. Die dogters het darem vir hulself poppe gemaak van stokke en afvallappies. Suster Hannie, die jongste suster, het vertel dat sy al 'n groot meisie was toe sy haar eerste slaappoppie van 'n ouer getroude suster ontvang het. Haar eggenoot, Koos Zaayman, vertel hoedat hulle as kinders hulself met houtwaentjies vermaak het wat hulle self vervaardig het. Die waentjies se wioletjies was skoenpolitoerdekseltjies wat met spykers aan die assie wat kon draai, bevestig is. Hulle het gespog met die kort draaie wat hulle osse, dit was leë koeldrankbotteltjies, in die "sandpaadjies" kon maak.

Die groter seuns het hulleself vermaak deur sommer poedelnakend in die rivier te swem en dan groot klippe op die rivier se bodem uit te duik. Met Nuwejaarsgeleenthede het die jongmense gewoonlik op die gelykte onderkant oom Tienie se huis bymekaargekom – dit was die opstal van oupa Kerneels. Dan is daar kringospelletjies soos "Walking on the green grass" gespeel. Die ou mense het dans baie streng afgekeur, maar van die jong mans het tog stilletjies snags na 'n plaasdansparty elders weggesluip.

As 'n mens daar in die Rivier gaan kuier het, was jy veronderstel om by elke plaashuis aan te gaan – en daar was baie huise, amper soos 'n dorpsplaas. Dit is as 'n groot affrontasie beskou as jy nie by elke kuierwoning 'n koppie bitterlik sterk, swart koffie sou drink en 'n sny tuisgemaakte, gesmeerde brood sou eet nie. Die koffie was so sterk dat dit die koppies gevlek het. En hulle kon baie koffie drink! Die rou koffiebone is in 'n ysterpot, wat spesiaal vir die doel aangehou is, gebrand en met 'n houtspaan deurentyd geroer totdat dit 'n donkerbruin kleur aangeneem het. Moeder Sarie het altyd suiker by die koffie gevoeg terwyl dit gebrand het. Daarna moes die kinders die gebrande koffiebone met 'n koffiemeule fyn maal – ook maar 'n sielodende taak. Party mense het gars by die koffie gebrand en gemaal.

Dankoffer- en sendingfeeste is in die skooltjie op Hartebeeskraal gehou. Vader Flippie het eiehandig-gemaakte skeie as sy dankoffer gebring. Kinders is by die buitendienste gedoop, maar met Aprilmaand se nagmaal is hulle per wa en osse Mosselbaai se kerk toe. Op Gonnakraal was daar 'n sendingstasie waar eerwaarde De Villiers dienste gehou het. Daar was voorlans spesiale sitplekke ingeruim vir die blankes wat die dienste bygewoon het.

Melding moet gemaak word van die transporttogte wat na Mosselbaai en Oudtshoorn onderneem is om die plaasprodukte van die hand te sit. Boetie Kerneels het so geleidelik vir hom 'n span donkies vir die doel aangeskaf. Gedurende 'n kwaai koue het die donkies verkleum en moes osse aangeskaf word. Dit was maar moeilike jare: ongekende droogtes in 1933, 'n kwaai depressie en nege jaar daarna die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog wat die ekonomie nog 'n verdere knou toegedien het. Baie mense moes selfs koeie inspan om hul produkte mee te vervoer.

Johan moes as jong seun baie Vrydagmiddae in die pad val om touleier te wees vir 'n transportwa wat die naweek moes vertrek. Daarvoor het hy 'n halfkroon ontvang om die familie-inkomste te help aanvul.

Soms was hy so vaak dat hy vas aan die slaap agter die briek aangestrompel het en wakker geskrik het as hy sy been teen die briekbalk gestamp het. In die nag het hulle die tyd bepaal deur na die tye van die sterre se opkoms te let. Of dit nou koud was en of dit gereën het, hulle moes in die pad val. Een nag het boetie Kerneels iets bonatuurliks in die pad gewaar daar by Hartebeeskraal se hek.

Op 13-jarige leeftyd het 'n wawiel oor Johan se been geloop en die vleis by die linkerknie oopgeklou. In die hospitaal het die dokter die wond sommerso sonder narkose toegewerk en as Johan gehuil het van pyn, het die dokter hom toegesnou dat hy moes stillê anders sou hy geklap word. Van die are is beskadig en hy ly nou al dekades lank aan 'n flebitiese been.

Almal daar op Hamelkop was uiters hardwerkend en dit was alledaags om te sien hoe die salpeter op die sweetdeurdrenkte klere uitslaan. Dit was vir die vroumense ook 'n moeitevolle bestaan: hulle moes hul huishoudings sonder enige geriewe of hulp waarneem, wasgoed met die hand was, stryksters op houtkole warm maak, slag en bak, klere maak en herstel en terselfdertyd nog hand gee op die lande met die manswerk, terwyl daar van hulle was wat indertyd tot 12 kinders grootgemaak het. Daar is baie onderling geskinder en gekritiseer as 'n vrou iewers met haar eggenoot sou gaan rondry – nee, werk moes jy werk! Heelwat ondertrouery het ook daar plaasgevind onder vader Flippie en moeder Sarie se kinders, soos neef-en-niggie-trouery en kleinneef-en-niggie-trouery.

Baie mense het as die jagseisoen oop was op Hamelkop kom jag, want steenbökkies, bloubökkies en bosbokke (laasgenoemde met hul gevaarlike skerp horinkies) was daar nogal volop. Die mans was knap skuts. Goeie jaghonde was hoogs gesog. Johan het as baba saam met 'n jaghondjie aan moeder Sarie gesoog; die ma-hond had nie melk vir die klein hondjie nie en sy was 'n uitstekende jaghond. Daar is vertel dat oom Gilbert Muller (geen bloedverwant nie), eenkeer in Ruitersbosch 'n tier in sy jaghond se bek doodgeskiet het. Die tier was in sy skuilplek in 'n klipskeur en die hond het hom daar aan sy wang uitgesleep. 'n Paar jaar gelede, nadat so baie van die inwoners weggetrek het, het daar nog twee tiers langs die rivier rondgesluis. Hulle is toe deur Natuurbewaringsbeamptes gevang.

Die opstalle van die bewoners van Hamelkop was byna almal binne sig van mekaar, maar nogtans geskei deur diep klowe. As 'n dringende boodskap oorgedra moes word, dan is daar sommer oor die klowe heen vir mekaar geskreeu. Dit is seker die verklaring daarvoor dat almal daar geneig is om vreeslik hard te praat. Opvallend is ook die neiging om woorde te ontrond, so word daar bv. van Gideon gepraat as Gie-jon en jy word geroep met ko-hie-na-toe! Oom Jozua was bekend as oom Joo-se-wa. Kenmerkend is die bynaamgewing: Vader Flippie se bynaam was Plankies, omdat hy so graag plankies opgetel het, daar was oom Jan Kool (hy het so graag kool geplant), oom Magistraat, neefs Jood, Broekies, Baaibroek, selfs 'n Tranebroek en 'n niggie Lekkerstap. Gewoonlik is hulle direk darem op hulle regte name aangespreek, maar agteraf het almal geweet wie bedoel word!

Byname of te not, almal daar op Hamelkop lê vir my baie na aan die hart. Ek het daar wildvreemd gekom en was gebroke na die heengaan van my enigste suster, maar hulle het my aan hulle harte gevou en in die familiekring opgeneem, 'n groot voorreg en eer. Toe ons enigste kind met die dood gestry het, met spieratrofie, het hulle ons met woord en daad ondersteun, waarlik 'n familie om op trots te wees. Oom Neelsie het eenkeer geskryf: "Jou grootste bate is as jy arm ouers het. Dit hou jou nederig in die wete dat jy op God moet vertrou vir uitkomst, dit leer jou om met ywer en deursettingsvermoë vorentoe te beur, volgens die voorbeeld wat vir jou in jou ouerhuis gestel is." Die ouers wat kinders is van vader Flippie en moeder Sarie, kan trots wees op hul kinders, wat so goed vooruitgeboer het en op sommige van hulle wat in hoë ampte staan. Maar hulle moenie vergeet nie wat Grootoupa (anderpa) Kerneels gesê het, toe iemand hom gemaan het om trots te wees op sy seun Neelsie. In sy breistem het hy gesê: "Tghots op hom! Hy kan tghots wees op my, want hy het sy kop van my ge-erghf!"

Om jou familiegeskiedenis na te speur is nie om 'n snob te wees nie. Elke gesin is 'n kerngedeelte van 'n familie en elke familie is deel van 'n nasie. Om te leer ken is om te leer waardeer en hoe sal ons nasietrots ontwikkel as ons ons familiebande verag en verkleineer?

Jeugherinneringe van oom Hennie Langenhoven ('n Uittreksel)

H.J.P. Langenhoven (geb. 1894) (b5c12d3), ca. 1980

As jy met die nasionale pad van Caledon of Kaap toe ry en jy draai by Botrivier links met Hermanus se pad, net voor jy by Kleinmond se pad kom wat regs wegdraai, dan is daar 'n plasie aan die linkerkant naby die pad. Daar is ek in 'n ou plaashuis gebore. So is dit aan my geleer toe ek groot genoeg was om dit te verstaan, maar toe woon ons al lankal op die eersvolgende plekkie regs van die pad wat aanhou Hermanus toe.

In die jaar 1901 is daar 'n skooltjie ongeveer 'n halfmyl van ons af opgerig, daar het ek vir die eerste keer geleer van 'n jaargetal. Daar was 'n muuralmanak van 1900 in die skool, toe moes ons leer om die laaste 0 te verander na 'n 1. Die onderwyseres was mrs Groenewald. Die plekkie waar die skool gestaan het se naam was Modderrasrivier, maar mrs Groenewald het hom terstond verdoop na Morningdale, omdat Modderrasrivier te verskriklik lelik is! Haar man oom Manie was tuiemaker van beroep.

Daar was groot kinders in die skool van seker nie jonger as 16 jaar nie en so al kleiner tot omtrent sewe jaar. Ekself was een van die jongstes. Daar was maar enkeles wat bietjie kon lees en skrywe. Sover ek kan onthou, het die ouers self gekies of hulle kinders Engels of Hollands moet leer. My ouers het Engels gekies en as rede is genoem dat as jy 'n kind eers Hollands leer dan kry jy Engels nie in sy kop in nie. Afrikaans het ons gepraat maar nog nie gelees of geskryf nie.

Toe ek die eerste van myself onthou was dit die tyd van die boere-oorlog. Ek onthou niks van die begin van die oorlog nie, maar van die einde onthou ek goed hoe die tyding versprei het dat die oorlog oor is. Gedurende die oorlog was dit in hierdie streek krygswet, eintlik meer bekend as "martial law". (Ek het selfs 'n klonkie geken wat in daardie tyd gebore is en die naam Martial Law gehad het.) Daar het in daardie tyd "Town Guards" rondgery, altyd twee bymekaar op ryperde, kakie-uniform en helm op die kop, koeëlgeweer agter die rug, met 'n band oor die een skouer en onder die ander arm deur, en 'n band patrone oorkruis met die geweer. O! en ek was tog vir die Town Guards so bang, ek het dit nie ver van die huis af alleen gewaag nie, te bang daar kan 'n paar van hulle aankom. As hulle daar aankom dan vra hulle altyd 'n menigte vrae en hulle skrywe alles op.

Een aand so teen sonder het daar ook twee van hulle opgedaag en 'n lot vrae gevra, onder andere vir my pa ook gevra hoeveel waens by het. Hy het nie 'n wa gehad nie, maar toe antwoord hy toe hy laaste getel het, was dit 99. Hulle is haastig om weg te kom en wil die regte antwoord hê, maar Pa hou vol daar was 99 toe hy laaste getel het. Eers het hulle al wat 'n vuurwapen is opgekommandeer en elke man moes 'n pas hê waar al jou bewegings van tyd tot tyd opgeteken en nagesien is deur die Town Guards. Toe die oorlog verby is en die krygswet opgehef, het die dinge weer na normaal teruggekeer.

Net in daardie tyd het daar by Palmietrivier se mond 'n skip gestrand wat met 'n vrag houtspoorwegdwarslêers van Knysna af Kaap toe gekom het. Die houte het by menigte daar uitgespoel. Die "Cape Government Railways" het dit toe na Botrivierstasie toe laat aanry vir 2/6 (2 sjelings en 6 pennies) stuk. Die transportryers val toe oor mekaar met die ossewaens en een ou, Jors Niemand, selfs met 'n span donkies. Sy bynaam was ook soos lig te begryp, Jors Donkie. My pa was met sy molwa ook onder die transportryers. Daardie pad tussen Botrivier en Palmietriviermond was toe nog geen stuk gemaakte pad nie, somaar getrapte pad, plek-plek met bossietakke riggemaak, ente bloksand en modderdriffies waar die wa halfspeek diep geloop het, maar dit gaan deur. Die osse moes lewe van die grassies wat van die uitspanplekke bereikbaar is. Die esels kry voer maar hulle moet weer soveel meer vragte lewer.

Toe die job klaar was, was Pa betrokke by 'n geploeëry in die Groenland naby Grabouw. My pa (b5c12) en Piet-Nefie se pa (b5c4d1) het toe 'n span esels saamgemaak. Die ploëry was vir die Bosboudepartement.

Omtrent Maart of April 1903 het ons Grabouw toe getrek. Op Grabouw het ons toe weer by 'n mr Malan skoolgegaan tot ons vroeg in die jaar 1904 daar weggetrek het en daar het ons skoolloopbaan toe ook ten einde geloop.

Sondagskool het ek nooit die voorreg gehad om by te woon nie, maar in die tyd wat ons by Botrivier gebly het, het daar op 'n dag 'n man gekom wat boeke verkoop en Pa het by hom 'n kinderbybel gekoop. Hy het elke aand vir ons in die kinderbybel gelees sodat ons op dié manier die Bybelgeskiedenis geleer het.

Van Grabouw af het ons toe getrek na die plaas Matjiesdrif so omtrent vyf myl van Caledon op die pad na Genadendal. Daar op Matjiesdrif het 'n los binder gelê, af van die masjien af. En daar was 'n klong op die plaas, heelwat groter as ons kinders, wat ons enige nonsens vertel het. Hy vertel ons dat die binder wat daar lê, is 'n masjien wat jy 'n span koeie voor inspan, dan trek hulle die masjien, hy sny die koring, dors dit uit, maal dit, bak die brood, melk die koeie, maak die botter, smeer die brood, en dan kom net botter en brood agter uit!

Ons het op hierdie plaas begin swaar werk. Ouboet het geploe en ek moes lei; van leisels ploë was daar nog nie tekens nie. Soggens moes ons vroeg begin. As dit dag word, moet die ploë loop en dan is dit vir jou koud en partykeer nog wit geryp. Draadheinings was nog net om die tuine gespan; daar was nog nie landekampe of lyndrade om die plase nie. Die vee moes dus opgepas word vandat die gesaides in die grond is totdat dit weer afgeoes is. Dit was my lot om die perde en esels op te pas en my broer Jannie

(b5c12d2) die varke. Toe my broer Hansie (d5) later groot genoeg was, het hy die varke gevat. Teen dié tyd het ons al 'n paar koeie ook gehad en toe moes ek hulle ook maar byvat. As die wa die dag ry dan was dit my voorreg om saam te ry want dan trek my span mos. Oestyd is dit weer masjien lei en dit gaan maar bietjie swaar voor ses esels en 'n selfbinder; die dag is lank en warm. Die eerste twee jaar het ons met 'n "Wood"-binder gesny wat vyf voet wyd kon sny. Dit het aan die baas van die plaas behoort. Oom Hansie Langenhoven (b5c5d6), wie se been later afgesit is, was die man wat met die masjien gesny het.

Daar het ons vroeg in 1906 gekom en in die loop van die jaar, as ek reg onthou in September, is my sustertjie dood na 'n groot operasie.

Daardie jaar het my pa 'n nuwe selfbinder gekoop, 'n sesvoet Deering. Die eerste twee jare was die oeste maar swak, maar die derde jaar was dit baie goed. Toe het die ou skuldjies en dinge wat agter geraak het weer alles reggekam.

Op Diepdrif het ons nog ag jaar gebly, daar het die meeste van ons eintlik grootgeword. Ma was baie lief daarvoor om 'n bietjie strand toe te gaan, gewoonlik so na die oes ingesamel en die graan weggery is. Kleinmond was in dié tyd nog 'n plaas, maar het geen produkte opgelewer nie. Daar was wel 'n huis en 'n buitegebou, maar die mense het nie daar gewoon nie en heelparty mense het daar op die gerieflikste plekkies uitgekamp in die somertyd. Dit was ook ons geliefkoosde strandoord. Dan word daar 'n tent opgeslaan en dan nogal van drie weke tot 'n maand of so, word daar gekamp. Gewoonlik is 'n paar hoenders saamgeneem om te slag en 'n mak varkie om die afvalkossies te verslind. Partykeer het ons selfs 'n paar koeie saamgeneem as die gras die jaar daar mooi is. Ons het ook baie plesier daar gehad; die jongklomp saans in die maanlig op die sand. Soos lig te begryp is, daar leer 'n man van daardie ouderdom iets by.

My eerste perd was 'n jong geel perdjie wat 'n mooi sterk perd geword het en die beste perd was wat ek ooit geken het of hy nou kar trek, voor die wa, ploeg of onder die saal was, hy was so mak soos 'n lam. Trapfietse (baaisiekels) het ons toe reeds gehad maar motors was toe nog 'n uitsondering. Ek het in meisies ook belang gestel, maar ek was ongelukkig nie baie populêr nie. Die grootste flaters het ek maar self gemaak.

In die begin van 1914 het ons na Diamant toe getrek. Ek het reeds in November 1913 vooruitgegaan om te oes. Die vendusie waarop my pa die plaas gekoop het, was op 22 Oktober 1913.

Ds A.G. du Toit was toe predikant op Swellendam en onder sy leiding het ek die Here Jesus as my Saligmaker aangeneem. Tydens my aanneming in 1915 was sy teks Joh. 6: 37, "Ek sal hom wat na my toe kom nooit uitwerp nie."

Ons Europese herkoms

In die biografie van C.J. Langenhoven deur J.C. Kannemeyer wat in 1995 deur Tafelberg uitgegee is, *Langenhoven – ’n lewe*, gee die skrywer ’n interessante oorsig oor die Europese herkoms van die Langenhoven-familie, gebaseer op hoofsaaklik die navorsing wat Guillaume Brümmer, kleinseun van die skrywer in 1960, tydens sy verblyf in Amsterdam vir sy doktorsale studie, spesiaal in Duinkerken gaan doen het.

Kannemeyer skryf dat Duinkerken veertien kilometer van die Belgiese grens in Frankryk geleë is, maar dat dit in die 1500's en 1600's soms in Engelse, soms in Franse en soms in Spaanse besit was. Hy beskryf Duinkerken as ’n “ware seerowersnes”. Brümmer kon die stamvader se pa en oupa en ander Langenhovens in die register van Katolieke geboortes terugspoor tot ongeveer die einde van die sewentiende eeu. Die rekords van die Gereformeerde kerk kon niks oplewer nie.

Kannemeyer¹ skryf: “Die vroegste Langenhoven op wie se naam Brümmer kon afkom, was Jean van Langenhoove, met twee o's gespel. [...] Die inskrywing is gedoen deur die Franse priester, wat dikwels onseker was oor die Vlaamse spelling en baie keer name verfrans het, soos Jan na Jean, Pieter na Pierre en Guilhelmus of Wilhelmus na Guillaume. Die geboortedatum van Jean van Langenhoove is onbekend, maar hy is tussen Junie 1693 en Maart 1694 oorlede. Ongeveer Junie 1687 is hy getroud met Marie Dirickxsen, lid van ’n talryke familie in die destydse Duinkerken. Of dit ’n tweede huwelik was, blyk nie uit die registers nie, maar hy was die vader van ses kinders van wie net een ’n nageslag opgelewer het. Hierdie kind was Jean Langenhove (nou met een o geskryf), gebore op 15 Januarie 1688 en getroud met Jeanne Ditters. Sy is in 1714 oorlede en daarna het hy in 1715 hertrou met Anne Suwers (of Suers). Uit sy eerste huwelik is twee kinders gebore. Die tweede kind is op 11 Augustus 1714 doodgebore en Jeanne Ditters het ’n dag later aan kraamkoors gesterf. [...] Uit Jean Langenhove se tweede huwelik is ook twee kinders gebore. Hulle moet eweneens vroeg gesterf het, want daar is geen dokumentêre besonderhede oor hulle nageslag of sterfdatums nie. Anders as sy vader was hierdie Jean ongeletterd en ’n groot deel van sy lewe ’n matroos. Of hy deel van die Duinkerkse seerowersnes uitgemaak het, is egter onbekend. Hy is in elk geval op hoë ouderdom op 20 Oktober 1760 in sy huis in die Rue Royale 37 oorlede, die woning wat blykbaar vóór en ná hom die tuiste van die Duinkerkse Langenhovens was.

“Die oorlewende eerste kind uit Jean II se eerste huwelik was Guillaume Jean Langenhove, wat op 5 Desember 1712 gebore is, eers werksaam as garçon cordonnier (leerlingskoenmaker) en later as maître cordonnier (gekwalifiseerde skoenmaker). Hy het agtereenvolgens in die Écluse de Bergues en later die Rue de Sourbise in Duinkerken gewoon. Sy naam het hy geteken as Guilielmus Langhenoue en vir Brümmer het sy skrif ’n verstommende ooreenkoms getoon met dié van Engela, C.J. Langenhoven se enigste dogter en Brümmer se moeder. Oor sy eerste huwelik is niks bekend nie, maar hy het later hertrou met Catherine Jeanne Cappoen, wat op 24 September 1724 gebore is en eers op 22 November 1816, dus in die rype ouderdom van 92 jaar en twee maande, oorlede is. Sy was die dogter van die bierbrouer Francois Cappoen en Jean-Marie Burtels en het, waarskynlik na haar man en skoonvader se dood, in die Langenhoven-familiewoning in die Rue Royale gaan woon, waar sy ook gesterf het.

“Uit Guillaume Jean se tweede huwelik is sewe kinders gebore. Van hulle is drie definitief klein dood, terwyl twee se sterfdatums nie bekend is nie. Vermoedelik is hulle ook klein dood, want die betrokke register bevat geen inligting oor hulle nageslag nie. Oor die tweede kind uit die huwelik, Charles Joseph, is slegs bekend dat hy in 1761 gebore is en ná 1815 gesterf het. Die enigste oorlewende van wie ons iets weet, is Pierre Guillaume, gebore 17 Oktober 1755. [...] Alle omstandighedsgetuieis dui daarop dat hy die stamvader was.

“Die ongeletterde matroos het trekke van ’n wilde loot in die stamboom, maar origens wil dit voorkom of die Duinkerkse Langenhovens goeie Vlaminge was. Die inwoners van die stad het in die sewentiende en agtiende eeu ’n Wes-Nederfrankiese dialek gepraat, alhoewel dit ná die dekreet van Lodewyk XIV in 1662 tot kombuistaal gereduseer is. Blykbaar was die skoenmaker Guillaume goed tweetalig en het hy ’n neiging gehad om met Franse vriende om te gaan en in die sosiaal hoër Franse geselskap van Duinkerken te probeer klim. Sy seun, Pierre Guillaume, moes dus ’n groot klap Frans weggehad het. Daarby wyk die Duinkerkse Vlaams met sy talle Franse leenwoorde, wat hy as kombuis-moedertaal gehad het, só sterk af van die “algemeen-beskaafde” Vlaams en die Hollands van die Kaapse koloniste dat dit ruimskoots die oorgelewerde aanname verklaar dat ou Piet Fransman Hollands krom gepraat het, soos C.J. Langenhoven dan ook beweer. Dat hy ’n volbloed-Fransman was, is in elk geval te betwyfel.”

Die betekenis van die naam Langenhoven is lang erf (lang hoewe) en dit is waarskynlik soos baie ander Afrikaanse vanne ’n pleknaam.²

¹ Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven – ’n lewe*. Kaapstad: Tafelberg, bl. 79 en verder.

² Pama C 1983: 199. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*. Human & Rousseau.





Diagram van die Duinkerke Langenhovens³



Handtekening van die Stamvader, Pierre Guillaume. Let op dat hy sy van met twee o's spel!

³ Volgens die diagram in Kannemeyer, J.C., 1995, *Langenhoven – 'n lewe*, Kaapstad: Tafelberg, bl. 81.

Die Suid-Afrikaanse stamvader en sy nege kinders

Pierre Guillaume (Pieter Wilhelmus) **LANGENHOVEN** ("Piet Fransman") * 17.10.1755 † 10.6.1824 x Kaapstad 16.9.1792 Johanna Catharina **LÖTZ** ~ Kaapstad 14.8.1772 † Caledon 8.7.1850. Piet Fransman, die stamvader, het van Duinkerken in Frankryk gekom. Die Franse naam Pierre se ekwivalent in Nederlands en Afrikaans is Pieter, en die Franse naam Guillaume is Wilhelm in Nederlands en Afrikaans.

Piet Fransman kom in 1774 in die Kaap aan, 'n 19-jarige soldaat aan boord van "'t Huys Om". Hy verlaat die diens op 19 Oktober 1791. Wat die aard van sy werk as soldaat gedurende hierdie 17 jaar was, is onbekend. 'n Jaar later trou hy in Kaapstad. Sy vrou was die dogter van Johan Willem Lotz en Elizabeth Maria Ras van Witmund. Hy werk vir meer as 20 jaar as "kloofmaker" terwyl hulle die "Colonies huys" bewoon naby die huidige Sir Lowry's pas. Toe hy in 1824 te sterwe kom, het sy weduwee die moeilike werk voortgesit. Einde 1825 kry sy die kontrak teen 1380 riksdalders per jaar. Eenkeer is sy met Rds 100 beboet omdat sy haar pligte nie na behore kon nakom nie en tussen die stukke van die Kerkraad van Somerset-Wes is daar 'n briefie uit 1844 waarin sy geldelike steun in haar nood vra. Vanweë die "geringe inkomst van de Kerke Kas" kon die raad haar slegs 'n geskenk van een pond gee. Sy is in 1850 in Caledon oorlede. Nege kinders is uit die huwelik gebore (b1 – b9). Van die vyf Langenhovenseuns is daar slegs getuie dat twee van hulle 'n nageslag nagelaat het. Twee van die drie wat oorbly, is waarskynlik op jeugdige ouderdom oorlede, aangesien die kerkargief se huweliksregister niks oor hulle opgelewer het nie. Die derde seun is wel getroud met 'n nooie Schultz. Oor sy moontlike nageslag word 'n opmerking by b4 hieronder gemaak. Die stamvader en sy gesin was kerkmense want behalwe die feit dat al sy kinders gedoop is, het hulle ook in die gemeentes van Stellenbosch en Somerset-Wes gekatkiiseer en is aangeneem.

- b1 Wilhelm Pieter ~ Kaapstad 25.8.1793. Waarskynlik jonk dood.
- b2 Petronella Hendrika Francina ~ Stellenbosch 23.11.1794 x Somerset-Wes 12.6.1825 (3.7.1825?) Pieter Frederik **STERREBERG**. Minstens 4 kinders word gebore.
 - [c1] Pieter Gilhelmus Langenhoven **STERREBERG** * 15.1827 ~ Kaapstad 28.1.1829
 - [c2] Johanna Catharina Philippina **STERREBERG** * 8.7.1829 ~ Somerset-Wes 4.10.1830 x Caledon 22.12.1852 George Edward **TRUBY**.
 - [c3] Petronella Hendrika Francina **STERREBERG** * 15.8.1835 ~ Somerset-Wes 25.1.1836
 - [c4] Carel Johannes **STERREBERG** * 15.2.1838 ~ Somerset-Wes 15.7.1838
- b3 Carel Johannes ~ Kaapstad 6.5.1798. Waarskynlik jonk dood.
- b4 Guillaume Jacobus Franciscus Johannes ~ Stellenbosch 8.2.1801 x Lutherse Kerk, Kaapstad 20.2.1825 Catharina Johanna **SCHULTZ**. (Moontlik een seun, sien die doopregister van Mosselbaai):
 - c1 Pieter Gelhelm * 16.7.1842 ~ Mosselbaai 24.8.1845. (In die doopregister staan die name van die vader en moeder nie op die gebruikelike plek nie, maar b4 en sy vrou is onder die doopgetuies aangeteken. Tog het die kind die Langenhoven-familienamie gekry. Dit is effens raaiselagtig, want as dit hulle seuntjie is, is hy sowat 17 jaar na die huwelik eers gebore. Die seuntjie se geboortedatum pas ook nie in tussen die geboortedatums van b4 se broerskinders, b5 of b8, nie, anders sou mens kon postuleer dat hy dalk een van hulle kinders kon wees. Dit is seker moontlik dat die kind aangeneem is. Daar is verder geen ander getuie wat daarop dui dat hierdie seun grootgeword of getrou het nie.
- b5 Eliza Marthinus * Stellenbosch 25.11.1802 † 4.11.1888 x Somerset-Wes 3.5.1834 Christina Maria Jacoba **FABRICIUS** * 12.8.1816 † 4 of 5.11.1893, d.v. Johann Gottfried Fabricius ~ Lutherse kerk 10.7.1785 x Stellenbosch 8.11.1807 met Carolina Wilhelmina de Vos ~ 4.11.1790. (12 k). Die nageslag van b5 word volledig bespreek hieronder (vanaf bladsy 12), dit is die Eliza Marthinus-tak.
- b6 Wilhelmina Susanna Sophia x Somerset-Wes 3.7.1825 Cornelis Pieter **VAN NIEKERK** ~16.8.1801.
 - [c1] Cornelis Pieter **VAN NIEKERK** * 10.10.1825 ~ Somerset-Wes 11.12.1825.
 - [c2] Johanna Catharina **VAN NIEKERK** * 12.11.1827 ~ Somerset-Wes 9.12.1827.
 - [c3] Johanna Carolina **VAN NIEKERK** * 24.8.1829 ~ Somerset-Wes 13.9.1829.
- b7 Cato Carolina Johanna * Swellendam 26.1.1809 ~ Swellendam 20.4.1809.
- b8 Philip Hendrik Morkel * Somerset-wes 19.1.1812 ~ Swellendam 19.7.1812 † Hamelkop, Mosselbaai 12.7.1888⁴ x George 7.7.1833 Magretha Maria **VAN KOPPEN** * Hartebeeskraal, Mosselbaai 1808 † Hamelkop 25.5.1877.⁵ Margaretha was 'n dogter van Philippus Johannes van Koppen en Elizabeth Maria Thuyn. Philip en Margaretha was eienaars van die helfte van die plaas Hamelkop en 'n deeltjie van Moordkuil in die Mosselbaaidistrik. Die nageslag van b8 word volledig bespreek vanaf bladsy ongeveer 60, dit is die Philip Hendrik Morkel-tak.
- b9 Sara Martina Catharina Theunissina * 19.1.1815 ~ Stellenbosch 16.2.1815.

⁴ ARW: MOOC 1888 6/9/258, nr. 1266.


⁵ ARW: MOOC 1877 6/9/160, nr. 4223.

Stamboomdiagram

Die stamvader, sy kinders, kleinkinders en agterkleinkinders


Pierre Guillaume LANGENHOVEN

* 17.10.1755 † 10.6.1824 x 16.9.1792 Johanna Catharina LÖTZ † 8.7.1850.



Die Eliza Marthinus-tak (b5)

- b5 Eliza Marthinus * Stellenbosch 25.11.1802 † 4.11.1888 x Somerset-Wes 3.5.1834 Christina Maria Jacoba **FABRICIUS** * 12.8.1816 † 4 of 5.11.1893 (12 k). Daar is min inligting oor Eliza Marthinus en miskien kan iemand nog na sy spore gaan soek in die Kaapse argief. Oor sy vrou, Christina, is daar weliswaar 'n interessante brokkie wat haar herkoms betref. Sy was naamlik 'n kleindogter uit die huwelik van Johann Paul Gottfried Fabricius met die slavin, Rosina van die Kaap. Christina se Fabricius-oupa en -ouma is volgens die rekords van die Lutherse Kerk eers in 1787 in die Kaap wettig getroud nadat hulle vanaf 1773 reeds vier kinders gehad het! Hulle vierde kind, ook Johann Gottfried, is gedoop in die Lutherse kerk, Kaapstad, op 10.7.1785. Hy was Christina se vader en haar moeder was Carolina Wilhelmina de Vos ~ 4.11.1790.⁴



b5 Eliza Marthinus Langenhoven (1802-1888)
en Christina Maria Fabricius (1816-1893)

- c1 Carolina Wilhelmina * 8.4.1835 ~ Somerset-Wes 3.5.1835 † op 'n jeugdige ouderdom.
- c2 Johanna Catharina Jacoba * 31.1.1837 ~ Somerset-Wes 2.4.1837 x Thomas William Seymour **LE MAITRE**. Hy was 'n skoolmeester.
- [d1] Christina Maria Jacoba **LE MAITRE** * Houwhoek 18.5.1862 ~ Caledon 6.7.1862
- [d2] Charlotte Jane Caroline **LE MAITRE** * 8.9.1863 ~ Caledon 29.11.1863 x Pieter Abraham Jacobus **RYKE**. Hulle was neef en niggie, vergelyk c3[d2] hieronder.
- [d3] Thomas William Seymour **LE MAITRE** * 22.7.1865 ~ Somerset-Wes 1.11.1865
- [d4] Mary Jane **LE MAITRE** * 17.2.1870 ~ Colesberg 1.5.1870
- [d5] Eliza Marthinus **LE MAITRE** * 17.12.1871 ~ Colesberg 31.3.1872 x Catharina Aletta Maria **PRINS** † Heidelberg KP 26.10.1900 d.v. Frans E Prins en Cornelia Aletta Lee.
- c3 Christina Elizabeth * 16.3.1839 ~ Caledon 6.4.1839 † Grabouw 2.5.1912 x 17.1.1860 Pieter Abraham Jacobus **RYKE** * Amsterdam, Nederland 16.7.1833, arriveer 1853, † Kaapstad 9.7.1914 (±). Hierdie Ryke het van Amsterdam na die Kaap gekom en was die stamvader van die Ryke-familie in ons land. By sy tweede vrou het hy 'n verdere 9 kinders gehad. 'n Bekende afstammeling was prof PAJ Ryke, die befaamde dierkundige van Potchefstroom.
- [d1] Christina Maria Jacoba **RYKE** * Palmietrivier 14.11.1860 ~ Napier 21.1.1861 † 16.4.1955 Ω Riviersonderend x Eliza Marthinus **LANGENHOVEN** * 25.2.1864. Hulle was neef en niggie, vergelyk c4d1 hieronder.
- [d2] Pieter Abraham Jacobus **RYKE** * Palmietrivier ~ Napier 27.4.1862 † Grabouw 1.7.1923 x Charlotte Jane **LE MAITRE** * 7.9.1863 (of 8 Sep?) † 7.1.1948. Hulle was neef en niggie, vergelyk c2[d2] hierbo.
- [d3] Eliza Marthinus **RYKE** * Palmietrivier † Maitland 19.11.1942 x Sophia **GOETZ**.
- c4 Pieter Gehelmus Johannes * 11.4.1841 ~ Caledon 24.9.1841 x Hopefield 2.2.1863 Anna Christina **EIBERG** * Kaapstad 3.2.1831 ~ Malmesbury 24.5.1831 † Brakfontein, Caledon 15.1.1918⁶ (3 k), d.v. Bartholomeus Hendrikus Eiberg * 1.7.1801 en Maria Mathilda Francina Jantzen.
- d1 Eliza Marthinus (*Eli*) * 25.2.1864 ~ Hopefield 4.9.1864 † 29.7.1953 Ω Riviersonderend x Christina Maria Jacoba **RYKE** (*Kittie*) * 14.11.1860 † 16.4.1955 (4 k). Hulle was neef en niggie, vergelyk

⁶ ARW: HAWC 1/3/4/5/3, nr. 20/1918

c3[d1] hierbo. (Eli se neefs, c12 se kinders, het hom altyd Nefie genoem omdat hy soveel ouer as hulle was en hulle hom nie op sy voor naam wou aanspreek nie. Hulle was eintlik sy seun Pietjie se portuurs en vriende.) Daar is min bekend oor hulle vroeë lewensloop maar hulle het rondom die jaar 1900 op Grabouw gewoon waar hy 'n winkeltjie bedryf het wat hy in 1903 aan sy pa se broer Hendrik (c12) verkoop en Greyton toe getrek het. Daar word vertel dat hy daar ook 'n winkeltjie op die been gebring het waar hy onder meer vis verkoop het wat hy natuurlik by die naaste kusdorpe kon gaan inkoop.

Die oumense het altyd van die Groenland en Palmietrivier in plaas van Grabouw gepraat. Ouma Kittie het vir haar kleinkinders vertel dat hulle nie kan saampraat oor danspartytjies nie. Sy het gesê as hulle met die perdekar van die dans af terugkeer oor Hou'k se berg (Houwhoek) dan kom die son op!

Toe oom Eli en tant Kittie reeds bejaard was, het hulle by hulle oudste seun, Pietjie, ingewoon. En beide is by hom aan huis oorlede waar hy op Riviersonderend gewoon het. Pietjie se oudste kinders was nie meer in die huis nie, maar Kerneels, die jongste, onthou nog sy bejaarde oupa en ouma uit sy vroeë kinderdae, en vertel 'n paar vermaaklike staaltjies oor hulle: "Daar was 'n reëling dat die meisiekinders beurte maak om soggens sesuur vir Oupa en Ouma koffie in die bed te neem en behoede hulle as die koffie laat was. Die koffie-aflewering het altyd dieselfde patroon gevolg: 'Môre Oupa, môre Ouma.' 'Môre my kind, sit maar neer.' My sussie is skaars uit die kamer uit, dan hoor jy hulle weer snork. Dan skrik hulle so teen seweur wakker en dan hoor mens die koppies se geklingel en dan Ouma se verwyf: 'Die koffie is weer yskoud vanmôre.'"

"Ouma was vol dinge en Oupa moes haar gelukkig hou. Ouma het graag lekkers geëet en wanneer sy te veel daarvan in het, sê sy vir Oupa: 'My maag is nou so soet, ek moet iets souts kry om te eet. Dan loop Oupa slaghuis toe en gaan koop vir haar biltong. Dan eet sy daarvan ook te veel en dan kla sy: 'My maag is nou so pekel, ek moet iets kry om te drink.' Dan moet Oupa gaan water haal of reël vir koffie. Ander kere sê sy: 'My maag is nou so uitgevars dat ek naar is,' dan moet Oupa vir haar weer 'n soutigheidjie bring."⁷

e1 Christina Elizabeth (*Bettie*) * 27.9.1890 ~ Somerset-Wes 16.11.1890. Oorlede op die ouderdom van sowat ses jaar nadat sy in haar bedjie deur 'n slang gepik is. As die familie die storie oorvertel, het hulle altyd na haar verwys as "oorlede Bettie".

e2 Pieter Gehelmus Johannes (*Pietjie*) * Somerset-Wes 1.5.1892 ~ Somerset-Wes 10.7.1892 † Montagu 23.4.1965 Ω Riviersonderend x Maria Gloudina **ITTER** (*Mimie*) * Caledon 22.6.1899 † Kaapstad 13.6.1959 Ω Riviersonderend (14 k) xx Caledon 22.1.1960 Anna Johanna **VAN EEDEN** * 17.1.1905 † 4.10.1986 Ω Riviersonderend. Pietjie het aanvanklik vir majoor P.K. van der Bijl, destydse volksraadslid vir Caledon, op sy plaas Appelsdrif naby Napier, as deelsaaier geboer. Daarvandaan is hy na Soetmelksvlei in die wyk Lindeshof naby Riviersonderend. Daar het hy twee stukkies aanliggende grond gekoop waarop hy vir homself kon boer. Sy vrou se familie was welgesteld en dit is moontlik dat sy 'n erfposie gekry het toe haar ouers oorlede is waarmee hy 'n deel van Soetmelksvlei kon koop. Toe die meeste van sy kinders reeds die huis verlaat het, het hulle die grond verkoop om op Riviersonderend te gaan woon waar hy die woonhuis van 'n mediese dokter van die dorp, dr. Slabbert, gekoop het.⁸

Na tannie Mimie se dood en nadat hy 'n tweede maal getroud is, het hy 'n klein plasie by Montagu gekoop waarheen hulle toe getrek het, maar hy was reeds siek met maagkanker en is enkele jare later daar oorlede.

f1 Eliza Marthinus (*Eli*) * Villiersdorp 9.9.1918 † 3.8.2009 Ω Riviersonderend x Plooyburg 26.8.1946 Anna Judith Gertruida **BEUKES** (*Anna*) * Appelskraal, Swellendam 31.3.1927. Eli gaan skool op Greyton en Fairfield (Bredasdorp). Hy boer op Soetmelksvlei (Riviersonderend), en Nuwedam en Heuningneskloof (Kimberley). Afgetree op Riviersonderend.

g1 Sophia Magrieta (*Bossie*) * Soetmelksvlei, Caledon 23.11.1947 x Bloemfontein 12.4.1969 Christo **DU PLESSIS** * Vereeniging 11.9.1942 (2 s en 1 d).

[h1] Christo **DU PLESSIS** * 14.6.1972.

[h2] Julandi **DU PLESSIS** * 25.2.1976.

[h3] Elmar **DU PLESSIS** * _____

g2 Pieter (*Piet*) * Soetmelksvlei 16.2.1949 x Bloemfontein 24.12.1971 Erna **OBES** * Ladysmith 6.11.1952. Pieter gaan skool op Jacobsdal. Werk vir waterwese in Orania.

h1 René * Oshakati 19.5.1976.

h2 Carel * Oshakati 22.3.1978.

⁷ Langenhoven, C. 2016. Eskapades van Kerneels Langenhoven. Krugersdorp. Bladsy 7-8.

⁸ Onderhoud: Langenhoven, Kerneels, 10 Nov 2022.

- g3 Jan Christiaan (*Jan*) * Soetmelksvlei 23.5.1950 x Kimberley, Julie 1971 Johanna Maria Jacoba **ROUX** (*Hannatjie*) * Philippolis 23.10.1956. Jan gaan skool op Jacobsdal. Werk vir waterwese in Orania.
 h1 Eliza Marthinus (*Tinus*) * Kimberley 14.10.1971.
 h2 Marietjie * Kimberley 5.11.1977.
- g4 Eliza Marthinus (*Tienie*) * Soetmelksvlei 11.4.1952 x Jacobsdal 28.9.1974 Maryna **ODENDAAL** * Luckhoff 4.8.1954. Tienie gaan skool op Jacobsdal. Hy boer op Nuwedam, Langdam en Geluk.
 h1 Marilese * Kimberley 1.8.1975.
 h2 Maryna * Kimberley 1.8.1976.
- g5 Wessel Johannes (*Wessel*) * Nuwedam 27.1.1959. Wessel gaan skool op Jacobsdal en hy boer op Nuwedam en Geluk.
- g6 Maria Gloudina (*Miekie*) * Nuwedam 5.5.1960 x 22.12.1979 Pienaar **BRITZ** * Dundee 4.8.1957.
- g7 Annelie * Nuwedam 29.4.1967.
- f2 Georg Jakob (*Okkie*) * 22.2.1920 † 8.8.2014 (94½ jaar) Ω Greyton x 13.7.1948 Sara Johanna **HUMAN** (*Sarona*) * Bonnievale 12.1.1929 † Bellville 25.2.2011 Ω Greyton (10 k). Sarona was die d.v. Mattheus Casparus van Blommenstein Human (*Mattewis*) * 5.1.1886 en Sarah Johanna Human * 21.9.1889. Okkie-hulle het jare lank op Soetendalsvallei by Soetmelksvlei, Riviersonderend, geboer. Hulle tree in 1980 af en gaan woon op Riviersonderend tot 2003 waarna hulle Bellville toe getrek het. Okkie woon later by sy seun Klaas aan huis. Hy het selfs op sy oudag steeds bly "boer" al het sy grond tot 'n erf in die dorp gekrimp.

Okkie se jongste boetie, Kerneels (f14), vertel dat hy (Kerneels) pas op Queenstown ingetrek het, toe die gemeentepredikant vir hom vra of hy dalk oom Okkie van Greyton ken. Kerneels sê dis sy broer. Die dominee sê: "Het jy al ooit vir oom Okkie hoor bid? Ek het nog nooit weer 'n mens raakgeloop wat soos oom Okkie kan bid nie."⁹



Sarona en Okkie (f2) ...



... en agt van hulle kinders

- g1 Pieter Gehelmis (*Piet*) * Greyton 16.8.1949 x Robertson 2.1.1974 Maria Susanna **BADENHORST** (*Riana*) * 5.8.1958 d.v. Casparus Hendrik Badenhorst en Johanna Elizabeth Swart (*Joanie*). Hulle woon op Villiersdorp waar hy by watervoorsiening betrokke is. (2 s en 2 d).
 h1 Johanna Elizabeth (*Joanie*) * Montagu 27.7.1974 x Villiersdorp 28.6.1997 Willem Johan **SLABBER** (*Johan*).
 [i1] Wian **SLABBER** * Worcester 1.3.2011.
 h2 Sara Johanna (*Ohna*) * Caledon 3.7.1977 x Villiersdorp 15.12.2007 Dederique **BOTES**.
 [i1] Annemarie **BOTES** * Paarl 10.2.2001.
 [i2] Frederik Hendrik Petrus **BOTES** * 31.10.2002.
 h3 George Jakob (*George*) * Caledon 27.12.1980.
 h4 Casparus Hendrik (*Hein*) * Ceres 19.6.1983.
- g2 Mattheus Human (*Mattewis*) (Ds.) * Soetmelksvlei, Lindeshof 17.11.1950 x Windhoek 9.12.1972 Elizabeth Jacoba **OPPERMAN** (*Bessie*) * 3.12.1940. Hy begin sy skoolloopbaan op Soetmelksvlei, se plaasskool en matrikuleer op Worcester aan die HTS Drostyd. Kwalifiseer as predikant aan die kweekskool van die Universiteit van Stellenbosch. Tans in die bediening in Port Elizabeth.
 h1 Georg Jakob (*Org*) * Stellenbosch 25.9.1974 x 3.4.1999 Annelie **GREYLING**.
 i1 Mattheüs Human * 13.12.2001.

⁹ Langenhoven, C. 2016. Eskapades van Kerneels Langenhoven. Krugersdorp. Bladsy 107.

- i2 Reinhard Hendrik * 29.3.2010.
- h2 Albert Filippus (*Albert*) * Stellenbosch 3.12.1976 x 20.5.2000 Zuretha **AVIS**, d.v. Eddie en Colleen Avis. Albert en sy gesin woon in Kanada.
- i1 Corlia * 5.5.2005.
- i2 Eliska * 1.8.2006.
- h3 Marius Human (*Marius*) * Stellenbosch 22.5.1979 x 7.4.2007 Adéle **VAN NIEKERK**.
- i1 Durand Marius * 19.9.2012.
- g3 Sara Johanna (*Sarie*) * Greyton 31.3.1952. Sarie het tydens geboorte breinskade opgedoen en haar ouers het haar vir 56 jaar toegewyd opgepas voordat sy in 'n tehuis vir bejaardes opgeneem is.
- g4 Georg Jakob (*Oubaas*) * Greyton 15.6.1953 † Caledon 19.2.1973 (kanker) Ω Greyton.
- g5 Maria Gloudina (*Miemie*) * Soetmelksvlei 22.8.1954 x Greyton 3.7.1976 Johan **WEIDEMAN**. * 22.12.1952, s.v. Melius en Marie Weideman. Miemie het as 'n verpleegsuster gekwalifiseer en werk reeds baie jare as klinieksuster/bestuurder te Kimberley.
- [h1] Sara Johanna **WEIDEMAN** (*Sonja*) * 27.4.1980 x 18.10.2008 Cameron **BROWN** * 22.4.1978.
- [h2] Melius **WEIDEMAN** * 26.9.1984 x 30.3.2013 Joline _____ * 8.11.1983.
- g6 Matthys Johannes (*Thys*) * Greyton 16.5.1956 x 11.12.1982 Stefanie **VAN ZYL** (*Steffie*) * 27.7.1956. Thys is in die besproeiingsbedryf en werksaam by Andrag te Upington.
- h1 Madré * Upington 14.7.1984 x Kobus Kugner **STEYN** (*Kobus*)
- i1 Marco **STEYN** * 28.12.2011.
- g7 Eliza Marthinus (*Lisa*) * Caledon 31.10.1959 x 24.3.1984 Marthie **DE WET** * Robertson 4.9.1961. Lisa werk in Bellville in die besproeiingsbedryf.
- h1 Jako * Bellville 27.5.1985.
- h2 Danieta * Bellville 19.8.1987.
- g8 Elizabeth (*Lisbie*) * Caledon 30.5.1961 x 27.11.1982 Albertus **PRINS** (*Bertus*) * 29.11.1960, s.v. Phillip en Marie Prins. Bertus was 'n Polisieman, maar na vroeë aftrede bedryf hy nou (2013) sy eie tuindiensteonderneming te Franskraal. Lisbie het in die bank gewerk, maar help met die boekwerk van die besigheid.
- [h1] Phillip **PRINS** * Bellville 21.7.1997.
- [h2] Jacques **PRINS** * Bellville 9.11.1998.
- g9 Nicolaas Blom (*Klaas*) * Caledon 13.11.1962 x 16.12.2000 Monica **OLIVIER** * 2.8.1971, d.v. Johan en Diana Olivier. Klaas werk reeds lank in die Staatsdiens, aanvanklik by die Tesourie en tans (2013) by Openbare Werke vir die Provinsie Wes-Kaap.
- h1 Diana * Durbanville 23.12.2002.
- h2 Ockert * Durbanville 10.6.2005.
- g10 Stefanus Gunter (*Faan*) * Caledon 31.1.1964 x 9.12.1989 Johanna Jacoba **LABUSCHAGNE** (*Kotie*) * 1.11.1964. Faan het 'n ambag in instrumentasie gedoen en bestuur tans (2013) sy eie onderneming in die bedryf.
- h1 Maryke * Bellville 15.10.1999.
- h2 Stefan * Bellville 1.11.2002.
- f3 Pieter Gehelmus (*Petsie*) * 10.6.1922 † 26.2.1995 Ω Riviersonderend x Riviersonderend 15.3.1947 Christiaan Antonie **GROENEWALD** (*Christa*) * 2.1.1928. Pets was aanvanklik 'n motorwerktuigkundige by Van Dyks-garage op Riviersonderend en het later baie jare by 'n tinmyn in die Brandberg in Namibië gewerk. Hulle het op Riviersonderend kom aftree. Die kinders is Namibiërs.
- g1 Susanna * 29.1.1949 † 15.11.1950.
- g2 Maria * 20.2.1952 x 8.10.1971 Christiaan David **MALAN** (2 k).
- [h1] Elton **MALAN** * 9.12.1976.
- [h2] Zonika **MALAN** * 25.10.1978.
- g3 Pieter * 31.3.1955 x 19.3.1977 Maria **ENGELBRECHT**.
- h1 Maryna * 18.8.1977.
- h2 Christelle * 1982 x **RAS**.
- g4 Christiaan (*Toetoe*) * Omaruru 18.4.1958 x Swakopmund 2.6.1979 Francina Catharina Elizabeth **SNYMAN** (*Elize*) * Tsumeb 31.10.1960. Toetoe het skoolgegaan op Walvisbaai. Hy was later 'n drywer op die spoorweë in Walvisbaai.
- g5 Johannes (*Duif*) * 21.3.1961 x _____

- g6 Antoinette * 29.3.1965 x _____ (÷) x _____ (÷)
 g7 Ida * 1.10.1967 x _____
- f4 Elizabeth Johanna (*Bettie*) * 9.8.1923 † Worcester _____ x 17.9.1946 Hendrik Jakobus **BEUKES** (*Hentas*) * 21.2.1913 † Worcester _____ (1 s en 3 d). Hentas was 'n voorman op 'n uitvoerdruwe-plaas by De Doorns. Hulle het op Soetmelksvlei ook gewoon. Hulle het afgetree op Worcester.
 [g1] Hendrik Jacobus **BEUKES** (*Kobus*) * 15.9.1949 x 1.7.1978 Joan Petro **DU TOIT** * 6.4.1956 (3 k).
 [g2] Maria **BEUKES** (*Marietjie*) * 2.8.1951 x 22.2.1978 Franz R. **VON DÜRING** * 27.6.1947 (2 s).
 [g3] Elisabet Joahanna **BEUKES** (*Elna*) * 13.1.1953 x 8.3.1975 Diederik Rudolph **DELPORT** * 9.9.19__ (5 k: o.a. Jaco en Charl).
 [g4] Anna-Maré **BEUKES** * 30.5.1960 x _____ (÷)(geen k).
- f5 Christina Maria Jacoba (*Chrissie*) * 14.1.1925 † Bloemfontein _____ x 24.4.1948 Michiel Hendrik Albertus **PRINS** (*Michiel*) * 27.12.1921 † Newcastle _____ (3 k). Michiel kwalifiseer as passer en draaier. Hy werk onder meer op Piketberg (sementfabriek), Stompneusbaai (visfabriek), Worcester (Evkom) en Namibië (Swawek). Afgetree op Newcastle.
 [g1] Michiel **PRINS** (*Basie*) * 17.7.1950 x 20.12.1975 Anet **PENTZ** * 29.12.1954. Praktiseer eers as mediese dokter op Newcastle en later 'n mediese spesialis in Bloemfontein (1 s en 2 d).
 [g2] Maritha **PRINS** (*Maria*) * 29.9.1952 x 5.7.1980 Chris **CUCCIOLILLO** (*Kulu*) (2 d).
 [g3] Christa **PRINS** * 18.11.1957 x Louis **JORDAAN** (÷) (1 d en 1 s).
- f6 Stefanus Gunter (*Faan*) * Appelsdrift, Napier 12.12.1927 † Worcester _____ x Riviersonderend 8.9.1956 Elizabeth Katharina Christina **GERBER** (*Bettie*) * 20.4.1933 † Worcester _____. Hy was 'n boekhouer op o.m. Riviersonderend en Rawsonville.
 g1 Pieter * 29.10.1957 x 27.6.1981 Aletta **VAN DER MERWE** * 16.1.1959.
 h1 Nicoline * 30.4.1983.
 h2 S.G. * 16.9.1986.
 g2 Francina * 25.5.1960 x 12.1.1985 Cornelis Uys **SNYDERS** (*Uys*).
 [h1] Lizka **SNYDERS** * 13.2.1988.
 [h2] Johann Heinrich **SNYDERS** (*Heinie*) * 5.6.1992.
 g3 Beneke * 22.7.1966 x Kathleen **PERKS** (*Kathy*) † 2003.
 h1 Chantelle * 25.4.2000.
- f7 Bartholomeus Hendrikus (*Bartel*) * Greyton 6.8.1929 x Ladismith 31.10.1953 Hendrika Wilhelmina **MEYER** (*Driekie*) * Kruisvallei, Knysna 18.11.1929. Bartel gaan skool op Lindeshof, Riviersonderend, en matrikuleer later in Villiersdorp. Hy voltooi sy opleiding by die S.A.P.-Kollege in Pretoria. Doen daarna alle polisie-bevorderingseksamens. Word later 'n majoor van die S.A.P. in Pretoria. Bartel speel 25 jaar lank verteenwoordigende rugby.
 g1 Weda * Clocolan 26.2.1956 x Pretoria 29.3.1980 Gary Yorke **WORTHINGTON** (*Gary*) * Laer Umfolozi 29.11.1954 (2 k #).
 [h1] Hendri Yorke **WORTHINGTON** * 8.7.1986.
 [h2] Hazel **WORTHINGTON** * 1.6.1989.
 g2 Mariëtte * Welkom 2.6.1960 x Johan Christian **VOGEL** * Benoni 21.1.1958 † 27.6.1996 (2 s en 1 d).
 [h1] Adolph Jurgens **VOGEL** * 31.12.1984.
 [h2] Nadine **VOGEL** * 2.4.1987.
 [h3] Barho Hendrik **VOGEL** * 15.9.1988.
- f8 Maria Gloudina (*Marietjie/Miemie/Patrys*) * Caledon 20.6.1931 x Riviersonderend 15.12.1956 Petrus Jacobus **VOLLGRAAFF** (*Billie*) * Newcastle 7.8.1930 (1 s). Billie het in die landdroskantoor op Calvinia begin werk en was later self 'n landdros op verskeie standplase, o.m. Delmas en Springs. Afgetree op Rheeboek.
 [g1] Carl **VOLLGRAAF** * 13.6.1959 x Petro _____ (2 k) xx Justina _____ (1 s).
- f9 Anna Christina (*Anna*) * 14.6.1933 x Charles Joseph Henry **HARRIS** (*Charlie*) (wewenaar) * 13.5.1921 † Augustus 1984 (geen k) xx Nick **ELSE** † 2011. Anna het as maatskaplike werkster op Wellington gekwalifiseer. Hulle het in Natal geboer.
- f10 Johanna (*Hanna*) * 19.1.1935 x 27.12.1958 Stephanus Hendrik **GERBER** * 8.1.1935 † 20.5.1981 (2 s).
 [g1] Diederick Beneke **GERBER** (*Derick*) * 2.2.1960 x Lorine _____ (1 s).
 [g2] Stephanus **GERBER** (*Fanus*) * 14.9.1964. Ongetroud.

- f11 Josias Ritter (*Sas*) * 17.7.1936 x Pretoria 8.4.1984 Eilen Isabella **PAGE** (*Ellen*) * 8.1.1934 (geen k). Sas het in die Poskantoor gewerk. Hulle het op Malelane gewoon.
- f12 Magrietha Kathrina (*Grieta*) * Soetmelksvlei, Riviersonderend 16.5.1938 x Riviersonderend 16.1.1960 Willem Jacobus **SWART** (*Willie*) * 23.2.1934 † Swellendam 25.9.1998 (1 s en 3 d). Willie het jare lank op Soutkuil 15 km van Riviersonderend geboer. Die kinders was in die plaasskool op Klipdale.
 [g1] Matthys **SWART** (*Thys*) * 15.9.1961 x 8.10.1988 Johanna Petronella **VILJOEN** (*Hanlie*) (2 s).
 [g2] Maria Glodina **SWART** (*Manda*) * 15.6.1963 x 15.6.1984 Wilhelm **FICK** (2 s).
 [g3] Catharina **SWART** (*Irma*) * 2.12.1965 x 17.10.1992 Dirk **TRUTER** (1 d en 2 s).
 [g4] Magrietha **SWART** (*Ietha*) * 14.4.1970 x 26.06.1993 Wynand **BOOYSEN** (1 s en 1 d).
- f13 Susanna (*Susan*) * 4.1.1942 x Adriaan **BOERSMA** * 19.4.1943 (1 s: Adriaan * 18.8.1972). Susan het lank in Administrasie by die Kalafong-hospitaal gewerk en Adriaan het klasgegee by Pretoria Tek.
 [g1] Adriaan **BOERSMA** (*At*) * _____
- f14 Cornelius (*Kerneels*) * Caledon 1.1.1945 x Dundee 8.4.1967 Anna Hermiena Aletta **DE JAGER** (*Ina*) * Dundee 28.2.1945. Kerneels was die jongste van 14 kinders en sê dat alhoewel dit 'n voorreg was om 6 ouer broers en 7 ouer susters te kon hê, "hulle beurte gemaak het om hom af te knou". Hy matrikuleer in Riviersonderend en word in Januarie 1963 as studentekonstabel by die Polisiekollege in Pretoria ingesweer en word na sy opleiding na Dundee in Natal uitgeplaas. Binne 'n jaar word hy na die polisiestasie op Wasbank verskuif. Hy woon kursusse by en keer as sersant terug na Dundee. Hy versoek oorplasing na die speurtak en so begin sy loopbaan as speurder. Kerneels het hom sommer van die begin af as 'n gebore speurder onderskei en het deur sy lang loopbaan talle male lof ontvang van sy bevelvoerders, polisiekommissarisse en selfs die regters, wat die hofsake verhoor het wat Kerneels ondersoek het, vir sy voortreflike ondersoekwerk. Kerneels het deur die polisierange gevorder en het op talle plekke gedien: Ladybrand, Aliwal-Noord, Queenstown, Welkom, Roodepoort, Krugersdorp, Soweto, Polisiehoofkantoor en Johannesburg. Waar hy aanvanklik met veediefstal- en moordsake gemoeid was, het sy vaardighede en ervaring hom uiteindelik by polities sensitiewe ondersoekwerk uitbring, veral in die politieke oorgangstyd in Suid-Afrika, waar hy met senior kabinetsministers en selfs die staatspresident persoonlik te doen gehad het en soms moeilike vrae by perskonferensies moes beantwoord. Hy het gevorder tot die rang van brigadier en sou seker ook generaal geword het as hy nie skielik ernstige borspyne ontwikkel het wat tot 'n hartomleidingsoperasie gelei het nie, sodat hy uiteindelik in 1994, na 30 jaar, die diens weens gesondheidsredes moes verlaat.¹⁰ Kerneels het 'n boek geskryf getiteld *Eskapades van Kerneels Langenhoven* waarin hy op humoristiese wyse van sy grootwordjare op Soetmelksvlei vertel, maar ook 'n wye oorsig oor sy loopbaan gee en talle verbysterende staaltjies vertel van sake waarby hy betrokke was. 'n Beperkte oplaag is gedruk en onder familie en vriende versprei.
 g1 Aletta (*Petite*) * Ladysmith 18.5.1968 x Piet **HOFFMAN**
 [h1] Danie **HOFFMAN**
 [h2] Anri **HOFFMAN**
 [h3] Pieter **HOFFMAN**
 g2 Mariana * Dundee 5.12.1969 † _____ x Boesman **ENGELBRECHT**
 [h1] Corné **ENGELBRECHT**
- e3 Anna Christina (*Anna*) * Sir Lowry's Pass 25.7.1893 ~ Somerset-Wes 24.9.1893 † Zastron 29.3.1958 x Caledon 19.6.1912 Peter Stephen (of Stephanus) **BEYERS** (*Piet*) * Houwhoek 8.10.1879 † Caledon-hospitaal 2.2.1930 (3 k). Hy was die seun van Ferdinand Paul Johannes Beyers * 17.11.1845 en Maria Elizabeth Maree * 30.8.1851. Piet-hulle het altyd op Grabouw gewoon.
 [f1] Ferdinand Stephen **BEYERS** (*Boelie*) * 5.1.1914 x 16.3.1942 Irene Magdaleen **DEWING** * 4.6.1916 † 18.11.1971 (4 k) xx Clegnet **VAN TONDER** * 24.5.1938. (Beyers-kindere: Eline Juliana * 1944 x Goldswain; Mercia Anette * 1947 x Wilson; Ferdinand Stephen Theodor * 1952 en Sandra Irene * 1954 x Staton.)
 [f2] Christina Elizabeth **BEYERS** (*Kittie*) * 12.6.1920 x 13.9.1951 Gabriël Stephanus **SMIT** (*Gawie*) * 6.4.1923 (2 k: Hendrik Peter * 1956 en Ania Maggel * 1959). Kittie het by die Grabouwse telefoonsentrale gewerk.

¹⁰ Langenhoven, C. 2016. *Eskapades van Kerneels Langenhoven*. Krugersdorp.

- [f3] Eliza Marthinus **BEYERS** (*Eli*, bynaam “*Square*”) * 25.6.1922 x 2.5.1943 Camilla Cecilia **VAN RIEL** * 3.1.1922 (8 k: Peter * 1945; Johan * 1947 x Binneman; Felicia * 1949 x Groenewald; Anna * 1951 x Fraser; Myrtle * 1953 x Mostert; Deon * 1955 x Greeff, Noel * 1956 x Arenz, Lynette * 1958.)
- e4 Christina Maria Jacoba (*Kinnie*) * Grabouw¹¹ 18.10.1896 ~ Somerset-Wes 13.12.1896 † 19.3.1976 x Hermanus Steyn **VAN EEDEN** (*Harry*) * 29.10.1898 † 22.4.1988
 Ω Riviersonderend. Hulle het op 'n stadium op Bokrivier in die wyk Lindeshof (Riviersonderend) by die Beyerse geboer. Tant Kinnie en oom Harry het volgens familie 'n hele paar kinders gehad wat klein oorlede is, maar minstens drie het tot volwassenheid opgegroei. Oom Harry het op sy oudag op 'n stukkie grond langs die nasionale pad oos van Riviersonderend gewoon. Hy het altyd met 'n perdekar in die dorp rondgery, selfs tot op sy oudag. Toe oom Harry in 'n huis op die dorp gewoon het, het hy weens 'n heupprobleem baie swaar geloop, maar nogtans 'n groot groentetuin op sy knieë versorg.¹²
- [f1] Gideon **VAN EEDEN** (*Boetie*) x _____
- [f2] Pieter **VAN EEDEN** x _____ Hy verongeluk net buite Rivierondend op die pad na Swellendam toe hy beheer oor sy voertuig verloor het.
- [f3] Annatjie **VAN EEDEN** x _____
- e5 Maria * Grabouw 14.1.1901¹³. Sy is waarskynlik klein dood want die familie is blykbaar onbewus van haar bestaan. By haar geboorteregistrasie word haar vader se beroep aangegee as winkelier te Grabouw.
- d2 Maria Mathilda Francina * Groenekloof, Darling 19.10.1866 ~ Darling 2.12.1866.
- d3 Bartholomeus Hendrikus (*Bart*) * 21.9.1873¹⁴ ~ Hopefield 28.12.1873 † Strand 26.5.1958 x Susanna Jacoba Charlotta Johanna **EYBERG** * 5.10.1876¹⁵ † 9.10.1961 (7 k). Hulle het in die Sir Lowry's Pas-dorpie gewoon toe hulle oud was. Bart se neef Hendrik Langenhoven skryf:¹⁶ “Met Bart het ons baie grappe gehad. Hy het gesê as jy gebore is vir 'n sikspens kom jy nooit by nege oulap uit nie, jy sal kom tot ag oulap en 'n stuiwer en dan gaan jy weer terug na 'n sikspens toe!
 “Hy het so graag ystervark geëet. Hy sê as jy hom reg bewerk met asyn en peper en wat nog als weet ek nie meer nie, dan kom kalkoen nie naby nie.
 “Hy vertel hy het een aand met twee nooiens na mekaar opgesit en toe hy van die tweede een af terugkom, kry hy 'n klomp van sy maters wat gaan harders trek en hulle koop hom om en hy gaan saam. Hulle vang toe so baie dat hy 250 vet harders aan sy kant kry. Hy sê twee nooiens en nog 250 harders in een aand - dit wil gedoen wees!
 Eendag vertel hy my, toe die tunnel vir die pyplyn van die Steenbrasdam af deur die berg gegrawe is, het hulle onder die berg nog twee are water oopgegrawe, nog sterker as die stroom wat uit die dam kom, en hulle sit dié toe ook in die pyp in!”¹⁷
- e1 Beatrix Jacoba Hendrina * 22.12.1895 ~ Somerset-Wes 2.2.1896 † 25.10.1962 x Jasper Johannes **VISSER** † 29.3.1931 (4 d en 2 s).
- [f1] _____ **VISSER** * _____
- [f2] _____ **VISSER** * _____
- [f3] _____ **VISSER** * _____
- [f4] _____ **VISSER** * _____
- [f5] _____ **VISSER** * _____
- [f6] _____ **VISSER** * _____
- e2 Pieter Gehelmus * 12.8.1897 ~ Somerset-Wes 31.10.1897 † 8.8.1931 x Somerset-Wes 12.4.1921 Elizabeth Jurina **VAN DER VENTER** * 29.3.1902 (6 k).
- f1 Susanna Maria Elizabeth * 8.10.1921 x Carel Piet **SWART**.
- f2 Bartholomeus Hendrikus * 11.7.1923 x Johannesburg 29.4.1950 Maria Bertina **GERBER** * 29.1.1931 (1 s).
- g1 Willem Marthinus * 5.5.1951.
- f3 Jurina Elizabeth * 5.5.1925 ~ Somerset-Wes 18.10.1925 x 29.3.1948 Gabriël Daniël **VAN DER WESTHUIZEN** * 23.10.1921.
- f4 Jacobus Josias * 10.1.1927 ~ Somerset-Wes 10.4.1927 x Anna Margretha Sophia **BARKHUIZEN** * 26.8.1929 (4 k).
- g1 Marietha * 15.6.1954 x **BREWIS**
- g2 Pieter Simon * 6.10.1955.

¹¹ Caledon geboorteregister ARW: HAWC 1/3/4/3/1, nr. 369, bl. 70.

¹² Onderhoud: Langenhoven, Kerneels, 10 Nov 2022.

¹³ Caledon geboorteregister ARW: HAWC 1/3/4/3/2, nr. 57, bl. 18.

¹⁴ Grafsteen (Strand, ou kerkhof) sê 22.9.1873

¹⁵ Grafsteen (Strand, ou kerkhof) sê 5.10.1871

¹⁶ MS: Langenhoven, H.P.J. c. 1980. Herinneringe van oom Hennie (geb. 1894).

¹⁷ Oom Hennie se woordkeuse hier is klaarblyklik 'n sterk eufemisme, want ek het uit 'n betroubare bron verneem dat oom Bart sou gese het as jy die ystervark reg gaarmaak is dit 'n aller smaaklike gereg en bygevoeg: “Kalkoen se m**r!”

- g3 Elizabeth * 21.8.1958 x Andries Francois Hendrik **DU TOIT**.
 g4 Simon * 27.12.1962 x _____
 h1 Jacobus Josias * Sep 1962.
 h2 _____ * _____.
- f5 Pieter Gehelmus (*Pieter*) * 28.6.1929 † 10.1.1982 Ω Forest Hill, P.E. x Somerset-Wes
 13.8.1955 Cornelia Elizabeth Johanna **ALBERTS** * 11.11.1927 † 26.10.1964 (3 s)
 xx Martha **DE JAGER** (1 s).
 g1 Albert Gehelmus * 5.8.1958.
 g2 Bartholomeus Hendrikus * 7.11.1959.
 g3 Marius * 14.4.1961.
 g4 Gerhardus * 17.9.____
- e3 f6 Jacomina Petronella * 27.9.1931 x Johan Georg Gabriël **VICTOR** * 20.9.1927.
 Anna Christina * 29.7.1900 x Christiaan Jacobus Johannes **MOUTON** * 16.1.1895
 † 21.12.1971 (6 k).
 [f1] _____ **MOUTON** * _____
 [f2] _____ **MOUTON** * _____
 [f3] _____ **MOUTON** * _____
 [f4] _____ **MOUTON** * _____
 [f5] _____ **MOUTON** * _____
 [f6] _____ **MOUTON** * _____
- e4 Bartholomeus Hendrikus * Stellenbosch 15.1.1902 x Somerset-Wes 27.11.1927 Jacomina
 Petronella **BRAND** * Caledon 8.10.1894. Hy was 'n ploegbaas op die S.A. Spoorweë. Hy
 was 'n ywerige voetbal- en krieketspeler. Hy het ook geboks.
 f1 Bartholomeus Hendrikus (*Bertie*) * Sir Lowry's Pas 3.4.1929 x Noordweg (Vrijzee)
 11.2.1956 Maria le Roux **DE VILLIERS** (*Ria*) * Kuilwater, Riversdal 14.4.1933. Hy gaan
 skool op Gouritsriviermond (plaasskool) en later op Riversdal waar hy aan die
 Langenhoven-hoërskool matrikuleer. Later 'n administratiewe beampte in die Kaapse
 Provinsiale Administrasie, Kaapstad. Hy was ook sekretaris van die
 Voortrekkerkommando van Parow-Noord (2 d).
 g1 Elzet * Pinelands 27.7.1962.
 g2 Riana * Bellville 14.12.1965.
- f2 Maria Christina * Sir Lowry's Pas 22.5.1930 x Riversdal 12.4.1952 Henry Frank
BASSON * 10.11.1927 (5 k). Henry was 'n stasie-inspekteur.
 [g1] _____ **BASSON** * _____
 [g2] _____ **BASSON** * _____
 [g3] _____ **BASSON** * _____
 [g4] _____ **BASSON** * _____
 [g5] _____ **BASSON** * _____
- e5 Susanna Jacoba Charlotta Johanna (*Susie*) * 18.12.1910 † 3.4.1947 x Archie
ESTERHUIZEN * 7.12.1914 † 2.1.1970 Ω Maitland (2 k).
- e6 Eliza Marthinus (*Basie*) * Sir Lowry's Pas 2.3.1913 ~ Somerset-Wes 20.4.1913 † Du Toit-
 stasie 9.2.1955 (ongeluk op die stasie) x Laingsburg 10.10.1937 Zacharia¹⁸ Hendrina Maria
VICTOR (*Sagrys*) * Weltevrede, Sutherland 15.5.1915 † 25.10.2005 Ω Woltemade, Maitland.
 Voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Hottentots-Holland. Was 'n kondukteur op die
 S.A. Spoorweë in Kaapstad.
 f1 Elizabeth Hester (*Elsa*) * Laingsburg 28.3.1939 x Groote Kerk, Kaapstad 29.3.1969
 Michael Barry **HANLEY** (*Mike*) (Dr) * Seepunt 18.1.1936. Dr Hanley was
 Departementshoof van Fisiese Wetenskappe en Wiskunde aan die Kaapse Technikon
 (3 k).
 [g1] _____ **HANLEY** * _____
 [g2] _____ **HANLEY** * _____
 [g3] _____ **HANLEY** * _____
- f2 Bartholomeus Hendrikus (*Bartie*) * Laingsburg 26.11.1940 † Belville 23.11.2018
 (hartaanval) x Erna **KOTZE** (÷) xx Pinelands 16.5.1976 Teraise Ann **MORRISON** (*Terry*)
 * Pinelands 20.11.1954 (2 d). Hy gaan skool in Goodwood en Epping-hoërskool. Hy
 was verspreidingsbestuurder van Kodak in Kaapstad.
 g1 Bernice * Pinelands 28.11.1965.
 g2 Louise * Pinelands 25.3.1977.
 g3 Deidre * Bellville 14.12.1978.
- f3 Susanna Jacoba Charlotta Johanna (*Charlotte*) * Parow 27.10.1942 x Parow 6.1.1965
 Francois Gustave du Bois **SADIE** (*Francois*) (Prof.) * Philadelphia, KP. 17.8.1934

¹⁸ Grafsteen sê slegs Zachry.

- c8 Philip Hendrik Morkel (*Flip*) * 25.4.1851 ~ Caledon 24.9.1851 † Dundee-hospitaal 7.4.1926⁵⁵ Ω Dundee x Somerset-Wes, Johanna Glodina Frederika **KUUN** (*Hannie*) * Caledon 19.2.1849 † Hattingspruit 9.10.1926⁵⁶ Ω Dundee (5 k). Sy was 'n dogter van George Frederik Kuun en Johanna Glodina Frederika Swanepoel. Hulle derde kind, Frikkie (d3), is in 1885 in Transvaal gebore wat aandui dat hulle teen 1885 reeds in die Transvaal gevestig was. Daar is aanduidings dat hulle in die omgewing van Ermelo geboer het. Flip is deur die Engelse in die Tweede Vryheidsoorlog gevang en na 'n krygsgevangenekamp op St Helena verban. Hy was een van die bittereinders. Sy vrou, Hannie, het met haar kinders in die Ermelo-distrik by ene Grey gewoon, maar tydens die Vryheidsoorlog na haar familie, die Kuuns, in Somerset-Wes getrek. Nadat Flip van St Helena teruggekeer het, is hulle weer na die Ermelo-distrik en het daarna ook 'n paar jaar in Standerton op die dorp gewoon. Twee van Hannie se broerskinders, Manie en Frikkie Kuun, het op Standerton gewoon. Daarna (reeds voor 1918) het hulle na Hattingspruit in Natal getrek waar Flip nie self geboer het nie, maar by sy skoonseun Venter ingewoon wat vir mnr Spies op Lenteplaas (Hattingspruit) geboer het.
- d1 Eliza Marthinus (*Elisa*) * _____. Hy het as jongman by die Ermelokommando aangesluit en in die Tweede Vryheidsoorlog geveg. Hy sneuvel en is in die veld begrawe, maar sy oorskot is later te Breyten? herbegrawe. Die Boereoorlog-gedenkteken op Ermelo lys E.M.Langenhoven onder die diegene wat in aktiewe diens gesneuvel het; ook die Berg-en-Dal-burgermonument op Belfast lys 'n E. Langenhoven en dit verwys moontlik na hom.
- d2 Johanna Glodina (*Hannie*) * _____ x Maartens David Jacobus **VENTER**, 'n spoorwegamptenaar. [e1] Martin David Jacobus **VENTER** * Dundee 27.12.1914 † Durban 31.5.1959 x Kathleen Elizabeth **BRIDSON** * 26.7.1924 † 8.1.1987 (3k: Trevor Richard, Mervyn en ____)
- d3 George Frederik (*Frikkie*) * Transvaal 1885 † Sneuvel in Vlaandere 11.7.1918 x Ermelo, Aletta Johanna **NEL** * Standerton 31.1.1892 † Springbokfontein, Ermelo 8.4.1910 (1 k) xx Susanna Johanna **PIETERSE** (*Sannie*) (2 k). Frikkie was nog baie jonk toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek het, maar hy is volgens familie-oorlewering gevang en na 'n krygsgevangenekamp in Indië gestuur. Hy is na die oorlog getroud, maar sy vrou, Aletta Johanna, sterf by die geboorte van haar eersteling toe sy maar 18 jaar en twee maande oud was. Op haar begrafnisbriefie word die volgende Langenhovens as draers gelys: GF Langenhoven, P Langenhoven, twee K. Langenhovens en 'n JGF Langenhoven. Uit sy tweede huwelik met Sannie Pieterse is twee kinders gebore. Frikkie was 'n timmerman en die gesin het by Burnside Colliery, Dundee, gewoon.



Frikkie Langenhoven (d3) wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneuvel het.

(Beide foto's: Mev Minnie Langenhoven-Post, Pietermaritzburg)



Frikkie se weduwee, Sannie (geb. Pieterse), saam met haar tweede man, Daniël Raath, en hulle eerste kindjie (sittend). Die twee groter kinders is die twee Langenhoventjies, Sannie (d3e2) en Frikkie (jr.) (d3e3), uit haar huwelik met Frikkie (d3).

Frikkie sluit by sluit by die Uniemagte aan tydens die Eerste Wêreldoorlog. Hy sneuvel in die omgewing van Méteren in Vlaandere. Hy was blykbaar 'n tweede luitenant.⁵⁷ Tussen sy boedelstukke is daar 'n "Certifikaat" gedateer 7.3.1919 wat lui: "No 15406 Private George Frederick Langenhoven of the 2nd SA Infantry was killed in action or died of wounds on (or about) the eleventh day of July 1918, previously reported missing, death now presumed". 'n MOTH-gedenkteken staan in die begraafplaas van Glencoe waarop hy en twee ander gehuldig word. Sy weduwee, Sannie, is later met Daniël Raath getroud.

⁵⁵ Grafsteen sê 8 April.

⁵⁶ Grafsteen sê 10 Oktober.

⁵⁷ www.delvillewood.com/cemeteries/ploegsteert.htm

- e1 Philip Hendrik Albertus (*Flip*) * Springbokfontein, Ermelo 8.4.1910 † Pietermaritzburg 2.5.1961 x Greytown 16.5.1932 Salomina Johanna **POST** (*Minnie*) * Mooirivier 7.4.1915 (5 k). Flip se moeder sterf 'n uur na sy geboorte en hy word deur sy Langenhoven-grootouers grootgemaak.
- f1 Sarah Johanna Adriana (*Sally*) * Tweefontein, Sabie 7.5.1933 x Pietermaritzburg 10.5.1953 Johannes Jacobus **NEL** (*Seun*) * Durban 29.1.1931.
- f2 George Frederik Morkel (*Frikkie*) * 21.1.1935 x Pietermaritzburg 12.4.1957 Lana **COETZER** * 23.8.1939 (4 k).
- g1 George Frederik Morkel * 21.1.1959 † 31.8.1977.⁵⁸
- g2 Wynand Philip * Pietermaritzburg 8.6.1960.
- g3 Deidré Lana * Pietermaritzburg 13.11.1962.
- g4 Hein Waldo * Scottburgh 1.2.1968.
- f3 Gerrit Cornelius Jacob (*Gert*) * Pietermaritzburg 2.5.1945 x Pietermaritzburg 13.5.1967 Beryl Joan **McCABE** (*Beryl*) * Pietermaritzburg 4.2.1946.
- g1 Debbie * Pietermaritzburg 8.7.1968.
- g2 Clint * Pietermaritzburg 27.5.1970.
- f4 Aletta Johanna Malancia (*Lettie*) * Pietermaritzburg 9.3.1949 x Pietermaritzburg 7.10.1967 Ockert Matthys **TAYLOR** (*Ockert*) * 7.10.1942.
- f5 Hermanus Johannes Jacobus (*Manus*) * Pietermaritzburg 1.9.1951 x Pietermaritzburg 6.10.1972 Virginia Ursula Ann **VAN NIEKERK** (*Virginia*) * Pietermaritzburg 2.9.1953. Was passer en draaier by Samancor in Meyerton (3 k).
- g1 Nicolette * Vereeniging 3.1.1976.
- g2 Deon * Vereeniging 6.3.1978.
- g3 Yolandi * Vereeniging 6.3.1980.
- e2 Susanna Johanna (*Sannie*) * 26.1.1914 x _____. Hulle het in die Parys-distrik gewoon.
- e3 George Frederick (*Frikkie*) * Dundee 11.3.1916 † Germiston 5.9.1975 x Hendrina **WHITE** (3 k) (÷) xx Mildred Annie Berenice **FOWLE** (geb. **DALE**) * Redruth, Cornwallis, Engeland 1911 (÷) xxx _____ xxxx _____ xxxxx Elizabeth Ann **ANDERSON**. (Frikkie was vyf maal getroud.)
- f1 Joy Berenice
- f2 Clifford
- f3 _____
- d4 Christina Maria (jonk oorlede)
- d5 Christina Maria (*Chrissie*) * 1889 x Dundee 24.10.1914 Hans Jurie **BADENHORST** * Kopjealleen, Standerton 3.11.1891 † Sneuwel in Vlaandere 9.4.1918 (geen k.) xx Dundee 31.8.1920 Dirk Renier **BRITS** * Uitvlucht, Utrecht 29.3.1891 (1 s). Hans Jurie het as myner gewerk.⁵⁹
- [e1] Adriaan Dirk **BADENHORST** * Harrismith 1915 † 1915.
- c9 Karel Wilhelm * 22.8.1853 ~ Somerset-Wes 23.11.1853 † Driehoek, Bethal 23.12.1941 x (Elizabeth) Catharina Petronella Christina **KUHN** * 14.3.1857 † Bethal (8 k). Daar is aanduidings dat hy in die omgewing van Bethal of Ermelo gevestig het.⁶⁰
- d1 Eliza Marthinus (*Eliza*) * 15.11.1880. Besonderhede oor sy huwelik ontbreek, maar hy het waarskynlik een seun gehad, Alfonso.
- e1 Alfonso (oorlede op 12 jaar in 'n skietongeluk).
- d2 Carel Wilhelm (*Karel*) * Boshof 21.7.1883 † Springs 6.3.1956 x Bethal 11.2.1913 Sophia Cecilia **NAUDÉ** (*Sophie*) * Driehoek, Bethal 19.12.1893 † Pretoria 1.1.1979. Sy skoonvader Naudé was skatryk en na sy dood erf 12 eie kinders en 10 stiefkinders grond in die Amsterdam-distrik. Karel boer op sy vrou se erfgrond. In 1952 verkoop hulle die plaas en trek Brakpan toe waar hy 4 jaar later oorlede is (14 k). Sophie is later weer getroud met 'n Myburgh.
- e1 Carel Wilhelm (*Ouboet*) * Bethal 20.12.1913 x Susara Johanna Catharina **KRUGER** (*Hannatjie*) * Amsterdam 3.7.1916 † Vereeniging 31.1.1964 Ω Amsterdam (÷) (geen k) xx Brakpan 1.8.1955 Martha Maria **HUMAN** (*Doll*) * Kimberley 5.7.1934 † Springs 9.7.1977. Ouboet help sy ouers boer en trek later saam Brakpan toe. Hy besit later sy eie kleinhoewe met 'n klompie vee waar hy 'n boerderytjie bedryf (6 k).
- f1 Carel Wilhelm (*Willie*) * Brakpan 16.10.1955 x Brakpan 29.12.1979 Maryna **BRAACK** * Springs 13.7.1960. Hy was 'n skolier aan die H.T.S. Brakpan. Was later 'n rakbedrader by T.M.S.A., Springs.

⁵⁸ Op die Muur van Herinnering van die Voortrekkermonument, Pretoria, word sktr GFM Langenhoven gelys wat in 1977 oorlede is.

⁵⁹ Inligting oor haar huwelike op Wikitree.com

⁶⁰ Dit kan afgelei word uit die weliswaar karige gegewens oor die plek van geboorte en sterwe van hul kinders, hulle huweliksmaats en dié van hulle kleinkinders, maar ook uit 'n brief van Andries Langenhoven (e13, hierbo) met inligting wat hy van sy ma gekry het: Brief: Langenhoven, Andries, 5 April 1977.

- f2 Johannes Jacobus (*Kobus*) * 26.11.1957 x Elize _____ * 7.1.1960 † 15.3.1986
Ω Amsterdam.
- f3 Phillip Hendrik (*Flip*) * 25.9.1960 † 15.10.1996 Ω Secunda x Connie ____?
g1 Leon Deon * 1979.
g2 Zelda?
g3 Jaco?
- f4 Aletta Sophia Maria (*Alta*) * 14.7.1964.
f5 Sophia Cecilia (*Cecilia*) * 3.9.1969, tweeling.
f6 Barend Frederick (*Bennie*) * 3.9.1969, tweeling.
- e2 Jacobus Petrus (*Koos*) * Ermelo 22.9.1915 † Vaaldam 14.1.1936. Ongetroud.
- e3 Elizabeth Maria (*Ousus/Bes*) * Ermelo 21.1.1917 x Amsterdam 6.2.1940 (of 16 Feb) Gideon
Gerhardus **VAN DEVENTER** * 19.6.1912 † Dundee 24.12.1952 (2 k)⁶¹ xx Windhoek
16.2.1957 Andries **KOTZÉ** † 28.1.1980 (÷) (1 s).
[f1] Johannes Cornelius **VAN DEVENTER** (*Corrie*) * Piet Retief 31.7.1942 x Randfontein
1.7.1967 Elizabeth Catharina **BREYTENBACH** * Krugersdorp 20.7.1947 (1 s en 1 d).
[f2] Sophia Cecilia **VAN DEVENTER** (*Cecily*) * 11.7.1948 x 1966 **HATTINGH** xx **AUCAMP**
xxx **AUCAMP** xxxx 31.1.1987 Nicolaas Rossouw **LOUW**.
[f3] Andries Wilhelm **KOTZÉ** (*André*) * 27.12.1958
- e4 Elizabeth Catherina Petronella Christina (*Lizzie*) * Ermelo 1.5.1918 † 10.6.1996 Ω Grabouw
x Pretoria, Barend Hendrik Johannes **MAREE** * 21.12.1916 † 18.10.2000 Ω Grabouw. Plaas
Graymead, distrik Elgin.
[f1] Abraham Johannes **MAREE** (*Braam*) * 6.9.1944
[f2] Barend Hendrik Johannes **MAREE** (*Bennet*) * 21.2.1948
[f3] Carel Wilhelm **MAREE** (*Carlo*) * 21.2.1948
[f4] Sophia Cecilia **MAREE** * _____ † _____
[f5] Maria Susanna **MAREE** * _____ † _____
- e5 Eliza Marthinus (*Liza*) * Ermelo 7.10.1919 † 4.7.1992 x Standerton, Martha Magdalena **DU**
PREEZ (*Martha*) * Oudtshoorn 3.4.1926 † 11.11.1998 Ω Gedenkmuur, Geduld, Springs
(6 k).
f1 Martha Magdalena (*Martha*) * 31.12.1945 x _____ (kinders?)
f2 Carel Wilhelm (*Charlie*) * 1.11.1947 x _____ **VAN ZYL** (3 k).
g1 Eliza Marthinus (*Martin*) * 20.2.1970 † 22.2.1992 Ω Brenthurst.
g2 Frederick Michael (*Derick*) * 24.11.1973.
g3 Carel Wilhelm (*Wimpie*) * 23.9.1978 x Susanna Maria **SMUTS** (*Maryna*)
* 1.5.1981.
[h1] Chantel * 21-6-2000
[h2] Austin * 20-4-2012
- f3 Sophia Cecilia (*Meisie*) x _____ **SCHOLTZ**.
- f4 Petrus Johannes (*Piet*) * 27.3.1949 x _____ * _____ (4 k).
g1 Renier * Mei 1973.
g2 René * Mei 1973.
g3 Irene * 2.5.1974 † 30.5.2003 Ω Brenthurst.
g4 Marthie * Mei 1976.
- f5 Eliza Marthina (*Kleintjie*) * 15.8.1956 x _____ **POTGIETER**.
- f6 Eliza Marthinus (*Tiens*) * 2.6.1960 x _____ * _____
- e6 Sophia Cecilia (*Pop*) * Ermelo 15.04.1921 x Amsterdam, Willem Johannes **DU PLOOY**
(*Boet*) (5 k).
[f1] Cornelius Johannes Frederik **DU PLOOY** (*Kerneels*) * 29.11.1940
[f2] Carel Wilhelm **DU PLOOY** (*Carel*) * 7.6.1944
[f3] Willem Johannes **DU PLOOY** (*Willem*) * 1.12.1946 x _____ **KOEKEMOER**
[f4] Jacobus Petrus **DU PLOOY** (*Koos*) * 20.6.1948
[f5] Sophia Cecilia **DU PLOOY** (*Meisie*) * 21.8.1950 x _____ **ELS**
- e7 Jacob Johannes (*Jaap*) * Ermelo 29.10.1922 † 11.6.1984 Ω Brenthurst x Francina **DU**
PREEZ (*Liefie*) (÷) (4 k).
f1 Carel Wilhelm (*Carel/Boetie*) * 17.11.1949 † 16.11.1957. In 1957 het Boetie se
hartseer verhaal op die voorblaai van die groot Afrikaanse koerant *Die Landstem*
afgespeel. Onder die opskrif "Die tragiese verhaal van die seuntjie wat wag om te
sterf . . ." en "Bloedkanker het hom skielik neergevel" word vertel dat Boetie die oudste
kind van Jaap (34 jaar) en Liefie (27 jaar) is en dat hy 'n sussie van vyf het.⁶² Twee
weke later was daar weer 'n voorbladberig wat sê "'sterwende' seuntjie begin mooi

⁶¹ Addisionele inligting oor gesin uit: Van Deventer, J.C. 1995. *Die Van Deventer-familiekroniek*. Uitgegee deur Die Van Deventer-familiebond.
⁶² Die Landstem 21.9.1957.

- herstel”,⁶³ maar op die voorblad van 23 November word aangekondig: “Boetie het die stryd verloor” nadat hy die vorige Saterdag, ’n dag voor sy agtste verjaarsdag, oorlede is.⁶⁴ Die berigte oor Boetie het die koerantlesers aangegryp.
- f2 Francina Wilhelmina (*Cina*) * Brakpan 5.12.1951 x Brakpan 23.7.1968 Johannes M. **VAN DER WALT** (*Hannes*) * 15.11.1947 (3 k). Springs.
 [g1] Jan Albert **VAN DER WALT** * 19.10.1968 † 15.04.1999 Ω Springs x 25.02.1995 Belinda **VAN DER MERWE** * 4.2.1973.
 [g2] Jacob Johannes **VAN DER WALT** (*Jakes*) * 15.10.1971 x 23 5.1992 Lucelle **MINNAAR** * 13.10.1974.
 [g3] Francina Wilhelmina **VAN DER WALT** (*Cina*) * 1.10.1973 x 11.9.1999 Dawid **JANSE VAN RENSBURG** * 5.1.1974.
- f3 Sophia Cecilia (*Fia*) * 5.12.1958 x _____ **ELS** (÷).
- f4 Jacob Johannes (*Japie*) * Ermelo 12.6.1960 x Christina Helena **KLEYNHANS** (*Tina*)
 g1 Christina Helena † 2017 x Leonard _____ (÷)
 g2 Francina Wilhelmina x **BRIDER**
 g3 Chantelle x **VENTER** (÷)
- e8 Philip Willem Hendrik (*Flip*) * Ermelo 19.8.1924. Op 18 jaar oorlede na blindederm gebars het.⁶⁵
- e9 Magdalena Johanna Elizabeth (*Lena*) * Ermelo 20.6.1926 x Pretoria, Lucas Marthinus **PIETERSE** (*Lucas*) (÷) (2 s en 4 d).
 [f1] Stephanus Petrus **PIETERSE** (*Stefaans*) * 7.10.1948
 [f2] Sophia Cecilia **PIETERSE** (*Baps*) * 23.12.1949
 [f3] Magdalena Johanna Christina **PIETERSE** (*Doeks*) * 8.11.1951
 [f4] Carel Wilhelm **PIETERSE** (*Kallie*) * 14.11.1952
 [f5] Elizabeth Maria **PIETERSE** (*Klein*) * 11.11.1954
 [f6] Dorothea Maria **PIETERSE** (*Thea*) * 10.11.1956
- e10 Johanna Maria (*Joey*) * Ermelo 23.4.1928 x Springs, Douglas **WATT** (÷) (2 k).
 [f1] Faye Cecile **WATT** (*Faye*) * 26.12.1953.
 [f2] Bruce Allan **WATT** (*Bruce*) * 20.10.1959.
- e11 Louis Johannes (*Lewies*) * Ermelo 22.9.1929 x Germiston 16.8.1952 Elizabeth Catharina **BOTHA** (*Bettie*) * Morgenzon 10.4.1931 (1 s). Hy werk vir die S.A.S. op Kemptonpark.
 f1 Louis Johannes (*Louis*) * 31.10.1954 x Birchleigh 8.10.1978 Lea Jacoba **MONG** 1.10.1957. Hy was ’n tegnikus in Braamfontein.
- e12 Petrus Jacobus (*Piet*) * Ermelo 1.6.1931 † Brakpan 7.3.2008 x Brakpan 5.3.1960 Martha Gertruida **BOTHA** (*Buks*) * Germiston 13.6.1941 † 6.10.2017 Ω Brakpan. Sy is ’n suster van Lewies se vrou Bettie (e11). Piet was ’n passer en draaier by Liebherr in Springs (4 k).
 f1 Carel Wilhelm * Brakpan 9.3.1963 † 9.5.1963.
 f2 Sophia Elizabeth (*Elsabé*) * Springs 9.10.1964 x Rudi **WOEST** * Johannesburg 19.9.1961 † 7.4.1998 (1 d) xx David Wallace John **McCALLUM** (*John*) (÷).
 [g1] Samantha **WOEST** * Benoni 25.1.1985.
- f3 Cornelius Frederick (*Boeta*) * Brakpan 3.7.1966 † Brakpan 7.3.____ x Miemie **JOUBERT** (÷) (4 k).
 g1 Petrus Jacobus (*Jacques*) * Brakpan 2.5.1990.
 g2 Cornelius Frederick (*Corné*) * Brakpan 10.1.1994.
 g3 Albert Otto (*Otto*) * Brakpan 5.9.1996 † 18.11.2017 Ω Brakpan.
 g4 Natasha * Brakpan 4.5.1998.
- f4 Petrus Jacobus (*Pieter*) * Brakpan 22.6.1968 x 12.1.2015 Antoinette Sharon **NAUDE** * 1.2.1965.
- e13 Andries Petrus (*Soon*) * Amsterdam 14.9.1933 † 12.11.2000 Ω Brakpan x De Doorns 10.12.1958 Welna Mare **MAREE** (*Welna*) * Robertson 23.12.1937. Soon was ’n passer en draaier by Liebherr in Springs (3 k).
 f1 Maré Elizabeth (*Elsa*) * 17.8.1959 x Brenthurst, Brakpan 22.3.1980 Bernhardt Jacobus **BURGER** (*Ben*) * 18.8.1959 (÷ 1994) (1 k) xx 21.10.1995 Johannes Gerhardus **STEYN** (*Johan*). Ben was ’n IT-spesialis. Johan is ’n kredietkontroleur.
 [g1] Alzanne **BURGER** * 15.6.1986.
- f2 Sylvia Cecilia (*Sylvia*) * 16.1.1962. x 12.12.1980 Willem Jacobus **VAN DER MERWE** (*Willie*) (3 k). Willie is ’n patroonmaker.
 [g1] Andre Pierre **VAN DER MERWE** * 17.2.1982.
 [g2] Riaan **VAN DER MERWE** * 16.3.1986.

⁶³ Die Landstem 5.10.1957.

⁶⁴ Die Landstem 23.11.1957.

⁶⁵ Brief: Langenhoven, Andries, 5 April 1977.

- [g3] Emile-Jacques **VAN DER MERWE** * 22.6.1993.
- f3 Yolanda Mariaan (*Yolanda*) * 29.12.1969 x 19.12.1992 Conrad **DAVIES** * 24.5.1969 (÷ 2004) xx 2005 Shawn **McGUINNESS** * 21.5.1967 (1 k).
[g1] Jaden **McGUINNESS** * 13.1.2006.
- e14 Daniël Jacobus (*Danie*) * Amsterdam 6.11.1935 x Pretoria, Christianna Emma **VAN ZYL** (*Christa*) (4 k).
f1 Hester Susanna (*Hettie*) * 9.7.1963.
f2 Leon Carl (*Leon*) * 10.9.1968.
f3 Sophia Cecilia (*Zelia*) * 9.6.1974 tweeling.
f4 Chrisna * 9.6.1974 tweeling.
- d3 Magdalena Johanna Elizabeth (*Lenie*) * 15.10.1885 † 15.9.1960 Ω Bethal x 22.2.1910 Jacobus Petrus **DU TOIT** (*Koos*) * 18.3.1873 † 26.6.1932 Ω Bethal.
- d4 Philip (Willem) Hendrik * 1.11.1887. Ongetroud.
- d5 Petrus Jacobus (*Piet*) * 22.12.1889 † op 15 jaar.
- d6 Christina Magdalena * 10.9.1891 x Jacobus Petrus **NAUDÉ**.
- d7 Elizabeth Catharina Petronella Christina (*Bettie*) * 24.12.1893 † op jeugdige ouderdom.
- d8 Zagarye Petronella (*Zagarye*) * Ermelo 12.8.1897 x Sarel Johannes **NAUDÉ** (*Sarel*).
- c10 Ernestus Johannes Jacobus (*Ernst*) * Somersert-Wes 22.10.1855, ~ Somerset-Wes 20.2.1865 † Afdak 17.4.1922 x 23.6.1891 Anna Magrieta Agatha **GELDENHUYS** * 4.9.1869 (9 k). Sy beroep word aangegee in die geboorteregisters as veewagter (by die geboorte van sy kind d3), as skaapherder (by geboorte van d4 en d5), as skaapwagter (by geboorte van d6), as plaasarbeider te Afdak (by geboorte van d7 en d9). By die geboorte van d9 teken hy die registrasie-dokument met 'n X.
- d1 Maria Susanna * 28.9.1891 † 1972 x 25.3.1919 Pieter Jacobus **RAATS** * 20.11.1876. Hy was voorheen getroud met Maria Dororthea Petronella Fischer.
- d2 Eliza Marthinus (*Eliza*) * Afdak, Hermanus 12.12.1893 † Hermanus 3.2.1983 x Hermanus, Julie 1920 Anna Dorothea Francina Elizabeth **NIEMAND** (*Anna*) * Hawston 21.10.1893 † Hermanus 18.12.1969 (11 k). Eliza was 'n messelaar. Was betrokke in die Slag van Delville-bos tydens die Eerste Wêreldoorlog en 'n krygsgevangene in Duitsland.



Eliza Langenhoven (c10d2)
in WO1 (foto heel links) en
in WO2 (foto naas links).

- e1 Hendrika Christina (*Sussie*) * Hawston 4.4.1918 x Caledon, Manie **GELDENHUYS** * 13.10.1908 (4 k).
[f1] Barend Petrus **GELDENHUYS** (*Bennie*) * 12.4.1942 † 16.5.2004.
[f2] Eliza Marthinus **GELDENHUYS** (*Martin*) * 21.9.1944 † 6.8.2012.
[f3] Anna Elizabeth **GELDENHUYS** (*Ansie*) * 13.4.1948.
[f4] Magrieta Petronella Marita **GELDENHUYS** (*Marieta*) * 18.7.1952.
- e2 Ernst Johannes Jacobus (*Ernst*) * Kleinmond 28.2.1920 x Harrismith, Cornelia Anna **DE JAGER** (*Corrie*) * Harrismith 12.10.1926 (4 k).
f1 Eliza Marthinus (*Eli*) * Hermanus 2.2.1948 x Hermanus, Paulina **SCOTT**.
g1 Elmar * Pretoria 11.8.1973.
g2 Cora.
f2 Cornelius (*Boetie*) * 30.4.1951 x Hermanus, Barbara **BRAND** * 14.1.1950.
g1 Soline.
g2 Annalise.
g3 Riana.
f3 Ernst Jacobus (*Kobus*) * Hermanus 1.11.1961 x Worcester 19.11.1983 Susanna M. **BARNARD** * 6.10.1961.
f4 Anthea * Hermanus 14.4.1967 x Hermanus 25.3.1983 Hendrik André **DE VILLIERS** * 13.4.1959 (2 k, g1. _____ g2. Franciscus * 18.6.1985).

- e3 Gertruida (*Gerty*) * Kleinmond 18.10.1921 † Strand 6.5.1984,⁶⁶ ongetroud (1 k).
 f1 Lorna * 3.10.1947 † 24.2.1990 Ω Goedehoop, Strand x Johan **PELZER** (3 k).
 [g1] Charlene **PELZER** * 1.6.1970 x **LEIBRANDT**.
 [g2] Rainier **PELZER** * Kemptonpark 7.6.1977.
 [g3] Ilse **PELZER** * Kemptonpark 20.6.1979.
- e4 Anna Magrietha Agatha (*Anny*) * Nuwejaarsrivier, Hermanus 30.12.1922 ~ Caledon 2.4.1923
 † Hermanus 15.1.2011 x Caledon, Gerald **HENN** * Hermanus 3.9.1920 (4 k).
 [f1] Michael **HENN** (*Mike*) * 11.3.1944, † 27.9.2000.
 [f2] Tertia **HENN** * 11.8.1946.
 [f3] Eliza Marthinus **HENN** (*Marius*) * 8.2.1949.
 [f4] Mariana **HENN** (*Miekie*) * 28.11.1952.
- e5 Stynie Maria (*Stynie*) * Nuwejaarsrivier, Hermanus 31.3.1925† Edgemead 1.11.2006
 x Hermanus 21.12.1946 Frederick **KRIEL** (*Frikkie*) * Greyton 21.1.1923 (4 k).
 [f1] Wessel Johannes **KRIEL** (*Johan*) * 7.11.1947 x Johanna _____ (2 k: Werner en
 Ettienne).
 [f2] Eliza Marthinus **KRIEL** (*Theunis*) * 25.2.1949 † Pietermaritzburg 16.2.2002.
 Ongetroud.
 [f3] Anna Dorothea **KRIEL** (*Amanda*) * 12.9.1952 x Oreluis **ENGELBRECHT** (3 k: Natasha
 x Brett Macey; Tanya, 'n mediese dokter; en Stephan x Chantelle _____).
 [f4] Derek **KRIEL** * Caledon 13.2.1958 x Susara **VISAGIE** * 11.6.1958 † 18.12.2008, d.v.
 Abri Visagie en Ella Muller. (3 k: Anneke x Cliff Prinsloo; Carika x Albrecht Smuts; en
 Jacques). Derek werk in IT by Santam, Tygervallei.
- e6 Jacobus Machiel (*Koos*) * Nuwejaarsrivier 23.10.1926† Hermanus 23.9.2020 x Hermanus
 7.4.1951 Anna Susanna **RADYN** (*Anna*) * Onrust 24.8.1928 † Hermanus 28.8.2005 (6 k).
 f1 Anna Susanna (*Suzette*) * Hermanus 26.7.1952 x Hermanus 21.12.1971 Anthonie
 Frederick **JORDAAN** (*Tony*) * Brakpan 14.8.1950 (÷) (2 k) xx Hermanus 23.5.1980
 Edward **SWARTZ** (*Eddie*) * Hermanus 14.11.1945 (1 k).
 [g1] Lindy-Lee **JORDAAN** * Hermanus 17.4.1972.
 [g2] Brent **JORDAAN** * Springs 15.7.1974.
 [g3] Edrich **SWARTZ** * Bellville 22.8.1981 † 14.10.1998.
 f2 Eliza Marius (*Marius*) * Hermanus 14.4.1955 x Worcester 16.6.1979 Sandra **DU TOIT**
 * Worcester 22.10.1957.
 g1 Michael * Worcester 18.2.1982 x Brackenfell, Johanna **JACOB** (*Lehani*)
 * Bellville 11.10.1984 (2 k).
 h1 Ruan Marius (*Ruan*) * Stellenbosch 25.9.2013.
 h2 Liné * Stellenbosch 8.12.2016.
 g2 Yolande * Worcester 27.11.1984 x Kuilsrivier 20.2.2010 David **VAN NIEKERK**
 (*Dawie*) * King Williams Town 16.2.1978 (2 k).
 [h1] Clara **VAN NIEKERK** * 28.11. 2012.
 [h2] Annabel **VAN NIEKERK** * 26.3.2014.
- f3 Iona Vivian (*Iona*) * Ceres 10.5.1958 x Hermanus 28.1.1977 Tertius **HAVENGA**
 Villiersdorp 25.8.1954 (3 k) xx Hermanus 14.6.1997 Aumhra Petrus **VAN TONDER**
 ("Van") * Alberton 1.2.1958 † 25.01.2016.
 [g1] Johan Bernardus **HAVENGA** * 16.6.1977.
 [g2] LeRoux **HAVENGA** * 13. 11. 1981.
 [g3] Tanya **HAVENGA** * 10.5.1985.
- f4 Elsa * Hermanus 10.12.1959 x Stellenbosch 1.6.1979 Koos **THEART** * Vredendal
 25.12.1945 (2 k).
 [g1] Danie **THEART** * 11.11.1979.
 [g2] Pierre **THEART** * 18. 8. 1983.
- f5 Jacques * Hermanus 4.8.1962 x Windhoek 9.4.1988 Susanna Johanna **HÜSSELMAN**
 (*Sussa*) * Keimoes 23.9.1963 (2 k).
 g1 Burger (*Thabo*) * Windhoek 12.5.1989 x Malmesbury 2.3 2013 Lisa **LATEGAN**
 * Malmesbury 21.11.1988 (2 k).
 h1 Leah * 26.5.2015.
 h2 Nina * 28.3.2018.
 g2 Chanell-Nikita * Kroonstad 28.10.1992
- f6 Deon * Hermanus 2.9.1965 x 9.11.1984 Deborah Charmaine **SELFE** * Windhoek
 25.6.1965 (3 k) xx Hermanus 25.9.1993 Jane **BOSMAN** * Wynberg 12.2.1961
 xxx Kleinmond 28.11.2020 Tania **MEIRING** * 21.10.1977.

⁶⁶ Grafsteen (Strand) sê 4.5.1984.

- g1 Charles Jacques (*Jacques*) * Parow 28.11.1985 x Hermanus 26.2.2011 Ledene **BURGER** * Paarl 9.6.1985 (2 k).
 h1 Liam * Kraaifontein 1.9.2013.
 h2 Leaney * 13.9.2017.
- g2 Talishia * Parow 31.8.1988.
- g3 Francois * Parow 18.3.1991 x Franskraal, Rosa **KUNZ** * 13.8.1993 (1 k).
 h1 Franco Gideon (*Franco*) * Hermanus 24.9.2019.
- e7 Susanna * 1927 † 1938.
- e8 Martha Magdalena Katharina (*Martjie*) * Nuwejaarsrivier 2.7.1930 † 24.10.2002
 Ω Woltemade krematorium x Gideon Francois Joubert **VAN EEDEN** (*Giel*) * 8.7.1922
 † 1.7.1974 (7 k).
 [f1] Anna Dorothea Fransina (*Annelie*) **VAN EEDEN** * 20.6.1951.
 [f2] Magdalena Sophia (*Marlene*) **VAN EEDEN** * 30.10.1952.
 [f3] Johannes Jurgens **VAN EEDEN** * 23.5.1954.
 [f4] Susanna Fredrica Steyn (*Susan*) **VAN EEDEN** * 23.5.1954.
 [f5] Gideon Francois Joubert (*Fanie*) **VAN EEDEN** * 14.10.1957.
 [f6] Elisa Martinus (*Elmar*) **VAN EEDEN** * 3.8.1961.
 [f7] Basil Henry (*Basil*) **VAN EEDEN** * 2.4.1966.
- e9 Elise * Nuwejaarsrivier, Hermanus 15.1.1932 x Hermanus 23.2.1952 Jim **BOSCH**
 * Hermanus 26.12.1923 (3 k).
 [f1] Anita **BOSCH** * 30.12.1952
 [f2] Christo **BOSCH** (*Boetie*) * 20.6. 1954
 [f3] Riaan **BOSCH** * 13.9.1964
- e10 Dorothea Francina (*Pop*) * Driefontein 13.5.1933 † Strand 6.8.2012 x Hermanus 4.8.1951
 Johan **NIEMAND** * Sir Lowry's Pas 18.9.1924 (6 k).
 [f1] Christo **NIEMAND** * 27.4.1952.
 [f2] Anna Dorothea **NIEMAND** (*Anet*) * 22.4.1953.
 [f3] Mariana **NIEMAND** (*Miekie*) * 25.7.1954.
 [f4] Eliza Marthinus **NIEMAND** (*Tiekie*) * 2.8.1955.
 [f5] Helda **NIEMAND** * 10.10.1957.
 [f6] Johan **NIEMAND** * 16.8.1959.
- e11 Stanley * Hermanus 26.5.1942 x Stellenbosch 3.10.1964 Sybil **MORKEL** * Strand
 25.7.1943 (4 k).
 f1 Jaun * Somerset-Wes 2.12.1965 x Noelene **NEL** (2 k).
 g1 Chanique * 22.12.1994.
 g2 Stanley * 12.2.1996.
- f2 Pierre * Somerset-Wes 14.2.1968 x _____
 g1 Gabriella
- f3 Morkel * Mowbray 14.10.1970 x Selma _____ * 24.5.1974 (2 k)
 g1 Joshua * 02.1.2000.
 g2 Jessica * 14.1.2002.
- f4 Stanley * Mowbray 16.3.1973 x Leigh **ARMSTRONG** (2 k).
 g1 Aimee
 g2 Erin
- d3 Lukas Marthinus (*Tientjie*) * Afdak 19.7.1896⁶⁷ † Hermanus 29.1.1979 x Magrietha Johanna
RAATS * 1913.
 e1 Anna Magrietha * 1943 † 1944.
- d4 Ernst Johannes * Afdaksrivier⁶⁸ 13.8.1898, ongetroud.
- d5 Christina Maria Jacoba * Afdaksrivier⁶⁹ 4.3.1901 † Hermanus 12.8.1984 x Philip Coenraad **HENN**
 (*Flip*) * Hermanus 6.5.1912.
 [e1] Gilbert **HENN** * 2.12.1936
 [e2] Cody Peter **HENN** * 6.1.1940
- d6 Anna Magrietha Agatha * Afdak 4.12.1903⁷⁰ x Barend **SWART** * 11.7.1892.
- d7 Jacobus (*Koos*) * Afdak⁷¹ 17.2.1907 † Firgrove 12.11.1968 x Mary Jane **WEST** (*Jane*) * 8.3.1917
 † Onrus 26.3.1984 Ω Onrusrivier (2 k).
 e1 Basil Harold **WEST**? (Harold) * 15.1.1938 x Feline _____? ⁷²
 e2 Daphne (*Tossie*) * 31.8.1956 x Christiaan Rudolph **HEYNS** (*Rudé*) 12.3.1946 (3 d.)⁷³

⁶⁷ In die Caledon geboorteregister word sy voornaam Lukas gespel – ARW: HAWC 1/3/4/3/1, nr. 228/1896

⁶⁸ ARW: HAWC 1/3/4/3/1, nr. 382, bl. 153.

⁶⁹ In die Caledon geboorteregister ontbreek die naam Jacoba ARW: HAWC 1/3/4/3/2, nr. 129, bl.23.

⁷⁰ In die Caledon geboorteregister word net Anna Magrita aangegee, en die datum as 8.12.1903 – ARW: HAWC 1/3/4/3/1, nr. 118, bl.147.

⁷¹ ARW: HAWC 1/3/4/3/3, nr. 223, bl. 3.

⁷² Inligting oor hom verskyn in die West-familieregister: Coetzee, Jaco, 2023. Onvoltooide register van die West-familie.

[f1] Mary Jane **HEYNS** (*Jeanine*) * 16.2.1977.

[f2] Magdalena Catharina **HEYNS** (*Nonique*) * 5.9.1978.

[f3] Sonja **HEYNS** * 23.4.1980.

d8 Pieter Johannes * Afdak⁷⁴ 9.6.1909 † op 6 jaar.

d9 Johannes (Wessel?) (*Jan*) * Afdak 3.5.1913⁷⁵ † Caledon 28.7.1993 x Maraai **GLASBURG**
(oorlede) xx Jessie **SMALL** (geen k). Gewoon in Caledon.

c11 Willem Hendrik Karel * 25.2.1858 ~ Somerset-Wes 7.4.1858. † op 2 jaar.

c12 Hendrik Petrus Johannes (*Hendrik/Hennie*) * 24.8.1860 † Swellendam 14.3.1937 x Caledon 31.7.1888
Johanna Jacoba **SWANEPOEL** (*Hannie*) * 24.8.1864 † Hermanus 12.5.1944 (7 k). Hannie (* 1864) se ouer suster Lenie Swanepoel (* 1850) is reeds omstreeks 1871 getroud met Hendrik (* 1860) se ouer broer Johan Godfried Fabricius Langenhoven (*Jan*) (* 1843) (b5c5). Tydens hierdie troue was Hendrik sowat elf jaar oud en Hannie sowat agt, maar dit is ongetwyfeld hierdie huwelik tussen hulle broer en suster wat hulle paadjies laat kruis het en jare later tot hulle eie huwelik sou lei. Hendrik en Hannie het dieselfde verjaarsdag gedeel en hulle was beide die jongste kinders in hulle onderskeie gesinne. 'n Uitgebreide familie-geskiedenis oor Hendrik en Hannie en hulle sewe kinders is in 2013 gepubliseer onder die titel *Die Langenhovens van Diamant* (sien Bronnelys). Daarin is ook baie familiefoto's van hierdie groep opgeneem. Hulle verteenwoordig die Swellendamse tak van die familie.

Daar is bitter min bekend oor Hendrik en Hannie se lewensloop voor hulle troue, maar na hulle huwelik in 1888 het hulle agtereenvolgens gewoon en geboer by Salandra en Botrivierplaas (Botrivier), Matjiesdrijf en Diepdrijf (Caledon) en Diamant (Swellendam). By die geboorteregistrasies van hulle dogter Cornelia (1896) en Hansie (1899) gee Hendrik sy beroep aan as 'n transportryer, maar by Chrissie (1901) se geboorte noem hy homself 'n tuinier.

Terwyl Hendrik op Salandra gewoon het, het hy gespekuleer met hoenders, eiers en velle waarvoor hy vier perde aangehou het. Met een paar perde het hy van plaas tot plaas gery om 'n vrag op te koop en dan het hy met die ander paar Kaap toe gegaan om dit te gaan verkoop. Met die aanbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het sake vir hom begin skeefloop. Die oorlog het geleidelik groter afmetings begin aanneem en die geweldige groot Britse krygsmag se behoeftes aan trekdiere het so toegeneem dat die beste trekdiere in privaat besit ook later vir die oorlogspoging opgekommandeer is. Die boere van die Botrivier-omgewing is opdrag gegee om hulle perde en muilesels op 'n sentrale plek soos Botrivierstasie bymekaar te bring om te kom *pass*. By so 'n geleentheid soek die Britse offisiere die beste diere uit. Dié wat dan nou *pass*, word onteien en hulle maak self die prys. So het Hendrik se perde dan ook al vier ge-*pass*. Sou daar diere wees wat nie *pass* nie, het hulle 'n brandmerk ontvang en kon jy hulle terugneem. Na afloop van die oorlog, in 1902, is die krygswet opgehef en het ook die Kapenaars se lewe weer na normaal teruggekeer. Daar is vendusies gehou van ingevoerde esels uit Amerika, mak geleerde esels, en daar het Hendrik toe weer vier esels gekoop en hulle het die name gekry van Vlakkok, Steenbok, Klipbok en Ribbok. Hy het ook 'n klein waentjie gekoop – 'n molwa met houtwiele sodat hy sy transportbesigheid weer kon probeer hervat.

In Maart of April 1903 het Hendrik en sy gesin sak en pak vanaf die Botrivierdistrik na Grabouw verhuis wat toe blykbaar nog as Palmietrivier bekend was. Dit blyk dat sy oudste broer, Piet (c4), se seun Eli (c4d1) daar 'n sakeonderneming bedryf het wat insluit 'n winkeltjie, 'n slaghuys en 'n broodbakkerie en dat die verhuising na Grabouw saamgeval het met die oornam van Eli se besigheid. Die winkel op Grabouw was dalk nie 'n groot sukses nie, want vroeg in 1904 is die onderneming aan 'n Jood met die naam Sacks verkoop.

⁷³ Coetzee, Jaco, 2023. Onvoltooide register van die West-familie.

⁷⁴ ARW: HAWC 1/3/4/3/3, nr. 423, bl. 156.

⁷⁵ ARW: HAWC 1/3/4/3/4, nr. 473/1913. Hierin word sy geboorteplek as Afdak aagegee. Die naam Wessel ontbreek en sy geboortedatum as 3 Mei (nie 1 Mei soos verstrek nie).



**Hendrik Langenhoven
(b5c12) en Hannie (geb.
Swanepoel)**

[Foto: Hanlie Wiese]

In 1904 het Hendrik met sy gesin toe van Grabouw af na die Caledon-distrik verhuis om op die plaas Matjiesdrif van mnr. Richard Metcalfe as bywoner te begin boer. Ouboet (b5c12d1, die oudste seun) was maar 15 jaar en Pieter (d7, die jongste seun) net 'n paar maande oud. Hulle het toe reeds ses esels en twee perde gehad het waarmee hulle 'n begin kon maak. Die eienaar van Matjiesdrif was skynbaar soms baie moeilik en dit het tot onenigheid gelei sodat die gesin net twee jaar daar gebly het voordat hulle vroeg in 1906 enkele kilometers verder by oom Piet Swart van Swartrivier grond gekry het. Hy het hulle op sy plasië Dieprivier laat woon. Daar het hulle koring, hawer en gars gesaai. Van die oes moes een derde aan die baas van die grond afgestaan word terwyl jy alle insetkoste self moes dra. Op Diepdrif het Hendrik en sy gesin altesaam agt jaar gebly en dit is eintlik die plek wat die Langenhoven-seuns as hulle grootwordplek onthou. Saam met die twee jaar wat hulle op Matjiesdrif was, het hulle altesaam 10 jaar in Caledon se omgewing gebly voordat hulle in 1914 Diamant toe is.

Die aankoop van die plaas Diamant op skuld was ongetwyfeld 'n groot risiko vir Hendrik, maar hy het 'n paar seuns in die fleur van hulle lewe gehad. Met so 'n span jong boere was daar niks wat in die pad van boerderysukses gestaan het nie. Uiteindelik, na jare van armoede en jare van deelsaai, het die gesin die ideaal bereik om hul eie grond te besit. Van nou af sou die vrug van al die werk en toewyding wat ingesit word net hulle s'n wees. Hulle het dan ook dadelik aan die werk gespring. Diamant was 'n groot plaas, maar hulle het hard gewerk en die plek stelselmatig opgebou, maar die noodlot het dit anders beskik.

Die verbandhouer, Susanna Groenewald, het skielik in November 1929 in die ouderdom van 77 jaar gesterf. Die erfgenaam, hulle enigste dogter, wat met 'n Du Toit getroud was, wat mede-eksekuteur van die boedel was, het die reg uitgeoefen om die verband op te roep. Hendrik en Hannie het, by die tyding van die tannie se dood en die besef dat die verband opgeroep gaan word, sekerlik onverwyld Bredasdorp toe gereis het om met die Du Toits te gaan onderhandel oor die voortsetting van die verbandlening, maar mnr. Du Toit was oninskiklik. As die Du Toits nie kon help nie sou Hendrik die geld elders moes gaan leen of andersins die plaas moes verkoop om die verband af te los. Hy het dan ook dadelik sy perdekar gevat en begin soek na iemand wat hom die geld kon voorskiet. Hy het gery van die Kaap af tot in George, maar hy kon nêrens 'n bank of iemand kry wat aan hom 'n lening wou toestaan nie! Die land was reeds in die greep van die Groot Depressie van 1928-1933. Alhoewel hy alles gehad het wat nodig was om die boerdery voort te sit – skape, trekdiere, implemente en alles, kon hy net nie die uitstaande geld vind om die skuldeiser te betaal nie en so het hulle alles verloor.

Die seuns was reeds almal getroud en elkeen moes toe sy eie heil uitwerk. Hulle het elkeen sy eie koers ingeslaan en by ander as bywoners begin werk. Hendrik en Hannie het eers op Helpmekaar, 'n kleinhoewe op Buffeljagsrivier, gaan woon, maar het later op Swellendam 'n huis gehuur. Daar is Hendrik oorlede. Sy kinders se lotgevalle word hieronder beskryf.

d1 Eliza Marthinus (*Elisa Ouboet*) * Botrivier 8.2.1889 ~ Caledon 15.6.1889 † Hermanus 13.3.1960 x Greyton 23.10.1916 Elizabeth Magdalena **LE ROUX** (*Bessie*) * Greyton 5.8.1890 ~ Caledon 17.12.1890 † Kaapstad 22.1.1969 Ω Hermanus (geen k). Volgens die huweliksregister was Lisa ten tyde van die huwelik 'n boer op Diamant. Hy boer op Diamant (Swellendam), Klipheuvel (Caledon), Platjieskraal (Lindeshof) en Volmoed (by Hemel en Aarde). Lisa en Bessie kon nie kinders hê nie, maar het deur die jare verskeie pleegkinders in hulle sorg gehad.

Lisa het nog saam met sy pa en broers op Diamant geboer toe hy in 1916 getroud is, maar hy is na sy huwelik daar weg om op Klipheuvel by Caledon te gaan boer. Daar was hy blykbaar ook

nie baie lank nie voordat hy as deelsaaier by John Beyers van Leeukraal, Lindeshof, op sy plaas Platjieskraal gaan vestig het. Daar het hy baie jare geboer.

Hy het hoofsaaklik koring, asook 'n bietjie gars en hawer gesaai. Hy het nie skape gehad nie, maar darem 'n hele klompie varke wat hy na die oes onder toesig van 'n wagter op die lande laat wei het om die are op te tel. Daar was nie osse nie, maar verskeie spanne perde en muile waarmee hulle op die plaas geploeg het. Hy het gewoonlik 'n drievoorploeg gebruik waarvoor jy minstens ses trekdere moes inspan. Lisa het die eerste Lanz Bulldog-trekker in die Platjieskraal-omgewing gehad. Bessie het lêhoenders gehad en sy was lid van die Eierkring en het die eiers weggestuur. Aanvanklik het hulle self die eiers uitgebrou, maar later jare soveel as 500 kuikens op 'n slag ingekoop.

Lisa het die plasie Volmoed in die Hemel en Aarde-vallei in 1938 gekoop met geld wat hy op Platjieskraal losgeboer het en deur 'n verbandlening te registreer. Op Volmoed is daar met groente geboer; aartappels, patats, uie, ensovoorts. Die plasie lê aan die Onrusrivier en daar was genoeg water. Die tuine was teenaan die rivier en Lisa het 'n vleiland in die rivier droog gelê om daar ook te kon groente plant. Die grootste deel van die plaas was te steil om te bewerk. Lisa het in 1943 die beste deel van Volmoed verkoop om sy verbandskuld te verminder, maar in dieselfde jaar het baie swaar reën in die streek uitgesak wat verwoestende oorstromings in die vallei veroorsaak het en dit het al sy groentetuine oorstrom. Een deel van die bewerkbare grond is heeltemal deur die vloedwater weggespoel en 'n ander deel is onder 'n dik laag sand bedek. Dit sou winsgewende groenteboerdery op die oorblywende stukkie baie moeiliker maak. Lisa het daarna as 'n smous begin werk en groente en vrugte opgekoop wat hy op sy lorrietjie gelaai het en op Hermanus gaan smous het.

Een van Lisa se pleegkinders was sy broer Jan (d2) se seun Jan (d2e3) wat as sestienjarige in 1945 weer op Volmoed begin groente plant het. Hy het spoedig 'n tamaties begin kweek wat hy netjies in houtkissies gepak en na die Kaapse mark aangery het. Dit was 'n heel winsgewende onderneming. Hy het ook uie, geelwortels, kopkool en waatlemoene so verkoop. Die inkomste daaruit was egter net genoeg om op die plasie te oorleef. Uiteindelik is die plaas in 1957 aan Jan (d2e3) oorgedra. Lisa het Parkinson se siekte gekry en is in 1960 oorlede. Bessie het daarna op verskillende plekke gewoon en is in 1969 in 'n versorgingsoord in Kuilsrivier oorlede.



Die kinders van Hendrik (c12): Pieter (d7), Chrissie (d6), Hansie (d5), Hennie (d3), Jannie (d2) en Elisa (d1).

[Foto: Hanlie Wiese]

- d2 Jan Hendrik (*Jannie*) * Botrivier 22.11.1891 ~ Caledon 2.2.1892 † 23.3.1983 x Swellendam 22.12.1925 Beatrice Magdalena **VAN ZYL** (*Beatie/Beat/Sus*) * Swellendam 5.8.1899 † Standerton 19.3.1979 (7 k). Op die huweliksregister word Jannie se beroep aangegee as boer, Diamant, en Beatie s'n as onderwyseres, Hermitage. Hy boer op Diamant, Bontebokskloof en Kinko (Swellendam), asook op Ganskraal (Lindeshof) en Afdak (Hermanus). Later vestig hy op Hermanus en Swellendam.

Jannie het eers saam met sy pa en broers op Diamant geboer en is ook getroud terwyl hulle op Diamant was. Hulle het 'n eie klein huisie op die plaas gebou waar sy drie oudste kinders gebore is. Na die bankrotskap van sy pa op Diamant het Jannie met sy gesin na Bontebokskloof verhuis waar hy by Remo Barry, wat die plaas gehuur het, as bysaaier gewerk het. Dit het aanvanklik goed gegaan en hy het 'n goeie graanopbrengs veral op nuut geploegde lande gekry. Hy kon plaasimplemente aanskaf en later selfs 'n trekker. Hulle het ook hoenders gehad en 'n groot groentetuin en was selfversorgend.

Een jaar was die koringgerwe soos gebruiklik op 'n groot koringmied gepak toe die dorsmasjien opdaag om die graan uit te dors. Die dorsery was skaars onderweg, toe die

dorsmasjien aan die brand slaan en daarna ook die koringmied met die jaar se hele oes in vlamme opgaan. Asof een so 'n finansiële ramp nie genoeg is nie, gebeur dit enkele jare later 'n tweede keer. Wanneer so iets plaasvind, kan skuld nie betaal word nie en word dit moeilik om te oorleef tot die volgende jaar se oes. Toe Barry se huurkontrak verstryk het, het die gesin na Kinko (Swellendam-distrik) getrek om daar ook om 'n deel te saai. Daar was hulle net twee jaar. Die tweede jaar het dit so aanhoudend gereën dat die graan op die lande grasgroen geword het soos die korrels in die aar uitgelopen het en daar niks geoes kon word nie. Een oggend het die skuldeisers net na melktyd gekom en al die koeie kom haal, ook die implemente, die wa, die perdekar, die perde en die muile. Daarvandaan is al hulle besittinkies agter op 'n lorie in 1940 weggebring Lindeshof toe waar hulle by Hennie Beyers van Ganskraal gaan bly het en Jannie as plaasvoorman aangestel is teen £2, 'n slagskaap en 'n sak meel per maand. In 1942 trek die gesin na Afdak naby Hermanus waar Jannie by Sas Delpport 'n woonplekkie gekry het en 'n stukkie tuingrond wat hy kon bewerk in ruil vir 'n deel van die opbrengs. Toe kom die groot vloedreën van 1943 wat die gronddam en al die leiwaterslote weggespoel en die einde van die boerdery beteken het.

Jannie het besluit om nie langer te boer nie. Hy en sy gesin is Hermanus toe waar hy as bouer, karweier en nutsman allerhande werkies gedoen het. In 1948 het hy en Beatie na Swellendam teruggetrek waar Beatie na haar bejaarde ouers in die Hermitage kon omsien en Jannie weer as bouer kon werk soek. In 1956 het hulle op die dorp gaan bly in 'n tweede huisie op die perseel van sy broer Hennie (d3). Daar kon Jannie steeds tuinmaak. In 1966 het Jannie en Beatie na Standerton verhuis waar hulle naby hulle dogter Joey van Zyl op die plaas gewoon het. Hulle is daar oorlede.

- e1 Hendrik Petrus (*Vaal Hennie*) * Diamant, Swellendam 24.9.1926⁷⁶ ~ Swellendam 7.11.1926
 † Hermanus 26.11.1998 x Hermanus 26.2.1949 Sophia Magrieta **FRANKEN** (*Sophie*)
 * Stanford 15.11.1924 † Hermanus 28.11.2011 Ω Onrusrivier (5 k). Hendrik het direk na sy skoolopleiding op HTS Oudtshoorn, waar hy 'n NTS-kwalifikasie in motorwerktuigkunde behaal het, in Kaapstad gaan werk by 'n firma wat elektriese motors vervaardig het. Hy was nie lank daar nie, toe skryf hy in om sy ambag te voltooi by 'n garage in Hermanus. Hy het sy praktiese opleiding op Hermanus by Fourie se garage, wat toe Dyason se garage geword het, gedoen. Hy en Sophie is in 1949 getroud. Petro is in November 1950 gebore en so ses maande daarna in 1951 het hulle Swellendam toe getrek. Daar het hy by Slakkie Diedericks se garage gaan werk. Daarna het hy by Spilhaus op die dorp gaan werk en onderskei homself veral met die herstel van trekkers en plaasimplemente. Sy swaer, Ben van Zyl, het toe vir hom 'n betrekking by Oska Engineering op Standerton gekry. Hulle het in Julie 1968 daarheen verhuis. In 1987 het hy op Witsand afgetree.
- f1 Jacoba Petronella (*Petro*) * Hermanus 6.11.1950 x Standerton 25.11.1972 Hannes **PRETORIUS** * 14.11.1951.
 [g1] Theuhan **PRETORIUS** * 9.3.1977 x Corinda **JANSE VAN RENSBURG** * 18.6.1976. Pastoor van die VEK, Secunda. (2 k: Tiffany * 6.11.2002 en Xander * 1.2.2006)
 [g2] Henro **PRETORIUS** * 17.11.1981 x Desiré **PILE** * 4.9.1981 (2 k: Michael John * 19.6.2004, Ethan * 22.3.2007 en Mia * 26.7.2012).
- f2 Beatrice Barbara (*Beatie*) * Swellendam 24.11.1953 x Standerton 30.6.1973 Hendrik Johannes **MUNRO** (*Henry/Jakkals*) * 24.10.1952.
 [g1] Yvette **MUNRO** * 1.12.1976 x Anton **MEYER** * 5.10.____ † Oudtshoorn 26.9.2010. (2 k: Anro en Annabé).
 [g2] Sumarie **MUNRO** * 12.1.1981 x Nico **WASSERMAN** * _____ (2 k: Suniq en Marko).
 [g3] Marlisa **MUNRO** * 27.1.____ x Gert **VAN DER MERWE** * _____ (1 k: Mariané).
- f3 Jan Hendrik (*Jan*) * Swellendam 29.5.1957 x Standerton 28.7.1979 Gertuida Magdalena **SWARDT** (*Daleen*) * 6.3.1960 (2 k) (÷) xx Cheryl _____ (÷).
 g1 Janine * Standerton 23.2.1981 x **FERREIRA** (÷).
 g2 Henry * Standerton 25.1.1984.
- f4 Sophia Henriëtta (*Hetta*) * Swellendam 14.5.1959 x Standerton 1.9.1979 Simon L. **JANSE VAN VUUREN** (*Basie*) * 3.3.1958.
 [g1] Celeste **JANSE VAN VUUREN** * Standerton 11.8.1982 x Buffeljagsrivier 4.4.2009 Freddie **BOTHA** * 3.4.1979.
 [g2] Riekert **JANSE VAN VUUREN** * Johannesburg 21.12.1989.
- f5 Elisabet (*Betsie*) * Swellendam 14.6.1966 † Standerton 11.5.1976.

⁷⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/7, nr. 504/1926.

- e2 Frederik Jacobus (*Frikkie/Pikkie*) * Diamant, Swellendam 12.9.1927⁷⁷ † Swellendam 17.4.2012 x Newcastle 21.4.1956 Magrita Susanna **KRITZINGER** (*Rita*) * Ladysmith 23.7.1933 (3 s). Frikkie matrikuleer aan die H.J.S. Paarl in 1945. In dieselfde jaar gaan hy na Vereeniging om by Amcor as laboratoriumassistent te begin werk tot in 1952 toe hy na Amcor op Newcastle verplaas word. Daar kry hy spoedig losies by tant Sannie Kritzinger. Hy trou in 1956 met haar dogter Rita. In 1957 bied Amcor vir Frik 'n studiebeurs aan om Universiteit toe te gaan. Frik was reeds 29 jaar oud, maar bespreek die geleentheid met sy vrou en skoonouers en besluit om vanaf Februarie 1957 by die Potchefstroomse Universiteit vir die graad BSc met Chemie en Geologie in te skryf. Weens finansiële omstandighede kon Rita nie saamgaan Potch toe nie. Frik behaal sy graad en keer na Newcastle terug waar die gesin vir baie jare sou woon tot met sy aftrede in 1987. Die Amcor-staalfabriek is in die vroeë jare deur Yskor oorgeneem en Frik het met aftrede 42 jaar diens in die staalbedryf op Newcastle gehad waar hy Assistent-Superintendent van die Kooksoonde en Neweprodukte-aanleg en later Superintendent Chemiese Dienste was. Hulle vestig vanaf 1 Januarie 1988 op die klein plasië Erfdeel op Buffeljagsrivier. Frik het vir 'n aantal jare die Langebergkoöperasie se perskedepot hanteer wanneer die perskeplukseisoen aangebreek het. Frik het in die laat sestigerjare 'n aantal kursusse in Bybelkunde en Sistematiese Teologie deur Unisa geslaag. Op Buffeljagsrivier het hy 'n korrespondensiekursus in Gevangenisbediening gedoen en het etlike jare by die gevangenis op Buffeljags in hierdie bediening gestaan. In 1999 het Frik 'n dubbele knieervanging laat doen wat hom weer sonder ongemak kon laat beweeg. Hulle verhuis in 2006 van die kleinhoewe op Buffeljagsrivier na 'n huis in Swellendam.
- f1 Jan Hendrik (*Jan/Jannie*) * Newcastle 17.3.1957. Matrikuleer aan die Hoërskool Volksrust. Behaal BPharm, HonsBSc (Farmakologie), BPhil (cum laude), MSc (cum laude) en DSc (Farmaseutiese Chemie) aan die PU vir CHO. Hy is 'n apteker. Was dosent in die Departement Farmaseutiese Chemie aan die PUK (1982-1990), daarna radiochemikus aan die Nasionale Versnellersentrum, Faure, Somerset-Wes (1990-1998), daarna bestuurder van die farmaseutiese afdeling van Enerkom, Pretoria (1998-2002), en later tegniese bestuurder by The House of Aloes, Albertinia. Opsteller van hierdie register. Hy publiseer ook ander familieregisters en boeke oor die dorpie Witsand, waar hy tans (2022) nog woon.
- f2 Willie Kritzinger (*Willie*) * Newcastle 15.12.1960 x Mariëtte **SHAW**. *1962. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Volksrust. Behaal MBChB aan die Universiteit van Stellenbosch, HonsBSc (Farmakologie) aan die Noordwes-Universiteit en MBL aan UNISA. Hy praktiseer as huisarts eers op Giyani en later op Hoedspruit. Hy werk tans (2007-) in Saoedi-Arabië.
- g1 Frederik Jacobus (*Jaco*) * Pietersburg 6.3.1991.
- g2 Adri * Pietersburg 29.8.1995.
- f3 Frederik Cronjé (*Pikkie*) * Newcastle 4.12.1968 x Buffeljagsrivier 27.2.1993 Juanita **DU TOIT** (*Nita*) * Groot Brakrivier 9.2.1968. Pikkie kwalifiseer as motorwerktuigkundige by Strand Toyota, Strand. Hy werk later as werkswinkelbestuurder op die Erinvale Gholfplandoed, Somerset-Wes, daarna as Assistent-baanopsigter, St Francis Links, St Francisbaai en toe as baanopsigter van die St Francisbaai-gholfklub. Vervolgens werk hy vir die Desert Group in Dubai, daarna vir 'n onderneming in Abu Dhabi. Sedert 2021 het hy op Swellendam gevestig.
- g1 Marius Francois (*Marius*) * 25.9.1989 x 2022 Christy **WONG**. Tans in Abu Dhabi.
- g2 Stefan Jacobus (*Stefan*) * Somerset-Wes 20.6.1996 x 2022 Alexis **ROJAS**. Tans in Florida, VSA.
- e3 Jan Hendrik (*Jan*) * Diamant, Swellendam 2.9.1928⁷⁸ † Oudtshoorn 1.3.2016 x Susanna Johanna Gertruida **MOK** (*Susie*) * 18.11.1926 † 31.1.1980 (2 s en 1 d) xx Magriet **BOTHA** (geb. **MEY**) (÷) xxx Rina **BURGER** (geb. **MYBURGH**) (÷). Nadat hy die skool verlaat het, begin hy in 1945 saam met oom Ouboet (c5d1 hierbo) op Volmoed in Hemel en Aarde boer. Daar kweek hy onder meer tamaties, uie, geelwortels, kool en waatlemoene wat hy persoonlik met 'n International-lorrie met hoë sykante aanry om op die Kaapse mark te verkoop. Hy het verskeie jare geboer voor hy in 1954 vir Charles Lawrie in sy snyblom- en tjiengerientjееbolle-keukery in Hemel en Aarde (Hermanus) begin werk het. Na sy troue in 1959 het hy by Leonard Kervan op Champagne, op die pad na Middelpaas naby Greyton begin werk. Daar het hulle met appelkose en ook perskes geboer. Hy het daar ook 'n melkery met meer as 20 melkbeeste en 'n varkboerdery begin. In 1964 het Jan en Susie na die plaas De Keur by Ceres getrek waar hy vir die Du Toits begin werk het. In 1969 het hy naby Standerton begin boer, eers op die plaas Joubertsvlei en daarna op New Denmark. Vervolgens het hy twee jaar

⁷⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/8, nr. 501/1927.

⁷⁸ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 480/1929.

- by die munisipaliteit van Rustenburg gewerk, eers in die onderhoudsafdeling en daarna by parke, waarna hy op Witsand gaan aftree het waar hy deelyds vir die Barrys op hulle plaas met hulle skaapkudde gehelp het. Hy was later op Oudtshoorn in 'n ouetehuis..
- f1 Elizabeth Debora (*Debbie*) * 11.4.1960 x Standerton 4.4.1980 Hannes **RAUTENBACH**. Hulle boer op Aandenking in die distrik Vrede. Hannes behaal BProc en Debbie BSc Huishoudkunde aan die PU vir CHO.
- [g1] Janie **RAUTENBACH** * Potchefstroom 12.7.1981 x Johan **BOTHA** * 3.8.1980 (2 k: Joban * 19.10.2010 en Henré * 23.4.2013)
- [g2] Elize **RAUTENBACH** * Standerton 10.9.1983 x Chris **ROELOFSE** * 14.8.1981 (1 d: Kara * 20.4.2013)
- [g3] Org **RAUTENBACH** * Standerton 22.7.1986 x Monique **BOS** * 27.8.1986.
- f2 Jan Hendrik (*Jan*) * Caledon 18.4.1962 x Ermelo 28.9.1985 Johanna Cecilia **LOTTERING** (Joan) * Vryheid 18.7.1965. Jan is 'n elektrisiën.
- g1 Clarisa * Ermelo 24.4.1986 x Glentana 11.2. 2012 Shaun **WILLIAMS** * Vryheid 2.7.1982.
- g2 Jan Hendrik * 5.12.1988.
- f3 Isidore * 7.1.1969 x Elria **MALAN**
- g1 Lisia * George 23.11.1996.
- g2 Isidore * George 13.12.1999.
- e4 Barbara (*Babs*) * Bontebokskloof, Swellendam 23.3.1931⁷⁹ x Strand, Willem David **SMITH** * 4.9.1927 (1 s en 3 d). Na haar skoolloopbaan wou Babs kraamverpleging doen, maar daarvoor moes jy 21 jaar oud wees. Babs begin toe op Montagu verpleeg waar sy in die verpleegsterstehuis gewoon het. Daarvandaan is sy na die *Peninsula Maternity Home* vir haar kraamopleiding, maar het dit nooit voltooi nie omdat sy toe gaan trou het. Sy en Willem Smith is in November 1952 in die Strand getroud. Willem was 'n Spoorwegamptenaar. Terwyl Willem op "aflos" was, het Babs 'n ruk lank by die teringhospitaal in Seepunt verpleeg. Aanvanklik het sy en Willem by haar skoonouers in die Strand gewoon, maar met haar swangerskap het hulle hul eie woonplek gekry. Babs het toe vir haar skoonouers in die Werdakafee in die Strand gehelp. Willem het op talle stasies gewerk, w.o. die Strand (1952), Deelfontein naby De Aar (1959), Moravia naby Piketberg (1960-61), Uitenhage (1963), Strand (1964), Kimberley (1965-66). Terwyl hulle op Kimberley gewoon het, het Willem na-ure vir sy niggie in haar Halfway House Hotel gewerk. Daarna werk hy weer in die Strand (1967-1969), Tsumeb in Suidwes-Afrika (1970-71), en Cradock (1972). In 1973 koop Willem die Halfway House Hotel by die Vorsters en bestuur hy en Babs die hotel tot sy dood in 1986. In 1987 koop Babs 'n meenthuis in Bloemfontein. Daar woon sy en Barbara 'n paar jaar totdat Babs die eiendom verkoop en by haar suster Joey op Villiersschrik en later op Standerton gaan woon het. Sedert 2014 woon Babs in Huis Lettie Theron op Hermanus.
- [f1] Willem Dawid **SMITH** (*Billie*) * 9.1.1955 † Kleinbrak 11.11.2019 x Ansie **MEINTJES** (2 k: Annelize en Willem Dawid (*Dawie*)), afgetree op Kleinbrakrivier.
- [f2] Beatrice **SMITH** (*Betsie*) * Strand 29.10.1959 x 13.12.1980 Stephen Christiaan **SLIPPERS** (*Stephen*) * 31.5.1958 (1 k: Beatrice Barbara (*Bibi*) * Bloemfontein 24.10.1983 en Stephen * Pretoria 11.6.1985) Hulle woon naby Gansbaai.
- [f3] Anna Catharina **SMITH** (*Ansie*) * 15.5.1962 † 7.6.2005 x Henning **VAN WYK** (1 s: Henning (oorlede) en 2 d: Nadine en Benita).
- [f4] Barbara **SMITH** * Tsumeb 27.6.1969 tans in Nieu-Seeland (1 s: David).
- e5 Johanna Jacoba (*Joey*) * Bontebokskloof, Swellendam 26.8.1933⁸⁰ † Standerton 7.9.2021 x Swellendam 9.4.1955 Barend Bartholomeus **VAN ZYL** (*Ben*) * 15.11.1924 † Standerton 15.3.2013. (1 d en 3 s). Joey is direk na matriek OKP toe in die Paarl waar sy 'n tweejaar-kursus volg en die Laeronderwysdiploma behaal van 1952 tot 1953 vir onderrig van standaard 2 tot standaard 5. 'n Swellendamse onderwyser, mnr. Nato Ferreira, het haar gehelp om 'n onderwysbeurs te kry en haar oom, Hansie Langenhoven het haar £70 gegee om klere te koop vir Kollege. Uiteindelik het sy net een jaar (1954) en 'n kwartaal in 1955 op Vanwyksdorp skoolgehou voordat Ben van Zyl haar by die Onderwysdepartement "uitgekoop" het om in April 1955 te trou. Joey was daarna haar lewe lank boervrou op Villiersschrik by Standerton. Daar het sy haar skoonouers, oom Apie en tant Lettie van Zyl, wat in 1918 van Swellendam af Transvaal toe getrek het, in hulle laaste jare versorg. Haar eie ouers het toe ook in die laat sestigerjare by hulle kom woon en sy het hulle ook opgepas. Ben was jare lank 'n boer op Villiersschrik en Uitkyk, Standerton. Joey en Ben het in Standerton afgetree.

⁷⁹ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 238/1931.

⁸⁰ ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 526/1933.

- [f1] Beatrice Barbara **VAN ZYL** (*Beatie*) * Standerton 10.6.1956 x Jan Hendrik **ZWARTS** (*Blackie*) * 27.1.1954. Boer op Villiersschrik en Joubertsvlei, Standerton. (3 k: Joey, Manie en Ben.)
- [f2] Abraham Petrus Gerhardus **VAN ZYL** (*Braam*) * Standerton 11.3.1958 x Annemarie **VAN ZYL** * 8.4.1957 (4 k: Sanja, Jonita, Alicia (oorlede) en Barend). Instrumentmaker. Braam boer op Villiersschrik, Standerton.
- [f3] Jan Hendrik Langenhoven **VAN ZYL** (*Jan*) * Standerton 11.3.1958 x Rian **VAN DER WALT** * 6.9.1962 (2 k: Mariëtte * 27.2.1984 en Ben * 13.10.1986). Jan boer op Villiersschrik, Uitkyk en Joubertsvlei, Standerton.
- [f4] Ben **VAN ZYL** * Standerton 22.8.1964. Ongetroud. BSc(Landbou). Werk in Kaapstad.
- e6 Jacobus (*Koos*) * Bontebokskloof, Swellendam 6.3.1935⁸¹ † 16.10.2010 x Newcastle 26.3.1959 Daniela Meyera **STRYDOM** (*Daniela*) * Glencoe 19.11.1935 † Vereeniging 24.3.2001, (1 d). Koos wou 'n motorwerktuigkundige word, maar motorwerktuigkundiges het destyds bitter min verdien. Sy broer Frikkie (Pikkie) het hom Vereeniging toe laat kom want daar kon hy in die staalbedryf 'n goeie verdienste verkry as hy 'n geskikte ambag sou loop. Op Vereeniging is hy aanbeveel om 'n vormgieter ("moulder") te word. Koos begin op sestien jaar sy ambagsopleiding as vormgieter by die Apexgieterij in Vereeniging waar hy by die Nelgesin loseer. Daarna aanvaar hy 'n pos by Falkirk op Newcastle en werk ook 'n ruk vir Falkirk op Hattingspruit terwyl hy op Dundee woon. Hy ontmoet sy vrou, Daniela Strydom, die dogter van die stasiemeester, op Newcastle. In 1963 tree hy in diens by Vekor in Vanderbijlpark. Hy werk ook by Uniestaalkorporasie (Usco), Central Engineering (later Rex Nord en Nordberg). Uiteindelik werk hy weer by Vekor vir die Dorbylgroep waar hy om gesondheidsredes op 56 aftree. Hy en Daniela het baie jare in Drie Riviere, Vereeniging, gewoon.
- f1 Chrisna * Newcastle 18.11.1960 x Drie Riviere 20.11.1982 Thomas Hendrik **JACOBS** (*Hennie*) * Vereeniging 18.1.1960 † Vereeniging 2.8.2020. Hennie was 'n passer en draaier op Vereeniging.
- e7 Eliza Marthinus (*Lisa/Tienie*) * Bontebokskloof 2.8.1937 † Hermanus 13.9.2014 x Bloemfontein 9.10.1961 Elizabeth Anna Maryna **LOMBARD** (*Bettie*) * 29.1.1940 (3 s). Lisa het reeds op HTS Oudtshoorn sy NTS as skrynwerker verwerf. Hy skryf in vir sy vakleerlingskap by mnr. Piet Jacobs, 'n bouer op Hennenman, maar moes uiteindelik sy opleiding as skrynwerker by mnr. Dunston, 'n bouer op die goudvelde by Welkom en Virginia voltooi. Daarna sluit hy by die Geniekorps van die Weermag op Kroonstad aan wat vakmanne gesoek het en werk 'n tyd lank as Staandemaglid. Vervolgens begin hy sy eie bouonderneming. 'n Vriend, ene Roux, oorreed hom om saam met hom in vennootskap te bou en hulle koop uiteindelik saam 'n hoewe naby Cullinan, maar Roux het Lisa ingelooep en hy moes leë hande uit die besigheid padgee. Hy begin toe weer as ambagsman te werk by die oprigting van die groot nuwe Sonderwater-gevangenis op Cullinan. Hy sluit daarna by die Gevangenisdiens aan as opleidingsbeampte op Sonderwater. Daarna verhuis hy na Newcastle waar hy weer in vennootskap met ander as bouer vir Noord-Natal Bouers begin werk. Hierdie bou-onderneming was baie suksesvol. Hy en sy vennoot het selfs 'n glasveselbesigheid begin waar hulle om die beurt gebou en glasveselwerk gedoen het en onder meer skibote gebou het. Daarna koop Lisa 'n hoewe by Shannon naby Bloemfontein waar hy 'n melkery begin. Hy verskuif na 'n groter melkery by Fairview naby Shannon. In hierdie tyd melk hy soggens en saans, maar bedags werk hy in die boubedryf by die oprigting van 'n nuwe fase van die Pelonomi-hospitaal by Bloemfontein. Daarna koop hy die plaas Bosrand naby Ficksburg en bedryf ook daar 'n melkery. Hy verkoop die melkery om die plaas Endor by Paul Roux te koop waar hy ook 'n melkery bedryf. Nadat hy die plaas verkoop het, begin hy weer op Ficksburg huise bou, maar kry daarna 'n pos by die Qwaqwa-ontwikkelingskorporasie op Phuthaditjhaba. Hulle woon eers op Phuthaditjhaba en verskuif daarna na Harrismith terwyl hy by die Ontwikkelingskorporasie werk. Op die ouderdom van 55 koop hy 'n erf in Franskraal en bou daar 'n woonhuis en begin 'n nuwe bou-onderneming by die see. Hy leer sy jongste seun, Tinus, die boukuns en tree af op Franskraal. Hy en Bettie verskuif daarna na Huis Lettie Theron op Hermanus.
- f1 Johannes Hendrik (*Johan*) * Kroonstad 1.4.1964 x Bloemfontein 24.9.1988 Almarie **POTGIETER** * Welkom 20.8.1965. Johan werk as IT-kundige by Petra in Lime Acres.
- g1 Johan Hendrik * Welkom 1.4.1992.
- g2 Almar * Welkom 13.2.1994.
- g3 Jomari * Bloemfontein 11.1.2000.
- f2 Deon Francois (*Deon*) * Kroonstad 5.9.1966 x Hartebeesfontein, Aletta **VAN DEN HEEVER**. Deon studeer ingenieurswese aan die Universiteit van Potchefstroom en

⁸¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/12, nr. 208/1935.

Pretoria. Het gewerk by Kumba op Sishen, tans op Bloemfontein. Aletta behaal BSc(Verpleging) aan die Puk (geen k).

- f3 Marthinus Jacobus (*Tinus*) * Newcastle 1.11.1969 x Christa **VAN RIJN** * Worcester 6.5.1974. Bouaannemer op Franskraal en Gansbaai.
g1 Christien * Hermanus 11.6.1999.

- d3 Hendrik Petrus Johannes (*Hennie*) * 1.2.1894 ~ Caledon 10.4.1894 † Riversdal 23.9.1981 x Swellendam 18.3.1924 Petronella Anna van Niekerk **VAN ZYL** (*Nellie*) * Swellendam 16.5.1898 † Swellendam 4.7.1971 (7 k). Hy was 'n boer op Diamant (Swellendam), Diepkloof (Albertinia), Rietkuil en Bergsig (Swellendam).

Hennie het eers saam met sy pa en broers op Diamant geboer. Reeds in 1928, voordat die familie se gesamentlike boerdery op Diamant, met die dood van die verbandhouer in 1929 (soos beskryf by c12 hierbo), op 'n ramspoedige bankrotskap uitgeloop het, het Hennie die plaas verlaat en Albertinia toe getrek. Dit is dalk 'n aanduiding dat hy as jongman reeds 'n goed ontwikkelde oordeelsvermoë gehad het, beter as dié van sy pa en broers, dat hy byna 'n visioenêr was en gesien het die boerdery en die verbandskuld op Diamant op 'n krisis sou uitloop. Hy het aanvanklik op Diepkloof by Thys Streicher, met wie hy 'n gevestigde vriendskapsband gehad het, 'n rukkige geboer. Daarna het hy as deelsaaier by oom Douw Willemse op Rietkuil (Swellendam) begin boer. Hierdie verbintenis met die Willemses sou sowat 20 jaar duur voordat die Langenhovens moes padgee omdat die Willemse-seuns toe groot genoeg was om 'n eie boerdery te begin.

Hennie het toe 'n deel van Disselfontein, naby Buffeljagsrivier by Swellendam, gekoop en dit Bergsig genoem. Daar was aanvanklik nie 'n huis nie en hulle het in Swellendam gaan woon. Hulle seun Henrie (e2) het op Bergsig begin boer.

Terwyl Hennie nog op Rietkuil was en sy broer Hansie (d5) op Klipheuwel (Swellendam) geboer het, het hulle reeds sekere implemente saam gekoop en by beide boerderye gebruik. Dit was klaarblyklik ook een van Hennie se insigte wat vir hulle tot groot voordeel was. Hierdie vennootskap het reeds in die vroeë dertigerjare begin en mettertyd uitgebrei sodat hulle later trekkers, dorsmasjiene en implemente saam gekoop het en dit nie net vir hulle eie boerderyaktiwiteite gebruik het nie, maar ook vir ander boere op kontrak graan gedors het. Hulle het baie selde nuwe masjiene gekoop, maar het gewoonlik tweedehandse trekkers en dorsmasjiene gekoop wat Hansie reggemaak het omdat hy besondere tegniese vaardighede gehad het. Hennie het later 'n lys van trekkers en dorsmasjiene opgestel wat tussen 1930 en 1968 in hulle besit was en dit sluit in 24 McCormick-Deerings en 19 ander soorte trekkers, asook 18 McCormick-Deering-koringdorsmasjiene en 5 ander fabrikate. Verder ook 9 McCormick-Deering-stropers en 3 ander fabrikate. Met hierdie vloot het hulle in die distrikte van Swellendam, Bredasdorp, Heidelberg, Riversdal, Stilbaai en selfs George gedors, maar ook in die Klein-Karoo by Barrydale en Ladismith. Sommige jare het die dorsmasjiene selfs op Matjiesfontein, Laingsburg, Sutherland en Calvinia gaan werk, asook by Fouriesburg, Clocolan en Ficksburg in die Vrystaat en by Maclear, Indwe en Cala in die Oos-Kaap. Dit was 'n uitgebreide onderneming wat daartoe gelei het dat beide Hennie en sy broer Hansie suksesvolle boere geword het en vir hulle seuns ook grond kon koop.

Toe die seuns by die boerdery betrokke begin raak het, het hulle die implemente verdeel en die vennootskap ontbind. Ook grond wat hulle binne die vennootskap gekoop het, is toe verdeel.

Hennie het vir twee van sy seuns, Frikkie (e3) en Lisa (e5), persele in die Vaalhartsskema gekoop waar hulle gevestig en suksesvolle boere geword het.

Hennie en Nellie het in Swellendam bly woon. Hennie het die vennootskap se boeke gehou en die rekeninge uitgestuur en die geld ingevorder. Nellie is tien jaar voor haar man oorlede en sy seun Henrie twee jaar voor hom. Hennie is op Riversdal oorlede waar hy in die ouetehuis was.

- e1 Anna Petronella (*Anna*) * Hermitage, Swellendam 13.2.1925⁸² † 3.2.2004 Ω Riversdal x Swellendam 13.2.1957 Daniel Sarel **PENTZ** (*Danie*) * Riversdal 7.9.1905 † Riversdal 2.9.1985 (3 k). Danie was die s.v. Daniel Sarel Salomon Pentz * 21.8.1874 x 30.9.1897 Jacoba Cronjé * 30.9.1878 † 14.12.1910. Danie was voorheen getroud met Hester Conradie † 1951 met 4 kinders. Anna het beplan om Onderwys te gaan studeer. Haar klere en goed was reg, maar toe die matriekuitslae kom, het sy Geskiedenis en Biologie gedruip. As jy twee vakke druipe, sak jy die standerd, maar Anna kry 'n hereksamen en toe slaag sy Biologie. Sy kon toe nie onderwys gaan leer nie en het vir Verpleging ingeskryf. Sy was eers twee maande in Vereeniging, maar was glad nie gelukkig daar nie. Toe skuif sy Bloemfontein toe waar sy haar opleiding voltooi het. Daarna het sy haar kraamopleiding by die Skiereilandse Kraamhospitaal in Distrik 6 gaan doen. Toe is Anna 'n paar maande na die Lady Buxton Home waar sy 'n kursus in Moederkunde (Babavoeding) gaan loop het. Daarna kry sy 'n pos by die hospitaal op Riversdal. Dis waar sy vir Danie Pentz ontmoet het. Voor hulle getroud is, het sy egter die pos van distriksverpleegster op Kleinmond aanvaar. Daarna het sy ook vir die King Edward Order of Nurses op Swellendam gewerk. Die organisasie het tuisverpleging

⁸² ARW: HAWC 1/3/47/3/7, nr. 102/1925. Haar ouers se woonadres word as Diamant aangegee, maar haar geboorteplek as die Hermitage.

gedoen. Na haar huwelik met Danie Pentz op Anna se 32ste verjaarsdag op 13 Februarie 1958 is sy weer terug na Riversdal se hospitaal waar sy lank genoeg gewerk het om later die matrone te word. Danie was 'n wewenaar met vier kinders. Hy en Anna het op die plaas Vergenoeg teen die berg naby die Slapende Skoonheid by Riversdal geboer. Hy was 19 jaar ouer as Anna. Hulle het saam ook drie kinders gehad. Toe die kinders begin skoolgaan, het hulle dorp toe getrek waar Danie reeds 'n huis besit het. Na sy dood het Anna nog lank alleen daar gebly. Sy is in Februarie 2004 oorlede en was nooit in die ouetehuis nie.

- [f1] Petronella Anna **PENTZ** (*Petro*) * Riversdal 13.1.1958 x Pretoria 27.7.1981 Deon **FOURIE** (÷) (2 s: Jacques en Dewald). Petro is 'n verpleegsuster by die Pretoria-ooghospitaal.
- [f2] Hendrik Petrus **PENTZ** (*Hennie*) * Riversdal 29.9.1959 x Blouberg 15.12.1991 Michelle **HAMBIDGE** * _____. Onderwyser aan HTS Bellville. (2 s, #, Roché en Corné).
- [f3] Susanna **PENTZ** (*Susan*) * Riversdal 5.7.1961 x Riversdal 19.4.1982 Johan **COETZEE** * 1.7.1961 (2 s: Pierre * 11.12.1984 en Danie * 22.10.1986). Woon in Pretoria.
- e2 Hendrik Petrus (*Henrie*) * Albertinia 13.2.1928 † Kaapstad 20.11.1978 x Marchand 14.7.1956 Christina Magdalena **VAN DEN HEEVER** (*Kittie*) * Plaatjiesfontein naby Nababeep 28.4.1932 † Swellendam 9.4.2017 (3 s). Henrie se pa het hom altyd Hennerie genoem. Henrie het motorwerktuigkunde op HTS Oudtshoorn geleer wat hom goed te pas gekom het by die herstel van trekkers. Hy was egter ook betrokke by die herstel van die ou blikdorsmasjiene. Hy was deel van sy pa se dorsonderneming totdat die vennootskap Bergsig in 1957 gekoop het. Bergsig het eers in 1972 op Henrie se naam gekom en toe hy vroeg oorlede is, is die plaas in trust gehou totdat sy seun Johan die ouderdom van 25 bereik het (1985) waarna hy die plaas oorgeneem het. Henrie het in 1974 'n ernstige hartaanval gekry. In 1976 het hy weer 'n terugslag gekry en in 1978 het Kittie en Hennie (Kokkie) van Zyl hom Kaapstad toe geneem waar hy opgeneem is sodat 'n spesialis na hom kan kyk. Terwyl hy daar in die hospitaal was, het hy 'n hartaanval gekry en is dood. Henrie was maar 50 jaar oud. Kittie het vanaf 1951 by die Hugenote Kollege op Wellington 'n driejaardiploma in Maatskaplike Werk gedoen. Sy was in die eerste groep Maatskaplike studente. Toe doen sy aansoek vir die ACVV-pos as maatskaplike werkster op Swellendam. Sy vertel: "Ek het nie gedink ek het 'n kans nie, maar toe kry ek die pos. Tannie Miemie Rothman was nog hier. Sy het gesê sy is bly hier kom nuwe bloed. Dis deesdae nie meer so erg nie, maar destyds as jy nie op Swellendam gebore is nie, sou jy nooit as 'n Swellendammer aanvaar word nie. Ek was maar 22. My gebied het selfs Suurbraak, Sparrebos, Stormsvlei en Malgas ingesluit. My skoonma was goed met naaldwerk en sy het saam met my Stormsvlei toe gery om 'n werksklas vir vroue te begin."
- f1 Hendrik Petrus (*Henk*) * Pinelands 21.4.1958 x Stellenbosch 17.12.1983 Carol **LATSKY** xx Pretoria 29.4.2009 Sonja **DREYER**. Henk bekwaam hom as Ekoonom aan die Universiteit van Stellenbosch en het ook BAHons in Staatsleer. Hy was lank die uitvoerende direkteur van SACEC, die Suid-Afrikaanse Federasie van Siviele Ingenieurskontraakteurs en is tans hoofekoonom van Minerals Council South Africa.
- g1 Hendrik Petrus (*Henri*) * Stellenbosch 12.3.1986.
- g2 Christo Pierre (*Christo*) * Stellenbosch 30.12.1987.
- f2 Johannes Albertus (*Johan*) * Pinelands 25.5.1960 x Swellendam 7.1.1984 Marieta **LOURENS** * 23.8.1962, d.v. Lang Herman en Christa Lourens van Swellendam. Johan boer op Bergsig, Buffeljagsrivier. Marieta behaal B(Huishoudkunde) aan US.
- g1 Christina * Swellendam 5.7.1987. Behaal BSc en HOD aan US en hou skool aan Hoërskool Laborie in die Paarl, later Swellendam.
- g2 Hennerie * Swellendam 26.4.1990 † 25.7.1993 (neuroblastoom).
- g3 Herman * Swellendam 11.4.1992. Behaal Brek (US). Werk as rekenmeester op Swellendam.
- f3 Frederick Jakobus (*Jaco*) * 14.7.1963 x Stellenbosch 1998 Anneke **ROBERTSON** * 11.4.1965 (÷) (3 d) xx Kareedouw 16.12.2011 Judika **FERREIRA** (geb. **VILJOEN**) * 28.6.1970. Jaco is veearts op Kareedouw.
- g1 Helena * Pretoria 8.10.1992. Arbeidsterapeut.
- g2 Anja * Pretoria 10.2.1995.
- g3 Christine * Kareedouw 5.4.2001.
- e3 Frederik Jakobus (*Frikkie/Klein Frikkie*) * Hermitage, Swellendam 19.1.1930⁸³ † Hartswater 23.11.1992 x Vaalharts 10.7.1954 Susanna Magdalena **BURGER** (*Susan*) * Petrusburg 13.7.1930 † Jan Kempdorp 17.8.2007. Susan was 'n d.v. Willem en Johanna Burger van Schweizer-Reneke. Frikkie het in standerd 9 op 16-jarige ouderdom in die Barrydale-distrik

⁸³ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 40/1930. Sy ouers se woonadres word as Rietkuil aangegee, maar sy geboorteplek as die Hermitage.

begin dors. Hy was groot vir sy ouderdom en daar was seuns op daardie plase wat vir hom "Oom" gesê het en later moes uitvind hy is jonger as hulle. Hy is deur sy familie Klein Frikkie genoem om hom te onderskei van sy neef, Frikkie van Zyl, wat by hulle grootgeword het en as Groot Frikkie bekend was. Susan Burger het in Hartswater in 'n prokureurskantoor gewerk en dis waar Frikkie haar ontmoet het. Frikkie het die perseel in die Vaalharts, wat in besit was van die vennootskap tussen sy pa en sy oom, in 1956 gekry. Hy en Susan het reeds in die middel-sestigerjare 'n tweede perseel in die Vaalharts vir £12,000 gekoop wat op Susan se naam geregistreer is. Dit was 'n dubbelgroot perseel wat so groot gesny is omdat daar baie klip op was. Hy het deur die jare ook verskeie ander persele gekoop en sy lewe lank in die Vaalharts geboer.

- f1 Johanna * Jan Kempdorp 7.3.1956 x Hartswater 30.9.1978 Josias Hendrik **DELPORT** (*Sias*) * Jan Kempdorp 22.9.1954.
 [g1] Susanna Magdalena **DELPORT** (*Marlene*) * 23.10.1979 x Randburg, 8.11.2008 Gary **KNIGHT** (1 d en 1 s: Krystyna en Eryk). Marlene is 'n apteker.
 [g2] Hendrina Magdalena **DELPORT** (*Adri*) * 10.5.1981. Adri is 'n Finansiële Raadgewer en Boekhouer.
- f2 Petronella (*Petro*) * Jan Kempdorp 22.9.1958 † Fouriesburg 7.3.2010 x Hartswater 26.1.1980 Linde **DU PLESSIS** * 29.9.1953 (4 k) Boer op Bloemhoek, Fouriesburg.
 [g1] Chris **DU PLESSIS** * Bethlehem 24.5.1981 x Martie-Mari **WOLMARANS** * 31.8.1983 (1 s: Linde * 26.5.2011).
 [g2] Adèle **DU PLESSIS** * Bethlehem 5.3.1983 x Francois **HAMMAN** * _____ (1 s: Marius)
 [g3] Elané **DU PLESSIS** (*Lanie*) * Bethlehem 4.7.1985.
 [g4] Frederik Jacobus **DU PLESSIS** (*Kosie*) * Bethlehem 19.8.1986.
- f3 Hendrik Petrus (*Hennie*) * Hartswater 30.7.1960 x Kimberley 3.3.1984 Elmarie **DE BRUIN** * Springbok 30.4.1961.
 g1 Frederik Jacobus (*Frikkie*) * Hartswater 17.11.1985.
 g2 Cecile * Hartswater 18.10.1989.
 g3 Henry * Hartswater 2.10.1992.
- f4 Willem Burger (*Burger*) * Hartswater 30.7.1964 x Luna **WILMANS** (geen k) xx Hartswater 16.9.2004 Helaine **SWANEPOEL** * 28.11.1968 (1 d).
 g1 Bianca * Bloemfontein 12.6.2005.
- f5 Susanna Magdalena * Hartswater 17.8.1966 † Hartswater 18.8.1966 Ω Hartswater.
- e4 Johanna Jacoba (*Hannie*) * Rietkuil, Swellendam 24.8.1931⁸⁴ † 11.10.1995 x De Doorns 20.3.1982 Van der Spuy **BEUKES** (geen k). Van der Spuy was voorheen getroud met Margaretha Jordaan * 29.10.1922 † 26.1.1981. Hannie het nie na-skoolse opleiding gehad nie. Sy het na skool eers vir etlike jare by Craffordmeubels op Swellendam as sekretaresse en boekhouer gewerk. Daarna het sy lank by die CSV-hoofkantoor op Stellenbosch sekretariële werk gedoen. Hannie het 'n woonstel in Stellenbosch gedeel met Lettie Lategan, 'n suster van die Springbokrugbyspeler, Tjol Lategan. Uiteindelik het sy sekretaresse geword by die ouetehuis op De Doorns waar Van der Spuy Beukes, 'n boer van De Doorns, haar ontmoet het. Hy het kort na hulle troue opgehou boer en by haar in die ouetehuis gaan woon. Hannie was later daar in die siekeboeg toe sy vanweë veelvuldige sklerose verswak het en is later daar oorlede.
- e5 Eliza Marthinus (*Lisa/Ouboetie*) * Rietkuil, Swellendam 22.7.1933⁸⁵ x Citrusdal 16.1.1960 Elsabé **MÜLLER** * 3.11.1935 (3 k). Elsabé is die d.v. Jasper en Sarie Müller van Citrusdal. Lisa was die derde seun van oom Hennie en tant Nellie. Henrie, die oudste seun, heet natuurlik na sy oupa, maar ook na sy pa. Die tweede seun, Frikkie, het sy oupa aan moederskant se name gekry. Daarom moes die derde seun volgens konvensie die name van sy pa se oudste broer Lisa (Eliza Marthinus) (c12d1 hierbo) kry. Dit was veral gepas omdat oom Lisa en tant Bessie nie eie kinders gehad het nie en sy naam dus nie sou voortgaan nie. Maar, synde die oudste kind in sy gesin, was oom Lisa (c12d1) ook bekend as Ouboet. En daardie noemnaam word toe ook sommer die noemnaam van klein Lisa (e5) van oom Hennie, al was hy reeds die derde seun! Om die onderskeid duidelik te maak, het sy gesinslede hom egter nie as Ouboet aangespreek soos sy oom nie, maar as Ouboetie.
 Ouboetie het na matriek ingeskryf vir BSc op Stellenbosch. Sy matriekpunt vir Engels in standaard 10 was egter nie hoog genoeg om universiteitsvrystelling te kry nie. Hy is egter toegelaat op voorwaarde dat hy Engels moes herhaal. Hy was in 1952 en 1953 op Universiteit, maar nadat die Registrateur in sy tweede jaar die lewe vir hom moeilik gemaak het oor sy matriek-Engels, het hy sy studies gestaak. In 1954 het hy 'n eenjarige diploma as

⁸⁴ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 484/1931.

⁸⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 470/1933. Daarin word sy voornaam Elisa gespел.

gesondheidsinspekteur voltooi en in die eerste drie maande van 1955 sy praktiese opleiding by die Afdelingsraad Worcester voltooi. Hy het nooit as gesondheidsinspekteur gepraktiseer nie, maar onmiddellik by sy pa se boerdery ingeval. Hy het dadelik saam met sy broer Henrie begin boer. In 1959 het sy pa hom gehelp om sy eie perseel in die Vaalharts te koop. Vanaf Februarie 1960 begin hy in die Vaalharts boer. In die laat sestigerjare het Lisa en Elsabe 'n tweede perseel in die Vaalharts vir R40,000 gekoop. Hulle het deur die jare ook verskeie ander persele gekoop en hul lewe lank in die Vaalharts geboer. Hulle het op Jan Kempdorp afgetree.

- f1 Hendrik Petrus (*Hein*) * Hartswater 12.4.1961 x Loeriesfontein 15.12.1984 Elmarie **LOMBARD** * 11.2.1964 (÷) (3 k) xx Bloemfontein 10.7.2010 Carin **JORDAAN** * 10.4.1971.
 g1 Anja * Jan Kempdorp 25.2.1986 x Jan Kempdorp 11.1.2013 Hennie **LE ROUX**.
 g2 Eliza Mathinus (*E.M.*) * Jan Kempdorp 2.7.1988.
 g3 Francois * Jan Kempdorp 11.12.1992.
- f2 Jasper Müller (*Müller*) * Hartswater 13.5.1964 x Oktober 1997 Jerene **DE JONGH** (÷) xx Harrismith 26.2.2011 Wendy **EDWARDS**. * 31.3.1969.
- f3 Sarah Johanna (*Saré*) * Bloemfontein 25.4.1978 x Bloemfontein 22.3.2003 Johan Hendrik **PIENAAR** (3 k). Johan is 'n landbou-ingenieur. Saré behaal BComRek en MCom.
 [g1] Migael Johannes **PIENAAR** (*Mias*) * Pretoria 13.8.2007.
 [g2] Daniël Marthinus **PIENAAR** (*Daniël*) * Pretoria 18.3.2010.
 [g3] Janke-Marié **PIENAAR** * Pretoria 26.5.2011.
- e6 Maria Magdalena (*Maria/Rakie*) * Rietkuil, Swellendam 22.8.1934⁸⁶ x Swellendam 31.12.1966 Albertus Johannes **VAN ZYL** (*Bertie*) * Pienaarsbult, distrik Springbok 29.8.1934 (2 s en 2 d). Na matriek is Maria vir haar verpleegopleiding na die Pretoria Algemene Hospitaal (later H.F. Verwoerd, Pretoria Akademies en Steve Biko) vir 3½ jaar. Daarna is sy vir nege maande na die Skiereilandse Kraamhospitaal in Distrik 6 vir kraamopleiding. Sy sê dit was 'n unieke hospitaal wat net eerste bevallings en abnormale kraamgevalle opgeneem het. Hulle het ook per motor uitgegaan na kraamgevalle in die distrik. Vanaf 1958 tot op die datum van Republiekwording 31 Mei 1961 het sy in die Karl Bremer-hospitaal in Kaapstad gewerk. Daarna aanvaar sy 'n pos by die KPA se aflosverpleegpersoneel. Hulle het verpleegpersoneel na plattelandse hospitale uitgestuur waar daar tekorte was. So het Maria afloswerk gedoen (gewoonlik drie maande op 'n plek) by onder meer die hospitale op King Williamstown, Robertson, Springbok (nog voor sy vir Bertie geken het), Garies, Vredendal, Citrusdal, Ladismith en Fort Beaufort. Op Citrusdal het sy vier maal afgelos. Sy het ook op Hartswater afgelos toe albei haar broers daar geboer het. Sy kry daarna die pos as matrone van die hospitaal op Hartswater. Sy ontmoet Bertie van Zyl in Januarie 1965 toe hy strooijonker was vir sy neef se troue in die Vaalharts. In Desember 1965 aanvaar sy die pos as klinieksuster op Kamieskroon. Op Oujaarsdag 1966 is sy en Bertie op Swellendam getroud. Sy het na haar troue steeds by die Kamieskroonkliniek bly werk. Hulle plaas Naries is so 40 km suid van Kamieskroon. Van 1972 tot 1979 het sy nie gewerk nie, maar op die plaas gebly. Vanaf 1979 het sy drie jaar lank by die mobiele kliniek van die afdelingsraad op Springbok gewerk. Daarna het sy eers vir sewe jaar by die hospitaal op Springbok en daarna vir drie jaar by die hospitaal op Garies gewerk. In 1993 het sy op 58 'n pakket aanvaar en op vervroegde pensioen gegaan. Sy was toe nog blakend gesond, maar het na aftrede geleidelik al moeiliker begin loop. Op haar 70ste verjaarsdag kon sy skaars loop. 'n Neuroloog het eers in 2007 die diagnose van veelvuldige sklerose gemaak. Dis dieselfde siekte wat haar suster Hannie gehad het. In 2001 is sy by die hospies op Springbok vir twee jaar versorg en daarna by Huis Namakwaland op Springbok. Rakie en Bertie het binne 'n jaar van mekaar albei hartomleidingsoperasies gehad. Bertie het aanvanklik met karakoelskape geboer, maar later met dorpers. Hy saai 'n bietjie droëland vir voer. Bertie het ook grond gekoop in die Boesmanland, omtrent 30 km suid van Aggenys en hulle seun Albert het ook die buurplaas gekoop. Daar boer hulle ook met skaap. Hulle het ook beeste en bokke.
 [f1] Petronella Anna **VAN ZYL** (*Ronel*) * Springbok 18.12.1967 x Springbok 6.4.1991 Pierre Albertus **CARSTENS** * 14.11.1962 (2 k: Johan en Marike).
 [f2] Albertus Johannes **VAN ZYL** (*Albert*) * Springbok 15.2.1970 x Garies met Alet **VISSER** * 20.3.1978. Hulle boer op Naries in die distrik Kamieskroon (1 s en 1 d).
 [f3] Hester Wilhelmina **VAN ZYL** (*Hettie*) * Springbok 11.9.1972 x Springbok 23.3.1996 Stefanus Johannes **OOSTHUIZEN** (*Fanie*) * 9.6.1971. Fanie is 'n ingenieur, maar boer nou in Namibië (2 s en 1 d).

⁸⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 568/1934.

- [f4] Hendrik Langenhoven **VAN ZYL** * Springbok 18.9.1975 x Panorama 27.10.2007 Ilse **DIPPENAAR**. Hendrik is 'n prokureur en Ilse is 'n rekenaarkundige (1 s: André Jean).
- e7 Christina Hendrina (*Christa*) * Rietkuil, Swellendam 19.1.1943 x Northcliff, Johannesburg 10.7.1970 Edward Llewellyn **BRODDLE** (*Eddie*) * Southwell, Portland, Engeland 1.5.1939 † Panorama, Kaapstad 12.9.1997 (2 d). Christa behaal BA en 'n Nagraadse Hoër Diploma in Biblioteekkunde aan die Universiteit Stellenbosch in 1964. Sy werk eers twee maande vir die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskuif daarna na die Oos-Londenstreek. Daar het sy die destydse Transkei vol gereis met besoeke van die boekwa aan Matatiele, Umzimkulu, Keiskammahoek, Stutterheim, Peddie, Hamburg en talle ander plekke. Daarna werk sy in die Graaff-Reinetstreek en besoek Somerset-Oos, Middelburg en Aberdeen. Sy gaan draai daarna by die staatsbiblioteek in Pretoria en kry insiggewende blootstelling aan die rekenarisering van die nasionale boekregister (SANB). Na haar troue gaan werk sy by die Johannesburgse openbare biblioteek. Daarna ook 'n jaar by die Florida-biblioteek. In 1971 gaan woon hulle naby Mooinooi in die omgewing van Rustenburg en trek in 1980 na Pretoria en in 1983 na Bloubergstrand. Vanaf 1986 werk sy byna 20 jaar by verskeie Stadsbiblioteke, onder meer die Kaapse Stadsraad se vakbiblioteek vir ingenieurs en stadsbeplanners. Sy was ook personeellid van die munisipale naslaanbiblioteek wat gekonsentreer het op die verspreiding van tydskrifartikels wat handel oor publieke administrasie en munisipale diensverskaffing aan munisipaliteite in die Kaapse metropool. Eddie was 'n outo-elektrisiën.
- [f1] Petra **BRODDLE** * Brits 7.6.1973. Sy behaal BSc met Plant- en Dierkunde aan US. Het 'n ruk in Richmond, Londen, gewoon en by Kew Gardens gewerk, maar is nou terug in Kaapstad en is 'n kenner van Kaapse fynbos. Ongetroud.
- [f2] Debra **BRODDLE** (*Debbie*) * Brits 29.7.1975 x Bloubergstrand 20.2.1999 Fred **LIEBENBERG** * 20.2.1975 (2 d). Sy behaal BCom aan die US en Fred werk as beleggingskundige by Ou Mutual.
- d4 Cornelia Josina Maria (*Cornelia*) * Botrivier 8.6.1896⁸⁷ ~ Caledon 16.8.1896 † Caledon 3.11.1906. In die Caledonse register van sterfgevalle word nie net Cornelia se sterfdatum verstrek nie, maar daar staan dat sy vir twee maande onder behandeling was deur dr. Rosenzweig en dr. Smuts en die oorsaak van haar dood was kwaadaardige siekte van die ovarium.⁸⁸
- d5 Johannes Jakobus (*Hansie*) * Botrivier⁸⁹ 16.6.1899 † Swellendam 30.4.1962 x Robertson 1928 Aletta Jacoba **MARAIS** (*Lettie*) * Robertson 4.1.1898 † Tygervallei 13.9.1979 (5 k). Hy was 'n boer op Diamant, Klipheuwel en Uitkyk, Swellendam. Toe hy in 1930 van Diamant af weg is waar hy saam met sy pa en broers geboer het, het hy by Nolsie Uys, die eienaar van Bontebokskloof (Swellendam), 'n gedeelte van die plaas gehuur waar hy as deelsaaier kon boer. Daar moes hy self 'n huisie vir sy gesin oprig. Hansie het die grond baie jare gehuur omdat oom Nolsie nooit aan hom 'n stuk wou verkoop nie al het hy hom oor die jare meermale gevra. Toe oom Nolsie Uys uiteindelik eendag by Hansie aankom en sê hy wil die plaas verkoop, het Hansie dadelik 'n koopbrief laat opstel en dit laat onderteken, maar toe kry oom Nolsie spyt en wou die koop kanselleer terwyl dit al op pad was na die aktekantoor. Hansie wou egter nie en dit het tot 'n ongelukkige twis gelei. Uiteindelik het Klipheuwel tog in Hansie se besit gekom en hy het die res van sy lewe daar gesaai en met skape geboer, maar die gesamentlike dorsonderneming wat hy in vennootskap met sy broer Hennie (d3) bedryf het, het uiteindelik 'n veel groter inkomste gegenereer. Hansie het 'n baie belangrike bydrae tot die onderneming gemaak deur met sy tegniese vaardighede die tweedehandse dorsmasjiene te herstel en in stand te hou. Toe sy seun Rooi Hennie (e1) in 1955 getroud is, het Hansie na die plaas Uitkyk by Buffeljagsrivier getrek sodat Rooi Hennie die boerdery op Klipheuwel kon voortsit. Hansie het na die ontbinding van die vennootskap steeds op sy eie vir boere op kontrak graan gedors. Die tragiese branddood van sy seun Rooi Hennie het Hansie se gesondheid 'n groot knou gegee en hy is met motorneuronsiekte gediagnoseer. Hy en Lettie het op Swellendam gaan woon. Sy seun Koos het na Rooi Hennie se dood op Klipheuwel begin boer en die ander seun, Naas, op 'n gedeelte van Disselfontein wat Hansie vir hom gekoop het. Hansie was betrokke by kerksake en het hom beywer vir die afstigting van die NG Gemeente Buffeljagsrivier. Hy was ook voorsitter van die Swellendamse distriksraad van die Nasionale Party en het die versoek om as kandidaat in 'n Volksraadsverkieping te staan egter van die hand gewys.
- e1 Hendrik Jakobus (*Hennie/ Rooi Hennie*) * Diamant, Swellendam 5.1.1929⁹⁰ † Riversdal 5.1.1958 x Swellendam 18.6.1955 Sarah Wilkinson **MOOLMAN** (*"Arah"*) * 19.6.1934 (2 k). Arah is die d.v. Pieter Lafras Moolman en Maria Eliza (*Miemie*) Louw (voorheen Diedericks) van Swellendam. Hennie was baie intelligent, maar was nie so lief vir die boeke nie. Hy was

⁸⁷ Haar geboortedatum in die Caledon geboorteregister word aangegee as 22.6.1896, sien ARW: HAWC 1/3/4/3/1 nr. 234/1896.

⁸⁸ ARW: HAWC 1/5/4/5/2, bl. 99.

⁸⁹ Sy geboorteplek word in die Caledon geboorteregister aangegee as Botrivier, Veldkornetskap Bot- en Palmietrivier – ARW: HAWC 1/3/4/3/1 nr. 437, bl. 200.

⁹⁰ ARW: HAWC 1/3/4/7/3/8 nr. ___

egter besonder sterk prakties aangelê. Hy het op Klipheuwel naby Buffeljagsrivier geboer. Hannatjie sê sy het gehoor die ouens by Spilhaus op Swellendam het partykeer mense na Hennie toe gestuur, dan maak hy vir hulle 'n onderdeel! Hy was verskriklik vernuftig. Sy broer Lisa (Ouboetie) sê: "Hennie was miskien meer van 'n kwajong terwyl Koos die voorbeeldige seun was. Hennie is op die ouderdom van 29 oorlede, maar hy het in sy kort lewe baie meer gedoen as baie ouens wat oud geword het. Hy was 'n man wat 'n patent kon maak wat werk. Hy het hierdie vernuftigheid seker van sy pa gekry." Sy suster Hannatjie sê Hennie het 'n vurige geardheid gehad. Hy was altyd haastig op pad iewers heen, maar hy was nie bakleierig of kwaai nie. Sy weduwee, Arah, sê hy was 'n wonderlike mens met 'n uitgaande geardheid en 'n hart vir mense. Hy het baie vriende op die dorp gehad. Hy het omgee vir mense.

Hennie sterf nadat hy aan 'n brandstoftenk gesweis het. Toe die dampe in die tenk vlamvat, blaas dit die bak vol afgetapte paraffien wat daar naby gestaan het oor hom en hy doen ernstige brandwonde op. Arah is later weer getroud met Willem O'Connell, 'n onderwyser van Barrydale. Hulle woon nou op Stilbaai.

- f1 Johannes Jakobus (*Johan*) * Swellendam 4.5.1956 x 11.12.1981 Cornelia Johanna **REYNOLDS** (*Nelita*) * Eshowe 19.6.1956 (2 s en 1 d). Johan verwerf eers 'n diploma in Bosbou en daarna 'n diploma in Tuinbou en het daarna as bosbou- en tuinboukundige gewerk, maar later vir Fedmis-kunsmis en ander firmas op Caledon. Nelita het skoolgehou. Johan is tans 'n sakeman op Caledon.
- g1 Jané * Paarl 17.2.1983 x Caledon met Pieter **SWART**. Jané kwalifiseer as skoonheidsterapeut by *Isa Carstens* op Stellenbosch.
- g2 Jacobus Willem (*Jaco*) * Paarl 4.6.1985. Hy studeer Argitektuur aan UPE en praktiseer as argitek in Namibië.
- g3 Reyno Pieter (*Reyno*) * Paarl 8.2.1990.
- f2 Marelize * Swellendam 14.12.1957 x Paarl 13.7.1977 Louis Lawrence **O'EHLEY** * Port Elizabeth 4.1.1956.
- [g1] Edmund **O'EHLEY** * George 1.3.1978 x René **PIENAAR** * 4.10.1980 (2 k: Kayla en Edmund).
- [g2] William **O'EHLEY** * George 5.6.1980.
- [g3] Sanell **O'EHLEY** * George 2.9.1981 x Bredasdorp 7.5.2011 Dirkie **BOTHMA** * 20.6.1984. (1 k: Nika * 19.9.2012)
- [g4] Marie-Louise **O'EHLEY** * Bredasdorp 10.5.1985.
- e2 Jakobus Daniël (*Koos*) * Diamant, Swellendam 10.8.1930⁹¹ x Stellenbosch 6.9.1958 Anna Maria **LOUW** (*Anita*) * Stellenbosch 20.7.1934 (3 k). Koos matrikuleer op Swellendam. Hy vertel: "Ek het nie gedink ek sou ooit kon gaan boer nie. Daar was net die een plaas Klipheuwel en ek het maar altyd aanvaar Hennie sal die boer wees. Ek het vir BSc Landbou op Stellenbosch behaal en na my studies 'n pos as voorligtingsbeampte by die Departement Landbou gekry en was op Molteno gestasioneer toe my broer Hennie skielik oorlede is." Koos het vir die Noordoos-Kaap (NOK) as flank en agsteman rugby gespeel terwyl hy op Molteno was. Rugbykenner het hom as 'n baie goeie losvoorspeler beskou. Sy neef Lisa (Ouboetie) sê dat Koos, in 'n wedstryd waarin hy vir NOK teen die OP in Port Elizabeth gespeel het, skitterend vertoon het. En dat hy as Speler van die Wedstryd aangewys sou word as dit destyds die gebruik was. Anita sê 'n vrouetydskrif het die aantreklike blonde flank selfs vir die Springbokspan gekies!
- Na sy broer Hennie se dood het hy op Klipheuwel gaan boer. Later verkoop hy Klipheuwel en koop toe Bakleisdrijf naby Swellendam. Hy het Bakleisdrijf later verkoop en op 1 Januarie 1975 met sy gesin weer Stellenbosch toe getrek sodat hy verder kon gaan studeer. Hy het toe 'n HonsBSc-graad en 'n MSc-graad in Weidingskunde behaal. Omdat Koos Wiskunde moes hê, het hy sy kinders wat in standaard 6 en 8 was se Wiskundeboeke geneem en begin leer en toe voltooi hy matriekwiskunde op die ouderdom van 45.
- f1 Johannes Jacobus (*Jacques*) * Swellendam 22.8.1959 x Worcester 30.3.1985 Javoba Elizabeth **BOTHA** (*Lizbé*) * Worcester 18.10.1962. Jacques het aan die Kaapse Technikon as 'n tuinboukundige gekwalifiseer en werk op Hermanus. Lisbé is 'n huishoudkunde-onderwyser.
- g1 Jacobus Daniel (*Niel*) * Bellville 12.12.1988. Behaal BSc (Rekenaarstelsels) by Heriot-Watt Universiteit deur CTI in Durbanville. Werk by Capitec.
- g2 Anja * Bellville 9.8.1990. Studeer HonsBCom (Berdyfsielkunde).
- f2 Anna Maria (*Riana*) * Bellville 21.10.1961 x _____ Ariel **HUGO** * 13.6.1960 (3 k) (÷) xx Hennie **BECKER** * 20.7.1974. Riana het BA, HOD, met LO aan US behaal en is 'n onderwyser. Hennie is 'n prokureur op Upington.

⁹¹ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 498/1930.

- [g1] Francois **HUGO** * 13.3.1989.
 [g2] Jacobus Daniël **HUGO** (Cobus) * 29.1.1991.
 [g3] Anna Maria **HUGO** (Anmarie) * 2.1.1995.
- f3 Jacobus Daniël (*Daniël*) * Bellville 5.8.1965 x Stilbaai 24.4.1993 Karin **GOUWS** * Beaufort-Wes 6.8.1966. Studeer aan Elsenburg by Stellenbosch. Is 'n Wynboukundige by Welgegund. Verkoop ook 'n reeks wyne onder sy eie etiket, Laska.
 g1 Jacobus Daniël (*Jaco*) * Panorama, Kaapstad 17.5.1995.
 g2 Gerrit Stephan (*Gerrit*) * Panorama, Kaapstad 27.6.1997.
- e3 Johannes Jacobus (*Naas*) * Klipheuwel, Swellendam 8.4.1933⁹² † Swellendam 4.10.1964 x Swellendam 22.10.1960 Petronella **RADEMAN** (*Petro*) * 17.10.1938 † Tulbagh 1.4.2001 (2 k). Naas het 'n leerprobleem gehad. Tannie Lettie het altyd gesê hy het as baba 'n koorsaandoening gehad en dit het hom 'n knou gegee. Hy het ook 'n lekhart gehad wat veroorsaak het dat hy nie fisies harde werk kon doen nie. Hy is toe na die spesiale tegniese skool op Diskobolos in Kimberley om te leer om met leer te werk. Na voltooiing van die ambag het hy teruggekeer Swellendam toe en daar het oom Hansie vir hom 'n stukkie grond gekoop om op te boer.
 Naas was baie spitsvondig. Hy het 'n baie rustige en gematigde geaardheid gehad. Hy is met Petro Rademan getroud wie se ouers vir baie jare in die sogenaamde Ou Tronk in Swellengrebelstraat, Swellendam, gewoon het. Hulle het 'n dogter en 'n seun gehad voor Naas in sy dertigerjare oorlede is. Alhoewel Naas akademies nie sterk was nie, het hy 'n hoogs begaafde seun, wat na sy oupa Hansie vernoem is, gehad wat 'n Chemiese Ingenieur geword het. Hy het sy ingenieursgraad met lof behaal. Hy het 'n loopbaan in die mynbedryf gevolg en het selfs in Australië gewerk en is tans in Kanada.
 Toe Naas siek geword het, het hy soms deurmekaar geraak omdat sy hart nie voldoende bloed oor die brein kon pomp nie. Hannatjie vertel dat Naas snags benoud geraak en gewoel het. Hulle was bang hy val van die bed af en het toe by hom gewaak. Hannatjie sê: "Toe ons daar by hom sit, het ek vir die Here gevra om tog vir my 'n teken te gee dat ek kan weet of Naas gered is. Ek weet hy het die Here aangeneem as kind, maar hy het ook maar dinge gedoen wat hy nie moes nie. En terwyl ons daar sit, mompel hy aanmekaar. Jy kan hier en daar 'n woord uitmaak, maar niks maak sin nie. En skielik raak sy liggaam doodstil, asof hy ontspan, en hy sê met 'n duidelike stem vol verwondering: 'Dis goud! Dis alles goud!' Dit was vir my so kosbaar en dit was die teken waarvoor ek gevra het."
 Na Naas se dood is Petro weer op 1.1.1971 getroud met Petrus Albertus Mulder * 18.1.1928 van die plaas Onderste Paddagat naby Bitterfontein in Namakwaland. Hulle het een dogter, Hanlie, gehad, gebore 1971. Petro het verskeie oogoperasies gehad en was byna blind toe sy oorlede is. Sy is aan lewerkanker oorlede.
- f1 Christina Hendrika Hendrina (*Ina*) * Swellendam 17.11.1961 x Herman **DE KOCK** * 25.10.1952 † 2.6.2012 (÷) (1 d) xx André **VAN TONDER** van Worcester (÷).
 [g1] Geraldine **DE KOCK** * 17.1.1986 x Johan **GERMISHUYS** (1 s: Rohan). Hulle woon op Velddrif.
- f2 Johannes Jacobus (*Hans*) * Swellendam 9.12.1963 x Blanco, Petro **TERBLANCHE** (÷) (geen k) xx Alta **LEHMKUHL** (voorheen **NEL**?) * Durban 17.2.1964 (2 k). Hans was 'n ingenieur by De Beers en werk vanaf 2006 tot 2012 vir Rio Tinto in Australië en vanaf 2013 werk hy vir 'n goudmynmaatskappy in Kanada. Hy woon in Yellowknife in die Noordwes-Gebied van Kanada. Alta se dogter, Claire, uit haar eerste huwelik is ook deur Hans aangeneem.
 g1 Claire * Pretoria 28.3.1986 x Louis **NEL**. Johannesburg.
 g2 Emile * Messina 16.1.1994.
 g3 Sue * Lime Acres 14.2.1996.
- e4 Aletta (*Etta*) * Klipheuwel, Swellendam 18.8.1935⁹³ † ___ Junie 2002, ongetroud. Etta het na haar hoërskooljare op Robertson met verpleegopleiding begin. Daarna het sy by die Princess Alice Home, 'n hospitaal in Rondebosch, begin werk. Na 'n paar jaar by Princess Alice het sy by die Rooikruiskinderhospitaal gaan werk waar sy tot haar aftrede sou bly. Sy het vir baie jare daar in die verpleegsterstehuis gewoon en was 'n geliefde inwoner. Sy was lief vir die kindertjies. Sy het vir 40 jaar daar gewerk en die uitsonderlike prestasie behaal dat sy in daardie tyd nooit een dag met siekteverlof was nie! Haar suster, Hannatjie, vertel dat sy baie jare gelede 'n oproep van Etta ontvang het waarin sy opgewonde vertel het dat sy haar hart vir die Here gegee het. Sy het graag meegewerk aan geldinsamelingsprojekte vir sendingwerk en het veral 'n besondere band met die gesin van dr. Ernst van der Walt van die NG Kerk Rondebosch gehad. Na haar aftrede het sy in 'n ouetehuis-woonstelletjie van die NG

⁹² ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 232/1933. Hierin word sy geboortedatum as 10 April aangegee.

⁹³ ARW: HAWC 1/3/47/3/12, nr. 598/1935.

- Kerk Rondebosch gewoon. Sy is met blaaskanker gediagnoseer en is kort daarna aan huis van haar suster, Hannatjie, op Hartenbos oorlede. Tydens haar roudiens op Rondebosch het talle mense vertel wat Etta vir hulle beteken het. Sy was iemand wat omgee en uitgereik het na haar medemens. Haar lewe was een van praktiese Christenskap.
- e5 Johanna (*Hannatjie*) * Klipheuwel, Swellendam 21.8.1936 † 25.10.2022 x Swellendam 9 of 10.10.1965 Jacobus Hendrik Smit **SMAL** (*Koos/Kootjie*) * 10.2.1936 (3 k). Toe haar suster, Etta, in sub A was, het Hannatjie nog by die huis gebly, maar as Ousus van die skool af kom, het sy saam met haar geleer. Toe Hannatjie dus die volgende jaar ook op Rietkuil begin skoolgaan, het die onderwyser gesê nee wat, ons sit jou sommer in sub B saam met jou suster! So voltooi sy sub A en B in een jaar. Kobus van Dyk van Swellendam, wat by oom Hansie ingewoon het, het soggens die twee dogters met die perdekar Rietkuil toe geneem, waar hulle standerd 2 voltooi het. Daarna is hulle saam na die Laerskool Buffeljagsrivier. Hannatjie vertel: “Hulle het die idee gehad dat Etta nie so slim is nie en toe ons op Swellendam in die skool kom, wou hulle my ook in die spesiale klas sit. Dit was egter vir my ’n reuse-aanpassing toe ek in die groot skool kom. Toe sê my pa hy sal dit nie toelaat dat hulle my in die spesiale klas sit nie. En toe ek op hoërskool in standerd 7 kom, was ek soos ’n voëltjie wat uit ’n hokkie vrygelaat is, dit was vir my te heerlik met die verskillende onderwysers, van wie ek baie geken het omdat hulle vriende was met my ouers, en die werk was skielik vir my lekker en ek het begin goed vaar op skool.” Hannatjie het in 1954 op Swellendam matriek geslaag en is daarna vir drie jaar na die Universiteit van Stellenbosch waar sy ’n onderwysdiploma (HPOD) behaal het. Daarna besluit sy om eers as verpleegster te gaan werk en sy doen dit in die hospitaal op Malmesbury. Sy aanvaar daarna eers ’n onderwyspos by die Van Kerkenskool, Lakeview, Bloemfontein, en daarna is sy na Harrismith, maar toe haar pa siek word, het sy by haar ouers op Swellendam gaan bly. Toe dit lyk of oom Hansie beterskap toon, begin sy weer op Moorreesburg skoolhou, maar toe oom Hansie dood is, bedank sy en kom woon by haar ma tot in 1965. Sy ontmoet Koos Smal in daardie tyd en hulle trou in 1965. Koos het ’n tenkvrugmotor vir die Shell-brandstofmaatsakppy vanaf die depot op Buffeljagsrivier hanteer. Hy voltooi sy matriek deur ’n korrespondensiekollege en word daarna bestuurder van die brandstofdepot op Oudtshoorn. Hulle verhuis toe na Victoria-Wes waar Koos ’n drankwinkel bestuur het. Hannatjie het by ’n Kleurlingskooltjie op Hutchinson gaan skoolhou. Toe verhuis hulle Mosselbaai toe waar Hannatjie ’n bloemistewinkel koop. Koos het ’n plaas in die Herbertsdale-omgewing gehad wat hy verhuur het. Hy werk egter vir die ATKV by hulle swembad op Hartenbos. Na sy aftrede op Hartenbos werk hy vir ’n verdere ses jaar by die warmwaterswembad van Diazstrand.
- [f1] Christoffel Johannes **SMAL** (*Christof*) * 28.6.1967 x Pretoria, Theresa **NAUDÉ** (voorheen **BOTHMA**) * 1963. Telkom-hoofkantoor in Pretoria.
- [f2] Johannes Jacobus **SMAL** (*Johannes/Johan*) * 27.8.1968 † Johannesburg 13.4.2013 (nooit getroud). ENB-hoofkantoor, Johannesburg.
- [f3] Aletta **SMAL** (*Aletta/Chantelle*) * 13.1.1972 x Pretoria, Eugene **KRAAMWINKEL** * 20.9.1969 (3 d: Aleida * 7.12.1996, Hanchen * 14.10.2000 en Simone * 14.2.2002). Eugene is ’n bosbouer. Aletta het ’n Nguni-stoetery op Lothair bestuur, maar woon nou op Hartenbos.
- d6 Christina Maria (*Chrissie*) * Botrivier 28.12.1901⁹⁴ † Worcester 1.6.1991 Ω Robertson x Swellendam 16.11.1937 Benjamin Johannes **VAN ZYL** (*Ouben*) * 23.12.1891 † Parow 28.2.1956 (1 d) (±) xx Hermanus op 8.10.1940 Jacobus Ertwin Brand **WESSELS** (*Koos*) * 13.5.1902 † 13.9.1968 Ω Robertson (geen k). Ouben was ’n onderwyser en het geboer op Oubenheim, Vredendal. Hy was die s.v. Johannes Gideon van Zyl * 1853 en Susanna Sophia Johanna Greeff. Ouben was voorheen getroud met Stephanie Sybil Louw (oorlede Feb. 1937) en is na sy egskeiding van Chrissie weer getroud met Susanna Rosina Nortjé.
- Chrissie was in 1930, toe haar ouers nog op Diamant gewoon het, by hulle in die huis. Toe hulle op Swellendam kom vestig, was sy reeds dertig en nog ongetroud. Daar was kêrels wat in haar belanggestel het, maar dit het nie uitgewerk nie. Die vurige teenkating van haar ouers toe ’n geskeide man by haar kom vlerksleep het, het haar moontlik ook van ’n huweliksgeleentheid beroof. Haar lewensomstandighede met ouers wat begin oud en begin siek word het, het haar ook aan bande gelê. Haar pa is in 1937 oorlede. Dit alles kon meegewerk het tot die oordeelsfout om met ’n man te trou van wie sy baie min geweet het. Van Zyl, vir wie sy deur korrespondensie ontmoet het, se liefdevolle toenadering het dalk vir haar gelyk na ’n uitweg uit haar omstandighede. Uiteindelik is sy na ’n kortstondige huwelik van hom geskei en moes haar dogtertjie wat na die egskeiding gebore is alleen grootmaak. Sy het toe op Hermanus gaan woon waar sy ’n losieshuis tot stand gebring het en weer na haar ma omgesien het. Daar is sy in 1940 met Koos Wessels, ’n

⁹⁴ ARW: HAWC 1/3/4/3/2, nr. 35/1902, bl. 53.

haarkapper, getroud en het 'n huwelik van 48 jaar gehad. Sy en Koos het in 1948 na Robertson verhuis waar Chrissie 'n melksalon geopen en Koos weer as haarkapper gewerk het.

[e1] Johanna (*Hanlie*) **VAN ZYL** * Swellendam 20.9.1938 † Kaapstad 4.6.2023 x Robertson 18.12.1965 Johannes Willem Stephanus **WIESE** (*Johnnie*) * Kaapstad 1.1.1940 (2 d: Christelle Maré * 20.6.1967 en Soneen Wilhelmina * 26.10.1969). Nadat sy haar matriek voltooi het, het Hanlie dadelik by die Stellenbosse Munisipaliteit gaan werk vanaf 1957 tot 1961. In 1961 het sy by Federale Volksbeleggings in Leeuwenstraat, Kaapstad, gaan werk, maar het nie van die Kaap gehou nie en spoedig begin uitkyk vir ander werk. Sy was net vyf maande by Federale Volksbeleggings en keer daarna terug na die munisipaliteit van Stellenbosch. Saam met die eerste termyn het sy altesaam agt jaar daar gewerk. Daarna aanvaar sy 'n pos by Rembrandt op Stellenbosch totdat sy in 1965 met Johnnie Wiese getroud is. Johnnie was toe Senior Klerk by die tesouriedepartement van die munisipaliteit van Stellenbosch. Daarna is hulle vir 18 maande na die munisipaliteit van Wellington. In Julie 1970 het hy 'n rekenmeesterspos by die munisipaliteit van Worcester gekry waar hulle 25 jaar gebly het tot met sy aftrede op Onrus.

d7 Pieter Joubert Samuel (*Pieter*) * Grabouw 28.12.1903 † Swellendam 15.7.1971 x Riviersonderend 23.7.1929 Susanna Johanna **KEMP** (*Sannie*) * Swellendam 31.5.1908 † Swellendam 15.10.1981 (10 k). Hy was 'n boer op Diamant, Grootkloof (Heidelberg), Uitvlug (Caledon) en Uitkyk (Buffeljagsrivier) en Kinko (Swellendam-distrik). Toe die gesamentlike boerdery op Diamant in 1930 tot 'n einde gekom het, het hy en sy gesin na Grootkloof verhuis waar hy tien jaar as deelsaaiër by Johan Kunz geboer het. Die boerdery daar was ook nie 'n rasende sukses nie en Pieter se skuld het opgeloo. Hy het 'n groot gesin gehad. Uiteindelik het die skuldeisers al sy plaasimplimente en vee op 'n veiling verkoop, insluitende die trepkar en perd waarmee die kinders na die plaasskooltjie toe gery het. Daar was egter 'n Gunter-man wat die treppie en die perd gekoop en vir Pieter teruggegee het. Poon en die trepkar is toe in 1942 saam met die gesin Uitvlug toe.

Pieter het vir die De Wets op Uitvlug as plaasvoorman begin werk. Dit was 'n koring- en skaapboerdery en daar was 'n wingerd onder langs die rivier. Pieter moes die boerdery organiseer en die werk uitdeel. Hy het self met die kettingtrekker geploeg. Die Langenhovens het lêhoenders aangehou en die eiers aan die Eierkring gelewer. Pieter het selfs wyn gemaak van die druiwe op die plaas en daar is witblits gestook. Die kinders het op Dunghyepark skoolgegaan totdat die plaasskooltjie in 1945 gesluit is. Daarna moes hulle op Caledon skoolgaan.

In 1947 het die gesin na Hermanus verhuis waar Pieter by 'n bou-aannemer begin werk het. Hy was opsiener van die bouspan en hy het die fondasies op die bouversele uitgegrawe en die beton gegooi. Hy het ook steiers gemaak. Hy was nie onhandig met 'n troffel nie en het eiehandig 'n garage by sy huis opgerig en die dak opgesit. Hy is later weg by die bouer en het self allerlei verbeterings en aanbouings vir mense begin doen. Om hulle inkomste aan te vul, het tant Sannie loseerders ingeneem en in vakansietyd het hulle 'n deel van hulle huis verhuur.

In Maart 1952 het Pieter en Sannie toe van Hermanus na Uitkyk by Buffeljagsrivier getrek, 'n plasie wat aan sy broers Hennie en Hansie behoort het. Hy het die boerdery daar vir sy broers bestuur en het 'n groot groentetuin aangelê.

In 1955 wou sy broer Hansie op Uitkyk kom woon om naby aan sy plaas Klipheuwel te wees en toe het Pieter en Sannie na Kinko getrek waar hulle nie 'n boerdery bedryf het nie, maar darem 'n melkkoei aangehou het. Pieter het daar geleer karwatse vleg en Sannie het melkterte gebak om te verkoop.

In 1958 het hulle Swellendam toe getrek waar hulle agtereenvolgens in Augestraat, die historiese Ou Tronk en ou dubbelverdiepinggebou, wat beide nou deel van die Drostdymuseumkompleks is, en uiteindelik in die Hermitage gewoon.

e1 Sara Johanna (*Sara*) * Swellendam 5.10.1930⁹⁵ x Hermanus 7.10.1950 Johannes Nicolaas **RETIEF** (*Nico*) * De Doorns 19.11.1927 † Malmesbury 15.8.2013 (3 k). Nadat sy standerd 6 geslaag het, begin Sara as 'n winkelklerk by Lipschitz, 'n Joodse winkel op Hermanus te werk, wat materiaal aan die eenkant en hardeware aan die anderkant verkoop het. Daarvandaan het sy by die Bayview Hotel op Hermanus gaan werk toe mnr. Musson die hoteleienaar was. "Die blanke meisies moes die kamerbediening doen, maar daar was baie bruin meisies wat saam met ons daar gewerk het. Ek was later nie meer lus vir die nagwerkery nie en het toe by 'n Engelse tannie se klerewinkeltjie in die dorp gewerk. Ek het my man, Nico Retief, op Hermanus ontmoet toe sy pa daar kom aftree het van De Doorns af. Ons het saam volkspele gedoen en toe is ons op 7 Oktober 1950 getroud. Hy was toe 'n boerkind, maar hy het nie grond om op te boer nie. Hy het toe fotografie begin beoefen. Hy het soms van sy swart en wit-foto's ingekleur. Oupa George Retief koop toe weer 'n plaas Seekoekraal by Villiersdorp. Dit is nou onder die Theewaterskloofdam toegestoot. Daar begin oupa George weer op een

⁹⁵ ARW: HAWC 1/3/47/3/9, nr. 600/1930. Haar geboorteplek word as Swellendam aangegee, maar haar ouers se adres as Diamant, Swellendam.

deel te boer en gee die ander deel vir Nico. Oupa het op sy deel druiwe geplant en Nico het sy deel gesaai. Ons was net drie maande getroud toe oupa George Retief in Januarie aan 'n hartaanval oorlede is. Sy testament was toe klaar geskryf, maar nog nie geteken nie. Toe verkoop hulle die plaas. Die plaas is vandag byna heeltemal toe onder water. Nico se peetoom nooi hom toe in 1951 Loxton toe waar Nico damwalle en sluise gebou het. Hy het nêrens opleiding gekry nie. Ons het aan die begin in die hotel gebly en toe koop hy 'n karavaan. So het ons met die karavaan van plaas tot plaas beweeg waar hy gewerk het. Later het ons toe in 'n huis op die dorp gaan woon en toe koop Nico en Koos Tredoux saam die Loxton-garage. Van Loxton is ons Brandwag, Calvinia, toe. Susan was so ses maande oud. Daar het Nico damme gebou sodat as die Sakrivier afkom dit die reeks damme opvul. Ons was seker twee jaar op Calvinia en toe is ons Darling toe vir 'n jaar voordat ons in 1959 op Malmesbury kom bly het waar ons nou nog is." Hulle het in Junie 1967 'n kwekery op die dorp begin en dit vir baie jare bedryf totdat hulle seun George die kwekery onlangs oorgeneem het.

- [f1] George Pieter **RETIEF** (*George*) * Beaufort-Wes 7.2.1953 x Malmesbury 10.12.1977 Renske Maria **VIVIERS** (*Renske*) * Keimoes 28.6.1955 (2 k: Johannes Daniël (*Johan*) * 21.5.1979 en Renschia * 10.4.1982). Eienaars van Malmesbury-kwekery.
- [f2] Susanna Ester **RETIEF** (*Susan*) * Beaufort-Wes 15.8.1955 x Malmesbury 2.12.1978 Petrus Benjamin **SMIT** (*Piet*) * Hopefield 16.3.1955 (4 k: Sara Johanna * 11.10.1980; Susanna Ester * 13.6.1982; Petrus Benjamin * 27.10.1984; Tabita Henriëtte * 19.3.1986). Piet is 'n pastoor van die AGS, Malmesbury en Susan is opgelei as stafverpleegster te Malmesbury.
- [f3] Nicolene **RETIEF** * Malmesbury 16.11.1960 † Junie 2020 x Malmesbury 26.9.1987 Reinold Fredrich **BOCK** (*Reinie*) * Kenwyn, Kaapstad 13.6.1961 (2 k: Saralé * 19.10.1983; Heinrich Nicolaas * 30.9.1989).
- e2 Johanna Jacoba (*Hannie*) * Grootkloof, Swellendam 21.11.1931⁹⁶ x Ou Kerksaaltjie, Buffeljagsrivier 20.10.1956 Rudolph **DU TOIT** * Sutherland 10.2.1932 † Worcester 20.7.2000 (3 k). Hannie vertel: "Ek het na skool feitlik dadelik vir 18 maande op Tulbagh by mnr. Hough se prokureurskantoor begin werk totdat hy 'n hartaanval op kantoor gekry het en dood is. Daarna is ek Caledon toe om vir drie jaar by die Eksekuteurskamer te gaan werk waar die baas in die middel van 1950 oorlede is. Toe is ek terug Tulbagh toe waar ek ook vir 'n Eksekuteurskamer gewerk het waarvan die hoofkantoor in Malmesbury was. Daar het ek gewerk tot ek in 1956 getroud is. Dis net die eerste drie jaar van my werksloopbaan wat ek tikwerk gedoen het. Ek het meer van boekhou en syferwerk gehou. Na my troue het ek weer gaan werk. Ek het eintlik my lewe lank gewerk. My man Rudolph het by die telefoonsentrale op Wellington gewerk en hy was op die aflos."
- [f1] Suzette **DU TOIT** * Paarl 18.6.1959 x Dave **FISH** (÷) (1 d: Leigh-Anne * 30.11.1982) xx Anthony **MANLEY** (3 k: Christiaan * 3.12.1987; Michelle * 14.1.1993, William Arthur 13.9.1994). Suzette was 'n grondwaardin van die SAL. Dave was 'n lugmagoffisier in Pretoria. Anthony is 'n rekenaarkundige.
- [f2] Christiaan **DU TOIT** (*Chris*) * Paarl 19.7.1960 x Kaapstad met Janet **VAN STRAATEN** (2 k: Rudoph * 30.8.1984 en Marejuzhka * 30.12.1987) xx Marieta **MATTHEE** * 9.1.1958 (geen k).
- [f3] Pieter Joubert **DU TOIT** (*Pieter*) * Paarl 22.1.1967 x Miemsie **SMIT** * 19.8.19____ (2 s: Jean Pierre * 20.1.1991; Michael * 22.7.1993).
- e3 Susanna Johanna (*Susan*) * Grootkloof, Swellendam 18.5.1933,⁹⁷ ongetroud. In Desember 1950, net na matriek, begin Susan as tikster by die Windsor-hotel op Hermanus te werk. In Maart 1954 aanvaar sy 'n pos in die kantoor van die vrugteboer, Dennis Barry, op Lismore by Suurbraak. Vanaf Januarie 1955 tree sy as boekhoudster in diens by die Landbouafdeling van die Swellendamkoöperasie waar sy vir tien jaar gewerk het. In Januarie 1965 begin sy by die Magdalenahuis ('n tehuis vir ongehude moeders) in Kaapstad te werk. Daar was sy alles van sekretaresse en tuinopsigter tot kok en verpleegster! Sy tree uit hulle diens in Desember 1971 en aanvaar eers in Julie 1972 die pos as klerk in die Finansiële kantoor van die Wellingtonse Onderwyskollege. Daar het sy gewerk tot met haar aftrede in Julie 1998.
- e4 Hendrik Petrus (*Hennie/Boet*) * Grootkloof, Swellendam 17.9.1934⁹⁸ † 7.7.2021 x Strand 13.12.1958 Noeleen Esther **MOK** (*Noeleen*) * Strand 15.12.1931 † 1.7.2015 (4 k). Noeleen is 'n dogter van Isidore Amos Mok en Susanna Johanna Gertruida Joubert. Hennie vertel: "Ek het my vakleerlingskap as skrynwerker by Cape Explosive Works deur die Kaapse Tech gedoen. Dit het later die Technikon geword. Deesdae doen hulle drie maande op Tech en dis klaar. Destyds moes ons elke week Tech toe gaan. Toe ek daar kom en sien alles is Engels

⁹⁶ ARW: HAWC 1/3/47/3/10, nr. 690/1931.

⁹⁷ ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 279/1933.

⁹⁸ ARW: HAWC 1/3/47/3/11, nr. 664/1934.

het ek maar al die woorde wat verkeerd gespel is by die huis in die woordeboek opgesoek en my aantekeninge oorgeskryf. Ek het darem saam met 'n Engelsman gewerk. Ek het in die Strand gewoon en met die trein ingery Tech toe. Cape Explosive Works het later saamgesmelt met die fabriek in Transvaal en Durban en toe het hulle African Explosives and Chemical Industries (AECI) geword." Hennie het na 44 jaar diens by AECI afgetree.

Noelene sê sy en haar suster Susie het ook by AECI by Administrasie gewerk. Die Moks het in Faganstraat in die Strand gewoon. Noelene se ma is oorlede toe sy net drie maande oud was. Sy was Susie Joubert.

Hennie was 'n entoesiastiese en kranige rugbyspeler. As skoolseun moes hy kaalvoet rugby speel omdat hy nie geld vir toks gehad het nie. "My eerste paar toks het ek hier in die Strand kom koop. Hier het ek vir Somerswet-Wes se klub gespeel. Ek het dikwels teen die WP-manne gespeel. Ek het ook teen die Springbok Piet Spiere du Toit in die voorry gedruk. Ek het eenkeer op George die SWD voorryman laat knor deur die tegniek wat ek by Piet Spiere geleer het. Ek het vir die klub o19 gespeel en ons het destyds 'n fantastiese span gehad." Hennie het eersteliga-rugby gespeel vir Strand-Somerswet-Wes se klub van 1954 tot 1961. Hy was rugbyskeidsregter in die WP vanaf 1963 tot 1973.

Hy was 'n adjudant-offisier in die Polisie-reservisteam. Hy was ook 'n kundige op die Angus-beesras. Hy het na aftrede pragtige houtmeubels vir sy kinders gemaak.

- f1 André * Somerset-Wes 21.12.1959 x Petrusville met IIsabeth **MULDER** * 19.6.1975 (1 d). Hulle boer naby Petrusville.
g1 Maré * Bloemfontein 11.1.2005.
- f2 Francois * Somerset-Wes 23.10.1961 † 29.6.2021 x Gordonsbaai met Lize **VISSER** (2 s). Hy is mede-direkteur van Executive Engineering op Kuilsrivier.
g1 Francois Hendrik (*Hendrik*) * Somerset-Wes 2.8.1991.
g2 Philip * Somerset-Wes 21.11.1992.
- f3 Jacqueline Antoinette (*Antoinette*) * Somerset-Wes 8.6.1965 x Strand 2.5.1987 Pieter Christiaan **OOSTHUIZEN** * 14.9.1962.
[g1] Pieter Christiaan **OOSTHUIZEN** (*Christiaan*) * 4.4.1990.
[g2] Jacques Hendrik **OOSTHUIZEN** (*Jacques*) * Somerset-Wes 6.1.1995.
[g3] Monique Noeleen **OOSTHUIZEN** (*Monique*) * Somerset-Wes 20.2.1998.
- f4 Petrus * Somerset-Wes 12.9.1970 x Stellenbosch 1998 Nicolene **BEZUIDENHOUT** * 4.7.1974 ÷ 2013 (1 s en 1 d) xx Lafayette, Indiana, VSA 15.11.2013 Maria Isabel **MARSHALL** * Madrid, Spanje 20.12.1971 (met behoud van haar van) (1 s). Hy studeer landbou aan die Universiteit van Stellenbosch en na voltooiing van sy BSc-graad behaal hy sy meestersgraad, MScAgric, met lof, wat handel oor uiebemesting, en in 2004 verwerf hy 'n PhD met 'n proefskif oor tamatiekweking met behulp van hidroponika. Hy was 'n landboukundige by ASNAPP Suid-Afrika (Association for Natural African Plant Products) en bestuurder van die kweekhuiskompleks by Welgevallen. Hy was voorsitter van IASA (Intensive Agriculture South Africa) en AVUP (Association for Vegetables Under Protection), en was betrokke by die implementering hidroponika-tegnologie in verskeie streeksprojekte. Hy het 'n sterk program op Stellenbosch gevestig op die terrein van kruieproduksie en ander nie-tradisionele gewasse soos inheemse kruietees en aromatiese plante. Hy en dr. Maria Marshall werk by die Purdue Universiteit, Indiana, VSA.
g1 Daniël Eduard * Stellenbosch 6.2.2003.
g2 Helena * Stellenbosch 21.9.2007.
g3 Liam Aiden * Lafayette, Indiana, VSA 5.5.2014.
- f5 Johan * Somerset-Wes 20.12.1971, ongetroud.
- e5 Jurie Johannes (*Jurie*) * Swellendam 27.3.1936 † Stilfontein 16.2.2007 x Wolmaransstad 4.5.1963 Maria Magdalena **JANSEN VAN VUUREN** (*Marie*) * Wolmaransstad 16.11.1945 † ___ Okt 1997 xx Lucille **DU PREEZ** (geb **VAN DER MERWE**) (*Lucy*) * Germiston 25.2.1945 (3 k). Jurie gaan skool op Caledon, Hermanus en Swellendam. Hy het nie standerd 10 geslaag nie en na skool vir sy ooms Hennie en Hansie Langenhoven van Swellendam as dorsmasjienoperateur begin werk. Toe die maatskappy ontbind, het Jurie by die Polisie aangesluit. Na voltooiing van sy polisieopleiding is hy op Fordsburg gestasioneer waar hy by die blitspatrolie betrokke was. Hy was net enkele jare in die Polisie voordat hy vir die Total-brandstofmaatskappy gaan werk het.
Hy het vanaf Total se brandstofdepot in Wolmaransstad in die Wes-Transvaal vir hulle 'n brandstoftenkwa bestuur. Hy was nog ongetroud, maar miskien het die liefde hom soontoe getrek want hy was goed bevriend met sy vrou se broer wat ook in die polisediens was. Marie was van Wolmaransstad. Hy het vir 'n paar jaar die brandstof veral op plase in daardie omgewing gaan aflewer.

Daarna het hy in Klerksdorp op 'n myn gaan werk – bogronds. Daarvandaan is hy na Stilfontein waar hy 'n opleidingsbeampte by die Hartebeesfonteingoudmyn was. Hy was ook voorsitter van die Suid-Afrikaanse Tegniese Amptenare Vereniging. Hy moes soms Johannesburg toe ry om daar saam met die ander myne se vakbondvertegenwoordigers te vergader.

- f1 Catharina Elizabeth (*Carina*) * Wolmaransstad 25.7.1964 x 1996 Andries Hendrik **MATTHYSEN** (*Andries*) * 18.1.1969 (2 s). Carina behaal BSc en HOD aan die Puk en Andries HonsMHB aan Tuks.
[g1] Lourens **MATTHYSEN** * Centurion 10.5.1999.
[g2] Jurie **MATTHYSEN** * Centurion 5.10.2001.
- f2 Pieter Joubert * Wolmaransstad 10.2.1968 x Theresa **VAN ROOYEN** * Maart 1966 † __.4.2000 (2 d) xx Aneline **PALMER** (÷). Pieter studeer op die Puk. Hy werk as Konsultant en Projekbestuurder by Standardbank.
g1 Monica * Klerksdorp 18.4.1991
g2 Surese * Roodepoort __.5.1998 † __.4.2000.
g3 Jade * Pretoria 15.10.2004.
- f3 Susanna (*Susan*) * 7.12.1972 ongetroud. Sy studeer Landskapargitektuur op Tuks en werk tans vir BCX.
- e6 Pieter Joubert (*Joubert*) * Swellendam 31.7.1938 † Johannesburg _____ x Port Elizabeth 19.12.1970 Emmerentia **KRUGER** (*Rentia*) * Port Elizabeth 1.1.1943 (2 k). Joubert het skoolgegaan in Caledon, Hermanus en Swellendam, waar hy matriek gemaak het. Hy het aanvanklik by die Swellendamse magistrataatskantoor as 'n klerk begin werk.
In 1959 het hy die eerste ses maande 'n kursus as landboutegnikus gaan bywoon en daarna ook iewers as landboutegnikus gaan werk, maar hy kon nie lekker by die werk aanpas nie. Met sy landbouagtergrond het hy toe 'n betrekking gekry by 'n leerlooier. Hy het vir hulle eers elders, maar later in Port Elizabeth gewerk. Dis by 'n volkspelelaer in die stad waar hy Emmarentia Kruger ontmoet het, maar voordat daar sprake was van 'n huwelik het hy vir die Spoorweë, eers in Windhoek en later ook elders in Suidwes-Afrika (Namibië) gaan werk. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens het destyds nog deel gevorm van die Spoorweë en hy het vanaf Suidwes 'n pos by die SAL in Johannesburg aanvaar. Hy en Emmarentia, wat toe by 'n niggie in Pretoria gewoon het, het weer saam begin volkspele doen. Hulle is in 1971 in Port Elizabeth getroud terwyl hy steeds as Programeerder vir die SAL in Johannesburg gewerk het. Hulle het vir 'n paar jaar op 'n kleinhoewe by Randfontein gewoon. Daarna het hulle na Krugersdorp verhuis.
Na sy uitdiensstelling om gesondheidsredes het Joubert met hoenders gesmous wat hy aan swart kliënte verkoop het. Hy het swart vroue as “agente” gehad wat die hoenders namens hom verkoop het. Dit was met 'n besoek aan sy agente in die swart woonbuurte naby Johannesburg waartydens hy geld gekollekteer het dat hy deur 'n groep booswigte voorgekeer is wat sy geld geëis het. Hy het maar R400 in sy sak gehad en het met 'n stokou bakkie gery. Joubert het egter 'n blikkie pepersproei te voorskyn gehaal en die rowers daarmee gespuit waarna een hom deur die kop geskiet het. Hy het geval en is daarvaan hospitaal toe geneem. Hy was nog by sy positiewe en kon nog vertel wat gebeur het, maar is 'n paar dae later oorlede. Emmarentia het na Joubert se aftrede as ontvangsdame by 'n dokter se spreekkamers begin werk.
- f1 Charl Johan (*Charl*) # * Johannesburg 1.10.1976 x 3.5.1997 Marietjie **HEYNS** (3 k) (÷) xx Johannesburg 1.10.2005 Amanda **HARMSE** (1 d)
g1 Jeandré * Johannesburg 5.9.1998.
g2 Nerissa * Johannesburg 21.7.2000.
g3 Zander * Johannesburg 2.5.2004.
g4 Luandi * Johannesburg 12.7.2006.
- f2 Elzette * Johannesburg 21.2.1979 x Johannesburg 7.2.2009 Rian **VENTER** * Johannesburg 17.1.1979 (2 k).
[g1] Elri **VENTER** * Johannesburg 27.6.2009.
[g2] Christiaan Daniël **VENTER** * Johannesburg 18.5.2011.
- e7 Machiel Nicolaas (*Nico*) * Grootkloof, Swellendam 23.7.1940 x Malmesbury 23.1.1965 Huibrecht Maria **LESCH** (*Marie*) * Malmesbury 26.6.1940.

Nico gaan skool in Hermanus en Swellendam waar hy op sewentien matrikuleer. Hy is in 1958 vir 'n jaar na die Vlootgimnasium op Saldanha. In daardie jaar reageer hy op 'n advertensie in 'n koerant vir 'n geleentheid om as landmetersassistent opgelei te word. Nico sê toe hy op Elsenburg aankom, was daar vir hom net 'n opening in die Pluimvee-afdeling en so het hy in die pluimveebedryf beland. Hy behaal die Landbou-tegniese diploma in diens van die Departement van Landbou. Later het hy en Blackie Swart en dr. Erasmus saam 'n plekkie genaamd Vredebest op Klappmuts gekoop waar hy 'n hoenderboerdery begin het. Hy het later

sy aandeel verkoop en vanaf 1978 by Revo-voere (deel van Fedpro) op Worcester gaan werk. In 1989 is die maatskappy deur Meadow-voere oorgeneem. In 1990 is hy Paarl toe verplaas en het toe gependel tot hy 'n huis gekoop het. In 1994 is hy by Meadow uit diens gestel.

Nadat hy agtien maande rondgeval het, het hy in 1996 voltyds met bye begin boer. Hy het gou bekendheid verwerf as byeboer en op die bestuur van die Wes-Kaapse Bye Industriële Vereniging (WKBIV) en die SA Federasie van Byeboerverenigings gedien. Twaalf jaar later in 2008 verkoop hy sy besigheid met 'n 1000-byekorwe en tree af op 68.

Marie kwalifiseer as verpleegsuster en kraamsuster en werk tot haar aftrede in verskeie hospitale.

- f1 Pieter Lesch (*Pieter*) * Stellenbosch 17.11.1966 x Villiersdorp 5.10.1991 Margarethe **VAN DER SPUY** (*"Margriet"*) * 24.12.1967. Pieter behaal BIng (Chemies) en MBA aan die US en werk tans by SASOL te Secunda. Margriet is onderwyseres by 'n private Christenskool, Secunda.
- g1 Machiel Nicolaas * Trichardt 2.11.1995.
g2 Ilse Marie * Trichardt 26.6.1997.
g3 Sybrand Johannes (*Johan*) * Trichardt 4.6.1999.
- f2 Huimari * Johannesburg 2.12.1968 x Worcester-Oos 1.6.1991 Hendré **FRANKEN** * Robertson 10.3.1966 (-). Huimari behaal N6 Sekretarieel en werk tans as vryskutboekhouer by besighede in die Paarl en omgewing.
[g1] Daniel Jakobus **FRANKEN** (*Danie*) * Porterville 3.7.1993.
[g2] Marisa **FRANKEN** * Paarl 16.2.1996.
[g3] Hendré Nicolaas **FRANKEN** (*Henco*) * Paarl 23.9.2002.
- f3 Marius * Paarl 26.4.1971 x Stellenbosch 17.12.1994 Janine **VAN HEERDEN** (*Nine*) * Bellville 6.9.1972. Marius studeer BScBosb met spesialisasie in Bosbou-ingenieurswese en Boomkweking op Stellenbosch en Janine behaal BRekHons en is 'n geoktrooieerde rekenmeester. Beide werk tans voltyds in hul groenteplantekwekery *Propagating Plants* naby Klapmuts.
- e8 Cornelia Josina Maria (*Cornea*) * Uitvlug, Caledon 19.3.1946 x Wellington 31.5.1968 Pieter Eduard **HAMMAN** (*Pietie*) * Rawsonville 30.12.1944 (4 k). Na matriek het Cornea in Januarie 1964 'n pos as boekhouer by die afdelingsraad van Malmesbury aanvaar. Vanaf Mei 1966 het sy as boekhouer by die algemene handelaars, Smith Kloppers, op Worcester begin werk. Sy is in Mei 1968 getroud en Smith Kloppers het in daardie tyd ophou handel dryf. Sy het nog tot in Oktober 1968 die ouditeure gehelp om die firma se boeke af te sluit. Daarna het sy by geleentheid weer 'n kort rukkie op Worcester gewerk, maar het haar toe voltyds toegewy aan kinders grootmaak en huisvrouwees op Rawsonville waar sy en Piet nou nog bly.
[f1] David Jacobus **HAMMAN** (*Dawie*) * Worcester 9.3.1969 x Prince Alfred Hamlet 25.7.1998 Gertruida Johanna **SMIT** (*Gerda*) * Uitenhage 4.11.1971 (2 k: Pieter Eduard * Worcester 16.12.2004; Marisa * Worcester 22.2.2006).
[f2] Pieter Joubert **HAMMAN** (*Pieter*) * Worcester 13.5.1971 x Rawsonville 7.7.2001 Nicolene **KOTZÉ** * Johannesburg 8.6.1980 (3 k: Pieter Eduard * Worcester 8.4.2003; Nicci * Worcester 10.2.2005; Albertus Joubert * Worcester 11.3.2009).
[f3] Suzaan **HAMMAN** * Worcester 24.12.1972. Nie getroud.
[f4] Marina **HAMMAN** * Worcester 26.4.1977 x Rawsonville 14.9.2002 Sherlock Martin **RELLING** (*Sherlock*) * 18.9.1973 (2 k: Carla * Worcester 6.10.2004; Sherlock Martin * Worcester 11.2.2009).
- e9 Alida Christina (*Altina*) * Hermanus 27.11.1949 x Wellington 1.1.1972 Pieter Karl **SCHREVE** * Windhoek 5.1.1936 (4 s). Na matriek het Altina in 1968 by 'n ouditeursfirma Koegelenberg Mostert in die Paarl begin werk. Vanaf 1969 tree sy as boekhoudster in diens van die Paarlse Eksekuteurskamer en werk by hulle tot in 1973. Sy ontmoet vir Pieter Schreve wat BA (Regte) op Stellenbosch verwerf het. Hulle tree in 1972 in die huwelik terwyl hy as prokureur, aanvanklik as Louw Schreve en later as De Villiers Schreve, op Wellington praktiseer. Nadat sy haar seuns grootgemaak het, het sy afloswerk by die prokureurspraktyk gedoen.
[f1] Kristiaan **SCHREVE** * Paarl 3.8.1973 x Somerset-Wes 1.9.2007 Marié-Louise **LOUW** * 9.3.1975 (2 k: Eduard Stefan * 7.12.2009 en Carmé Alida * 19.9.2011). Behaal BIng, MIng en PhD, 'n doktorsgraad in Meganiese Ingenieurswese aan die US.
[f2] Franko **SCHREVE** * Paarl 29.8.1975. Ongetroud. Hy behaal MBChB aan die US en is tans 'n trauma-spesialis in Melbourne, Australië.
[f3] Karl **SCHREVE** * Paarl 14.12.1980 x Paarl 16.12.2007 Amanda **BENNETT** * 15.12.1981 (2 s: Heinrigh (sic) * 28.12.2009 en Stefan * 23.9.2012) Karl is 'n IT-spesialis en werk vir 'n rekenaarmaatskappy in Wellington.
[f4] Jurie **SCHREVE** * Paarl 12.5.1984 † Wellington 18.4.2002.

- e10 Eliza Marthinus (*E.M.*) * Hermanus 8.1.1952 x Tadcaster 11.1.1975 Aletta Maria **WEBER** (*Alta*) * Bloemhof 22.8.1953 (4 k). E.M. het skoolgegaan op Swellendam. Hy was 'n bewaarder by Korrektiewe Dienste op Klerksdorp met die rang van kaptein.
- f1 Stéfán * Klerksdorp 5.8.1978 x Bethlehem met Liesel **LABUSCHAGNE** * 21.8.1977. Hy is 'n majoor in die Geniekorps van die SANW op Bethlehem.
- f2 Deon * Klerksdorp 12.4.1982 x Strand met Corlia **SWANEPOEL** * Kemptonpark 21.8.1982. Deon werk as buitelug-onderwyser vir Jeugtrust.
g1 Katinka Lyzette * Somerset-Wes 25.4.2012.
- f3 Santa * Klerksdorp 10.9.1983 x Strand 7.1.2006 Wayne **STERNSDORF** * 6.11.19____. Santa is 'n brandweerbeampte in die Strand.
[g1] Kelly Victoria **STERNSDORF** * Stellenbosch 25.11.2011.
- f4 Emilé * Klerksdorp 15.11.1984. Hy behaal BRek LLB aan die US en werk as finansiële bestuurder by 'n hotelgroep in Kaapstad.
- b6 Wilhelmina Susanna Sophia x Somerset-Wes 3.7.1825 Cornelis Pieter **VAN NIEKERK** ~16.8.1801.
[c1] Cornelis Pieter **VAN NIEKERK** * 10.10.1825 ~ Somerset-Wes 11.12.1825.
[c2] Johanna Catharina **VAN NIEKERK** * 12.11.1827 ~ Somerset-Wes 9.12.1827.
[c3] Johanna Carolina **VAN NIEKERK** * 24.8.1829 ~ Somerset-Wes 13.9.1829.
- b7 Cato Carolina Johanna * Swellendam 26.1.1809 ~ Swellendam 20.4.1809.

Die Philip Hendrik Morkel-tak (b8)

Voor in hierdie boek is 'n afdeling met twee opstelle (deur prof Henri Langenhoven en tannie Engela Langenhoven) oor die mense van Hamelkop en hulle lewensomstandighede. Hulle storiëtjies handel oor hierdie tak van die familie omdat b8 Philip Hendrik Morkel van Hamelkop met Magrieta van Koppen van die aanliggende Hartebeestkraal getroud is en hulle nasate se wortels dus daar in die voetheuwels van die Outenikwaberge naby Mosselbaai lê. Foto's van die omgewing is ook by die Hamelkop-verhaal afgedruk. Daar is een so 'n prominente, ronde toringpiek tussen die koppe wat aan Hamelkop sy naam besorg het.⁹⁹

b8 Philip Hendrik Morkel (*Flip*) * Somerset-wes 19.1.1812 ~ Swellendam 19.7.1812 † Hamelkop, Mosselbaai 12.7.1888¹⁰⁰ x George 7.7.1833 Margaretha Maria **VAN KOPPEN** (*Magrieta*) * Hartebeestkraal, Mosselbaai 30.1.1808 † Hamelkop 25.5.1877¹⁰¹ (9 k). Magrieta was klaarblyklik die enigste kind van Philippus Johannes van Koppen ~ Stellenbosch 7.5.1780 en Elizabeth Maria Thuyne ~ Stellenbosch 6.10.1782 wat die plaas Hartebeestkraal en 'n deel van die aangrensende Hamelkop besit het.¹⁰²



Flip Langenhoven (b8) en sy vrou Magrieta (geb. Van Koppen)

In sy *U dienswillige dienaar* vertel Langenhoven 'n staaltjie oor sy ouma, Magrieta van Koppen. Hoe haar pa haar een jaar, toe sy nog 'n ongetroude jongmeisie was, met 'n ossewa en 'n paar handlangers Kaap toe gestuur het om, soos dit in daardie jare die gebruik was, 'n vrag plaasprodukte (botter, heuning, biltong, velle, ensomeer) te gaan verkoop en met die opbrengs weer noodsaaklike negosiegoed aan te koop en saam te bring. Sy het darem nie alleen gereis nie, sy was deel van 'n konvooi van ossewaens van bure en bekendes van die omgewing. Maar daar in die Kaap, nadat sy die wavrag goed verkoop het, verloor sy sommer in een van die eerste winkels waar sy inkopies gaan doen het, die beursie met die hele hoop geld! Op die terugreis was Magrieta ontroosbaar. Langenhoven skryf: “'n Klein bietjie geld was in daardie dae baie.” Intussen het haar pa angstig op haar terugkeer gewag en haar met blydschap tegemoetgery toe hy die naderende ossewaens gewaar. En toe hy van die groot verlies verneem, was sy enigste kommentaar: “Ag, my ou dogtertjie, het jy jou hartjie dan daaroor seer gehou? Moet tog nooit weer van die geld praat of daarvoor dink nie. Pappie is alte bly en dankbaar om sy kindjie veilig en gesond terug te ontvang.” En dan voeg Langenhoven by: “Ek weet ek aard na daardie grootvader van my. Ek het ook 'n dogter wat een enigste kind is.”¹⁰³

Dis op Hamelkop waar Flip en Magrieta na hulle huwelik gaan woon het. Deur met Magrieta van Koppen te trou, wat die erfgenaam van Hartebeestkraal en Hamelkop was, het die plaas dus in besit van die Langenhovens gekom en sou opeenvolgende geslagte op hierdie grond gebore word. Die huis van Flip en Magrieta op Hamelkop is volgens oorlewering nog deur slawe gebou.¹⁰⁴

Flip en Magrieta het nege kinders gehad wat op Hamelkop en Hartebeestkraal grootgeword het. Toe die seuns begin grootword het, het hulle seker min opsies gehad as om ook maar daar tussen die heuwels te probeer boer. Net die oudste seun, Piet (c2 hieronder), het aanvanklik padgegee om na 'n ander boerderygeleentheid te begin soek en het toe uitgewyk na Ladismith waar hy op Hoeko beland het. Hy is egter mettertyd ook deur sy broer Flip (c4) gevolg wat oënskynlik eers Ladismith toe en later Oudtshoorn toe is. Kerneels (c5) en die jonger broers het op Hamelkop gebly.

c1 Elizabeth Maria Philipina (*Betjie*) * 24.6.1834 ~ George 28.9.1834 Ω Hamelkop x Mosselbaai 6.5.1863 Willem Gotlieb Jacob **VOIGT** * c. 1926 † c 1874 Ω Hamelkop (ongemerkte graf) (3 s en 2 d).¹⁰⁵ Willem was die oudste seun van die Voigt-stamvader Johann Gottlieb Voigt * c. 1796 van Kammin in Pommere,

⁹⁹ Langenhoven, C.J., 1974: 224. *U dienswillige dienaar*. Versamelde werke, deel 12. Kaapstad: Tafelberg.

¹⁰⁰ ARW: MOOC 1888 6/9/258, nr. 1266.

¹⁰¹ ARW: MOOC 1877 6/9/160, nr. 4223.

¹⁰² Kannemeyer, J.C., 1995: 87. *Langenhoven, 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

¹⁰³ Langenhoven, C.J., 1974: 223-224. *U dienswillige dienaar*. Versamelde werke, deel 12. Kaapstad: Tafelberg.

¹⁰⁴ Langenhoven, H.P., 1992: 4. *'n Ander Langenhoven*. 2de Uitgawe. George.

¹⁰⁵ Die name en datums van die 5 kinders is deur tannie Kotie Voigt verstrek, maar in SAG word party name anders gegee.

Duitsland, skrynwerker † c. 1860 x Anna Charlotta Palm.¹⁰⁶ Willem en Betjie het op op Hamelkop gewoon.

[d1] Margaretha Maria E. P. **VOIGT** * 17.3.1864 Ω Hamelkop (ongetroud).

[d2] Anna Margaritha **VOIGT** * _____ x Jakob **OOSTHUIZEN** Ω Geelbeksvelei, Mosselbaai. (2 s en 7 d). Na die verkoop van die plaas aan c1[d4] het hulle op Geelbeksvelei gaan woon.

[d3] Philip Hendrik Morkel **VOIGT** * 2.12.1869 † 28.10.1941 Johanna Petronella Katharina **STRYDOM** * 21.6.1871 † 17.11.1949 (5 s en 5 d).

[d4] Willem Gottlieb Jacob **VOIGT** * 8.1.1872 † 5.9.1964 x 19.6.1894 Helena Stefasina Salomina **BOSHOFF** * 29.8.1871 † 18.3.1959 (4 s en 6 d). Willem het die plaas by sy ouers gekoop. Hy het enkele grafstene laat aanbring op grafte van sy ma, sy suster en sy broer op Hamelkop.

[d5] Johan P.C. **VOIGT** * 15.10.1873 Ω Hamelkop x _____ .

c2 Pieter Guillaume (*Piet*) * Hamelkop, Mosselbaai 10.4.1836 ~ George 24.7.1836 † Ladismith 2.7.1919 x Ladismith 24.12.1860 Margarita Susanna Petronella **VREY** (geb. **BLIGNAUT**) * Riversdal 29.10.1826 † Ladismith 24.8.1912¹⁰⁷ (geen kinders uit hulle huwelik) xx Maria Magdalena **COETZEE**. Margarita was die d.v. Andries Petrus Blignaut en Margaretha Susanna Petronella van Wyk. Sy was voorheen getroud met Cornelis Vrey † ca. 1858. Piet se tweede naam word in die doopregister aangegee as Gulhelm. Hy was by sy tydgenote bekend as Oupa Piet en het op Hoeko in die Ladismith-distrik geboer. Magrieta se vader het geboer naby waar die Berlynse sendingstasie Amalienstein later aangelê is. Magrieta is eers met ene Vrey getroud, maar hy is aan kanker dood, waarna sy op Hoeko, distrik Ladismith, gaan woon het met twee kinders uit haar huwelik. Dis waar Piet Langenhoven haar gekry en daar is hy met haar getroud. Piet en Magrieta het volgens vertelling verskeie kinders grootgemaak, waaronder ook die skrywer C.J. Langenhoven wie se regte pa eintlik vir hom “anderpa” was. Neelsie, die skrywer, se stiefouers was uniek in die opsig dat sy oom, Piet, sy pa se eie broer was en sy tante, sy ma se eie suster. Wat ook merkwaardig is, is dat sy biologiese moeder (kyk by c5 hieronder) 22 jaar jonger was as haar ouer suster wat hom aangeneem en soos 'n eie kind groot gemaak het.



Piet Langenhoven (c2) en sy vrou Margarita (geb Blignaut). Links saam met hulle aangenome seuntjie “Sagmoedige Neelsie” (c5d4) en regs op hulle oudag.

Piet en sy broers het almal op Hamelkop groot geword waar hulle hard moes werk en daar min ontspanning was. Hulle kon soms by bure gaan werk vir eie voordeel, maar vir 'n dag se harde koringsny was die loon net 'n daalder (1 sjieling en 6 pennies). Alhoewel Piet later skatryk geword het en besonder vrygewig was en weduwees en wese bygestaan het, was hy tog op 'n manier suinig met klein bedraggies omdat die daalder vir hom sy lewe lank die loon vir 'n dag se harde werk beteken het. Sagmoedige Neelsie skryf dat sy Pappie Piet geen skoolopleiding gehad het nie en dat die harde leerskool van sy jeug hom beweeg om seker te maak dat sy pleegseuntjie nie so sou groot word nie.¹⁰⁸

Piet was al groot, maar steeds ongetroud toe hy by meneer Eaton op Kandelaarsrivier in die distrik Oudtshoorn die wamakersambag gaan leer het. Daarna sou hy beide wamaker en boer wees op Hoeko. Hy was 'n uitstekende wamaker en kopers het van ver gekom om by hom 'n wa te kom koop.

Sagmoedige Neelsie skryf: “In die eerste jare van sy huwelik het Pappie dit bitter swaar gekry - te swaarder omdat hy nie wou bly waar hy was nie maar vooruitkom. Hy had begin met 'n bietjie geldjies,

¹⁰⁶ SAG deel 15, 2007: 80.

¹⁰⁷ ARW: MOOC 1912 6/9/699, nr. 2607.

¹⁰⁸ Langenhoven, C.J., 1974: 228.

swaar verdien in daardie dae, 'n wa en 'n span osse, sy ambagsgereedskap, 'n frisse gesonde geharde liggaam, 'n bekwame hand, 'n heldere hoof en 'n ywerige hart. Mammie had 'n lewensreg maar hy het die grond van die erfgename, haar eerste man se kinders, gekoop - met die ossewa Transvaal toe gery vir die doel. Daarvandaan het hy plaas op plaas bygekoop tot hy by sy dood 'n wêreld van grond had,"¹⁰⁹ en dan voeg hy by: "Had ek tog met spaarsaamheid en vlyt en volharding na hom geard - wat sou ek nie van my lewe gemaak het nie!"¹¹⁰

Piet het jare lank op die afdelingsraad gedien, hy was ook kerkraadslid en selfs een maal die afgevaardigde ouderling na die sinode.¹¹¹

Neelsie skryf soos volg van sy mammie: "Soete, fyn-besnede gelaatstrekke, 'n paar donker liefdestralende oë. Mooi in haar jeug, en in haar ouderdom - ja, mooi met 'n onaardse skoonheid in haar kis toe sy op 85-jarige ouderdom oorlede is. Toe die kis toegeskreef was, het ek dit weer laat oopskroef om nog een maal vir die laaste te kyk. 'Is sy nie mooi nie?' het ek en Vrutjie weerskante van die kis vir mekaar gesê. Nooit het ek haar 'n vloekwoord of 'n vuil woord hoor sê nie; sy was altyd engelrein in haar woorde en in haar daade en in haar hart. Diep godsdienstig was sy, met 'n godsdienst wat haar hele lewe besiel en deurstraal het. En dit was 'n godsdienst van liefde wat nie rondgekyk het na sonde om te kan veroordeel nie. Daar is meer te sê, oneindig meer . . . maar ek kan nie. Soos Pappie, wat nie my vader was nie, meer was as my vader, so was Mammie, wat nie my moeder was nie, meer as my moeder. Hulle had my baie, baie lief, meer as honderdvoudig my uiterste verdienste; en geen erkenning van my kan ooit in die vërste verte betuig wat ek aan hulle verskuldig is nie."¹¹²

c3 Philip Johannes van Koppen * 30.3.1838 ~ George 8.7.1838 † George 30.1.1839.

c4 Philip Hendrik Marthinus * 6.9.1839¹¹³ ~ George 28.6.1840 † 18.3.1920 Ω Condorstraat, Oudtshoorn x Ladismith 7.12.1868 Catharina Petronella **OOSTHUIZEN** * Ladismith Julie 1849 † Hamelkop 4.4.1876¹¹⁴ (4 k) d.v. Jacobus Christiaan en Maria Magdalena Elizabeth Oosthuizen, xx Oudtshoorn 18.12.1877 Dorothea Maria Jacoba Susanna Catharina **BOSHOFF** * 25.3.1855 † op 84 jaar Ω Oudtshoorn (8 k). Dorothea se broer Jacobus Hendrik Nicolaas Boshoff is met haar man se jongste suster, Johanna Margaretha, getroud. Dus 'n Langenhoven broer en suster wat met 'n Boshoff suster en broer getrou het. Sien b8c8 hieronder.

d1 Maria Magdalena Elizabeth * 27.11.1869¹¹⁵ ~ Mosselbaai 20.7.1870 † 3 of 9.10.1941 Ω Oudtshoorn x Oudtshoorn 30.6.1903 David Johannes **MINNIE** (3 s en 1 d).

d2 Pieter Guillaume (*Piet*) * 1.10.1871 ~ Ladismith 7.7.1872 † 4.11.1945 x 30.3.1896 Catharina Maria Magdalena **CRAFFORD (Kittie)** * 7.9.1879 † Ladismith 1.2.1964 Ω Ladismith (9 k). Kittie hertrou met ene Van Tonder.

e1 Catharina Maria (*Kittie*) * Ladismith 11.6.1897 ~ Ladismith 8.8.1897 † Ladismith x _____ **SCHOEMAN** (2 d) xx Daan **FOURIE**.

e2 Philip Hendrik (*Flippie*) * Ladismith 31.5.1899 † Ladismith 19.10.1972 x Ladismith 3.2.1925 Carolina Johanna **CROUS (Carolina)** * Mosselbaai 7.7.1919 (13 k). Flippie het skoolgegaan te Sorgvliet, Ladismith. Hy het op die spoorweg gewerk toe hy getroud is. Daarna koop hy die helfte van Bergplaas, 'n appelkoosplaas sowat 35 km buite Ladismith, en koop mettertyd ook die ander helfte. Hy het jare lank daar geboer en buite die oudste twee kinders is al die ander op Bergplaas gebore. Sommige kinders het op die historiese plaasskooltjie op Opsoek skoolgegaan. Oom Flippie het later sy eie vervoerbesigheid gehad. Hy het graag spookstories vertel, dat 'n mens se hare rys. Oor jag kon hy ure gesels en 'n stoei- of boksgeweg so geniet dat jy sal dink hy is self in die kryt.

f1 Pieter Guillaume (*Piet/Boetie*) * Ladismith 6.4.1927 † 16.8.1998 Ω George x Paarl, Babs **WINTERBACH** (÷) (2 d) xx Ladismith, Susan **VAN TONDER** * Ladismith 26.9.1933 † Ladismith 12.7.1973 xxx Ladismith, Hannie **BARNARD**. Piet het by die verkeersafdeling van Wellington gewerk en sy pa later met die vervoerbesigheid op Ladismith gaan bystaan. Daarna het hy ook op Tulbagh, Riebeeck-Wes en Oudtshoorn gewoon.

g1 Elsabé.

g2 Corrie.

f2 Helena Aletta (*Lily*) * 21.4.1929 x Ladismith 10.3.1956 Abraham Petrus **MELLET (Awie)** * 25.12.1931 Ω Ladismith (1 d). Awie was jare lank 'n werktuigkundige by Havenga-motors op Ladismith.

[g1] Marietha **MELLET** x Mauritz **PRETORIUS** (2 k: Mauritz en Minnette). Hulle woon in die Strand.

¹⁰⁹ Langenhoven, C.J., 1974: 231.

¹¹⁰ Langenhoven, C.J., 1974: 234.

¹¹¹ Langenhoven, C.J., 1974:234.

¹¹² Langenhoven, C.J., 1974: 234-5.

¹¹³ Grafsteen sê 6.11.1839, en gee sy derde naam as Martin.

¹¹⁴ ARW: MOOC 1877 6/9/161, nr. 4678.

¹¹⁵ Grafsteen sê 1868.

- f3 Catharina Maria (*Kittie*) * Ladismith 19.5.1931 x Paarl, Dirk **MOSTERT**.
 g1 René **MOSTERT**.
 g2 Rita **MOSTERT**.
 g3 Kobus **MOSTERT**.
 g4 Dirkie **MOSTERT**.
- f4 Barend Christian (*Ben*) * 19.7.1932 † 1992 Ω Ladismith x Margie **VAN RENSBURG** † Mei 2013. Ben het lank as organiseerder by die Nico Malan-teater in Kaapstad gewerk en uiteindelik in Durban gaan aftree.
 g1 Philip Hendrik (*Heinie*).
 g2 Elmarie.
 g3 Sandra.
- f5 Philippus Hendrik (*Flippie*) * Ladismith 22.12.1933 † Somerset-Wes in 'n skietongeluk op 22 jaar. Hy het by die familie Small buite Somerset-Wes gewerk waar hulle groente en vrugte gekweek het. Een oggend het Flippie met 'n lorry in die Strand stilgehou vanwaar hy vars groente aan verbygangers verkoop het. Hy het 'n rewolwer in sy voertuig se paneelkissie gehou nadat hy tevore byna beroof is. Op daardie noodlottige dag het die skooldogter wat saam met hom was die vuurwapen ontdek en hanteer en 'n skoot het hom in die kop getref. Dit is as 'n skietongeluk beskou alhoewel familieleden verskeie redes aanvoer waarom hulle agterdogtig is oor die saak.
- f6 Carolina Johanna (*Corrie*) * Ladismith 10.9.1935 x Paarl 10.9.1955 Eduard Willem Cornelis **VAN TONDER** (*Eddie*) (2 s en 2 d). Eddie het aanvanklik saam met sy pa, Jakkie van Tonder, op Brandrivier geboer, maar na sy pa se vroeë dood het Eddie op die Spoorweë in Kaapstad gaan werk en later in Durban. Daarna het hy meer as 20 jaar in die Gevangenisdiens gewerk op verskeie plekke, maar uiteindelik op Riebeeck-Wes afgetree.
 [g1] Lorraine **VAN TONDER**.
 [g2] Johan **VAN TONDER**. (Eienaar van Tip-Top meubels in Heidelberg, Wes-Kaap)
 [g3] Phillipus Hendrik **VAN TONDER**.
 [g4] Mariëtte **VAN TONDER**.
- f7 Maria Elizabeth (*Marie*) * Ladismith 14.10.1939 † Ladismith op 20 jaar. Marie is met 'n lekhart gebore en moes die skool vroeg verlaat. Dokters het gesê sy sal nie oud word nie. Sy het 'n hartaanval gekry toe sy oor die damwal op die plaas geloop het en in die water geval. Haar hart het haar lewe geëis en nie verdrinking soos party vermoed het nie.
- f8 Magrietha Susanna (*Rita*) * Ladismith 7.12.1940 x Ladismith 2.7.1960 Cornelius Gabriël Volschenk **HORN** (*Neels*) * 6.11.1938. Neels boer eers saam met sy pa op Kromkloof en daarna gaan werk hy op die Spoorweë.
 [g1] Corine **HORN**.
 [g2] Flip **HORN**.
 [g3] Koos **HORN**.
- f9 Johannes Frederik (*Jannie*) * Ladismith 21.2.1942 † op 9 maande. Hy was glo 'n pragtige seuntjie met gitswart hare en potblou oë.
- f10 Cornelis Jacobus (*Neels*) * Ladismith 10.6.1943¹¹⁶ † 11.12.2010 Ω Hentiesbaai x Windhoek 3.4.1967 Heleen Hester **PENDERIS** (*Heleen*) * Otjiwarongo 6.2.1943. Neels voltooi sy skoolloopbaan op Ladismith. Hy was 'n Regiment Sersant-majoor (AO1) op Rundu in SWA.
 g1 Cornelis Jacobus (*Corné*) * Windhoek 2.11.1967 † ____
 g2 Willie * Otavi 12.1.1970.
 g3 Marietha * Otavi 31.12.1970.
- f11 Jacobus Christian (*Kobus/Pikkie*) * Ladismith 8.12.1944 † Oudtshoorn 16.10.1993 Ω Ladismith (veras) x Ndwedwe, Johanna Jacoba **VAN DER WALT** (*Patrys*) * Nigel 25.4.1949. Kobus het aanvanklik by 'n droëvrugtekoöperasie in die Paarl gewerk en daarna by die Gevangenisdiens in Johannesburg in diens getree. Hy het nierversaking gekry weens medikasie en moes later voortdurend nierdialise ontvang.
- [f6] _____ **BOSHOFF** *
- [f7] _____ **BOSHOFF** *
- [f8] _____ **BOSHOFF** *
- e5 Cornelia Maria (*Neel*) * 23.6.1921 x Jan **BOSHOFF**.
- e6 Awie * Sept. 1923 (jonk oorlede).
- e7 Hendrina Maria (*Drienie*) * 21.1.1926 ~ George 21.3.1926 x Mosselbaai 26.2.1946 Pieter Barend **VOIGT** (*Pietie*)(3 k).
- e8 Pieter Gilliam (*Piet*) * Jonkersberg 7.2.1930 † 15.8.1998 Ω George x George 4.11.1950 Anna Petronella Jacoba **BOSHOFF** (*Annie*) * Geelhoutboom 16.8.1931 (6 k). Piet het skoolgegaan op Hamelkop en HTS Kaapstad. Hy behaal NTS II by Westlake. Hy was 'n kragssaaghersteller van die Dept Bosbou op George.
- f1 Eliza Roelof (*Basie*) * George 11.9.1951 x Viljoenskroon 19.8.1972 Joan **YOUNG**. Basie gaan skool op Blanco en HTS Oudtshoorn waar hy matrikuleer. Hy was Onderbemarkingsbestuurder by Sentraal-Wes in Oos-Londen.
- g1 Ronél * 5.12.1973.
- g2 André * 6.7.1977.
- f2 Louisa Isabella (*Meisie*) * Durban 8.10.1952 x George 2.6.1973 Hennie **MULLER** * George 3.9.1955.

¹⁵⁷ Scoghill-Boshoff, 1988.

- f3 Louis Jacob * Durban 27.3.1954 † George 19.1.1975 Ω Modderrivier, George (motorongeluk) (ongetroud).
- f4 Hendrina Maria (*Sussie*) * Durban 19.9.1956 x George 3.9.1977 Bernardus Matthee **NEETHLING** (*Matthee*) * Swellendam 3.3.1955.
- f5 Marionette Antoinette (*Nettie*) * Bloemfontein 20.2.1961 x George 22.12.1979 Jakob Schmidt **VAN DEVENTER** (*Schmidt*) * Rouxville 4.1.1959.
- f6 Pieter Johannes (*Piet*) * George 10.12.1964.
- d13 Gideon Daniël (*Gideon* uitgespreek: Gie-jon) * Hamelkop 19.3.1889 ~ Mosselbaai 19.5.1889 † 14. of 15.9.1946 x Oudtshoorn 4.3.1913 Ellie Dorothea **BARNARD** (*Ellie*) * Volmoed, Oudtshoorn 3.8.1896 † 31.8.1969. Gideon was 'n boer op Hamelkop, daarna het hy by die Bosbou-departement op George gewerk en later was hy 'n werknemer van die SAS & H (5 k).
- e1 Maria Elizabeth * 14.12.1914 x Reynier Johannes **ROELOFSE** * 9.2.1906 † 2.4.1974 (8 k).
- [f1] Jacobus Johannes **ROELOFSE** (*Kobus*) x Elsa **PRETORIUS** xx Annatjie **DREYER**. Kobus bekwaam homself as 'n onderwyser en behaal BA (UP), HOD (GOK), en daarna BEd, MEd en DEd by UNISA. Hy word aangestel as 'n professor in Fundamentele Pedagogiek aan UNISA. Hy het na sy aftrede in Albertinia gaan vestig.
- [f2] Gideon Daniël **ROELOFSE** (*Danie*) x Lynette **VIVIERS**.
- [f3] Ellie Dorothea **ROELOFSE** † 18 jaar oud.
- [f4] Cornelius Jacob Zethuyn **ROELOFSE** (*Neels*) † 1959. Hy word 'n polisieman en word deur 'n lid van die Faraday-bende op Alberton doodgeskiet toe hy hom wou vastrek.
- [f5] Maria Elizabeth **ROELOFSE** (*Miemie*) x Daan **PIETERS** (±).
- [f6] _____ **ROELOFSE** (jonk oorlede)
- [f7] _____ **ROELOFSE** (jonk oorlede)
- [f8] _____ **ROELOFSE** (jonk oorlede)
- e2 Cornelia Maria * 6.4.1917 † 10.10.1969 x Hans **MEYER** (geen k). Hans het 'n seun uit 'n vorige huwelik gehad wat 'n generaal in die SA Weermag geword het.
- e3 Cornelis Jacob Sittyn (*Neels / Baas*) * Volmoed, Oudtshoorn 25.9.1919 ~ Oudtshoorn 26.10.1919, x Uitenhage 29.9.1945 Carolina Katharina **VOS** (*Lina*) * Uitenhage 23.2.1920¹⁵⁸ † 8.10.1994 (3 k). Hy gaan skool op George waar hy aan die Hoërskool Outeniqua matriculeer. Hy behaal die grade BA en MEd aan die Universiteit van Stellenbosch en UNISA. Hy was 'n onderwyser op Uitenhage. Hy was betrokke by verskeie kultuuraktiwiteite en dien op talle besture o.a. voors. van die SAOU-tak, sekr. Helpmekaar, voors. Afrikaanse vereniging, ens. Hy was 'n baie knap onderwyser en daar word vertel dat die Inspekteur by geleentheid by sy skool opgedaag het en gevra het om na mnr Langenhoven geneem te word met die woorde: "Ek kom hom nie inspekteer nie, ek kom by hom leer om onderwys te gee."
- f1 Jeanette * 3.8.1946 † 2.1.1947.
- f2 Dorothea (*Thea*) * Uitenhage 20.11.1947. Ongetroud. Parow.
- f3 Neline (*Nienie*) * Uitenhage 5.10.1952 x _____. Woon op Kleinmond.
- e4 Marthinus Christoffel (*Tien*) * George 10.7.1922 ~ George 3.9.1922 † George 17.8.1970 x George 6.4.1946 Lea Magdalena Dorothea **MULLER** (*Lina*) * George 19.1.1924. Tien het skoolgegaan aan die Hoërskool Outeniqua op George en Dagbreek op Springs. Hy was 'n plaasvoorman op Buffelsdrift, George. Hy was ook 'n S.W.D.-jukskeispeler (4 k).
- f1 Gideon Daniël (*Deon*) * George 6.12.1947 † 31.5.2007 Ω George x Herold, George 10.10.1971 Winifred Jeanetta **HANCOX** (*Winnie*) * Port Elizabeth 16.10.1952. Deon gaan skool aan die Hoërskool Outeniqua op George. Hy was 'n klerk van die SAS & H in Johannesburg.
- g1 Tinus * Springs 26.7.1976.
- f2 Louis Muller (*Louis*) * 31.10.1950 x _____ (2 k) xx _____.
- f3 Marthinus Christoffel (*Marius*) * 27.12.1955 † 30.1.1993 Ω George x _____.
- f4 Dalene Dorothea (*Dalene*) * George 23.7.1963 x ____ † _____ (2 k) xx _____. Werk by Avbob, George.
- e5 Gideon Daniël (*Daan*) * 6.11.1925 ~ George 3.1.1926 † 3.12.1997 Ω Humansdorp x Martha Maria **FERREIRA** * 26.7.1931 † 8.3.2008 Ω Humansdorp. Hulle het by Avbob, Humansdorp gewerk.
- f1 Martha Maria * 9.7.1951 x Josef Daniël **ELS** * 10.10.1948 (1 s en 2 d).
- f2 Gideon Daniël * 8.9.1953 x _____.
- g1 Niel * Cradock 19.1.1978 x Kristy _____. Neil matriculeer aan die Hoërskool Nico Malan op Humansdorp. Hy woon nou in Busselton, Wes-Australië.¹⁵⁹
- h1 Curtis Jacques * 22.12.2006.
- h2 Calvin Daniel * 3.3.2009.

¹⁵⁸ Grafsteen (Springbok) sê 23.2.1921.

¹⁵⁹ curtisjacques.blogspot.com

- h3 Skyla Marie * 17.12.2010.
- f3 Elba Dorothea * 11.6.1955 x Johannes Jacobus **SMIT** * 1.7.1948 (2 d).
- d14 Jozua Petrus (*Jozua*) * Hamelkop 13.2.1891¹⁶⁰ ~ Mosselbaai 19.7.1891 † George 14.8.1961 x Mosselbaai 15.2.1915 Susara Helena Maria **STEARS** (*Maraaitjie*) * Mosselbaai 24.8.1898 † George 30.12.1951 (4 k). Jozua gaan skool op Hartebeeskraal, Mosselbaai. In sy jong dae was hy 'n regte platjie en poetsbakker. Hy begin boer op Hamelkop. Hy werk daarna jare lank by die bosboustasie te Bergplaas naby George, maar dit was moeilik om kop bo water te hou teen 'n karige loon van 2/- (2 sjelings, destyds ekwivalent aan 20 sent) per dag met vier kinders. Daar was geen sprake van vooruitgang nie omdat Maraaitjie aan roos van haar hande gely het en doktersgelde uit hulle eie inkomste betaal moes word. En selfs die vervoerkoste na die dokter op George was maar duur. Jozua was hardwerkend tot die dag van sy dood en was soggens vroeg reeds in sy groentetuin doenig waar hy self gespit en geplant het totdat kolonkanker hom platgetrek het. Hy is oorlede in sy eie huisie in Adderleystraat, George waar hy na Maraaitjie se dood gaan woon het.
- e1 Susara Helena Maria * 19.11.1916 ~ Mosselbaai 21.7.1917 x Paul Johannes **VENTER** * 28.11.1907.
- e2 Cornelius Jacob (*Neels*) * 11.8.1921 x Barbara Wilhelmina **MULLER** (*Babs*) * 5.12.1924 † 23.7.1974 (5 k) xx George 5.4.1980 Martha **ELLIS**.
- f1 Leon * George 12.9.1947 x Danville, Pretoria 11.12.1971 Petro Charmaine **DU PLESSIS** (*Peeet*) * Pretoria 3.9.1953. Leon begin sy skoolloopbaan aan die Laerskool Manie le Roux en matrikuleer aan die HTS Oudtshoorn. Hy behaal sy NTS III as plaatmetaalwerker by YSKOR in Pretoria. Tans werk hy by 'n firma in Pretoria-Wes.
- g1 Leon * 23.8.1973.
- g2 Charmaine * 2.1.1975.
- f2 Anton * 25.7.1952 † 30.6.1956.
- f3 Muller * George 15.7.1954 x Pretoria 18.4.1975 Louisa **ZANDBERG** * 5.12.1957. Muller se skoolloopbaan begin aan die Laerskool Manie le Roux. Hy matrikuleer aan die HTS Oudtshoorn. Hy kwalifiseer as plaatmetaalwerker (T3) by die Atlasvliegtuigkorporasie waar hy in diens was.
- g1 Lorraine * 29.10.1975.
- g2 Nico * 21.3.1979.
- f4 Christo Jozua (*Christo*) * George 18.10.1956 x Villieria, Pretoria 8.7.1978 Lizeth **VAN DER WALT** * Pretoria 18.8.1958. Christo gaan skool aan die Hoërskool P.W. Botha op George. Hy kwalifiseer as telefoonelektrisiën by die Hoofposkantoor in Pretoria waar hy by die tegniese afdeling gewerk het.
- f5 Veronica * 8.10.1959 x Filipus **TERBLANCHE** (÷).
- e3 Cornelia Maria * 19.7.1924 x Julius August **KIESER** * 20.12.1924.
- [f1] Helena Maria **KIESER** * 9.8.1951 Bruce **HUGO** (2 s).
- [f2] Maria Elizabeth **KIESER** * 5.9.1954 x Charles **BRADFIELD** ÷ (1 s).
- [f3] Theophilus James Augustus **KIESER** * 16.1.1956 † 23.2.1964
- e4 Hercules Petrus * 5.1.1930 † 16.7.1979 x George, Anna Margaritha **ZAAYMAN** * Mosselbaai 5.8.1935 † Vanderbijlpark 25.3.1969.
- f1 Jozua Petrus * 4.7.1957.
- f2 Pieter Daniël * 27.6.1959.
- c6 Johannes Willem * Hamelkop 17.4.1844 ~ Mosselbaai 20.7.1845 † Hamelkop 22.7.1880 x Riversdal 24.11.1874 Susanna Isabella **LÖTZ** (*Sannie*) * 2.9.1854 ~ Riversdal 25.12.1854 (4 k). Hy is baie vroeg oorlede en Sannie hertrou te Riversdal op 17.8.1886 met Jan Tielman Olivier. Sannie was 'n suster van b8c7 se vrou. Hulle was dogters van Eliza Marthinus Eduard Lötz *April 1910 * † Stebyskop, Riversdal 20.8.1878 en Anna Margaretha van Zyl *9.4.1832 † Stebyskop 5.9.1911 (beroerte). Johannes Willem het 'n paar honderd tree vanaf sy broer Kerneels (c5) op Hamelkop gewoon. Kotie Voigt-Langenhoven, 'n dogter van Piet Lemoentuin, sê sy het so te sê voor tant Sannie grootgeword nadat dié met Olivier getroud is, en sy het saam met 'n klomp ander kinders by tant Sannie op die plaas Sondagskoolonderrig ontvang.¹⁶¹
- d1 Philip Hendrik Morkel (*Flippie*) * Mosselbaaidistrik 10.9.1875¹⁶² ~ Mosselbaai 14.11.1875 † 13.8.1961 x Ladismith 29.1.1901 Barendina¹⁶³ Johanna Magdalena **VAN TONDER** (*Barrie*) * Adamskraal, Ladismith 23.4.1884 † Ladismith 13.5.1964¹⁶⁴ Ω Ladismith. Flippie se pa is oorlede voordat hy vyf jaar oud was en dit het volgens vertelling daartoe gelei dat hy by sy pa se broer op

¹⁶⁰ Doopregister sê 30.2.1891.

¹⁶¹ Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie (b8c5d6e2), 30 September 1986.

¹⁶² Grafsteen sê 1876.

¹⁶³ SAG gee haar eerste doopnaam aan as Bernardina wat waarskynlik so in die Ladismithse doopregister aangeteken is.

¹⁶⁴ Grafsteen sê 23.6.1964.

Hoeko naby Ladysmith grootgeword het.¹⁶⁵ Daar is hy deur 'n private onderwyseres geleer lees en skryf.¹⁶⁶

Barrie was die dogter van Machiel Jacobus van Tonder * 20.10.1854 † Adamskraal, dist. Ladismith 4.6.1928 en Christina Maria Sophia Schröder * c. 1856.¹⁶⁷ Machiel, Barrie se vader, was blind. Barrie het 'n suster, Martjie (Oosthuizen), en 'n broer, Danie, gehad.

Die aanliggende plase Muurvlakte en Brakfontein lê aan die suidekant van die Brakrivier wat naby die plaas Plathuis in die Touwsrivier invloei. Oupa Flippie het jare lank op Brakfontein¹⁶⁸ en Muurvlakte,¹⁶⁹ distrik Barrydale, geboer wat langs die ou spoorlyn na Laingsburg geleë is. Hy het die grond waarskynlik gehuur en eers Toe sy seuns groter word, het hy besluit om Plathuis te koop, wat etlike kilometers wes van Brakfontein is, maar 'n ruk later koop hy toe ook Brakrivier by vir ekstra weiding.¹⁷⁰

Hy was 'n lid van die Ossewabrandwag.¹⁷¹ Hy was ook lid van die skoolraad van die Hoërskool Barrydale. Hy was 'n uitmuntende skut en kenner van die veldlewe. Hy is eenmaal met vier patrone die veld in om iets te gaan skiet en het na 'n kort tydjie teruggekeer en sy seun, Johannes, opdrag gegee om die kar in te span. Hy het toe drie bokke en 'n jakkals platgetrek.¹⁷²

Sy kleinseun Hans vertel 'n vermaaklike staaltjie oor oupa Flippie wat eendag op versoek van sy seun Johannes 'n paar perde van die seun se grond na 'n kamp op oupa Flippie se grond verskuif het. Die perde het almal sonder weerstand die nuwe kamp binnegegaan, buiten een wat hom hewig verset het en glad nie by die hek wou ingaan nie. Oupa Flippie het na lang gesukkel tog die moedswillige dier in die kamp gekry, maar daarna huis toe gestap, sy geweer gaan haal, teruggekeer na die kamp en die perd 'n doodskoot gegee. Hy het net gesê hy werk nie met 'n perd wat nie wil luister nie.¹⁷³

e1 Christina Maria Sophia * 1902 † 1903.

e2 Susanna Christina (*Sussie/Suzie*) * 12.3.1904 † 15.7.1963 x c. 1919 Andries Johannes **VAN TONDER** * 8.12.1899 † c. 1970 (3 k) ÷ xx Ladismith 2.11.1937 George Frederick **NEFD** * 3.2.1902 † 12.5.1973 Ω Sewefontein, Ladismith (geen k). Andries was die seun van Jacobus van Tonder * 1859 en Aletta Petronella Johanna (geb van Tonder). Andries het volgens vertelling na sy troue soms spoorloos padgegee om na 'n aantal maande weer terug te keer, net om 'n ruk later wêér sonder kennisgewing te “verdwyn”. Telkens wanneer hy terugkeer, het sy skoonpa, oom Flippie, hom geroskam,¹⁷⁴ maar uiteindelik het die huwelik op 'n egskeiding uitgeloop waarna Suzie en haar drie kinders by haar ouers, Flippie en Barrie, op Brakrivier gaan woon het. Suzie is etlike jare later met George Nefdt getroud, 'n wewenaar met twee kinders, Philna en Eric.¹⁷⁵ Op Brakrivier (te Rondavel?) het Suzie se suster Jossie (e3) vir die Van Tondertjies en ander kinders skoolgehou. Ook Jossie se laatlamboetie, Mike, was by haar in die skool vandat hy vyf was om te keer dat die skool sou moes toemaak weens te min leerlinge.¹⁷⁶

[f1] Andriesa **VAN TONDER** (*Daisy*) * 25.8.1919 x Gert **VAN DEVENTER** (4 d en 1 s: Thella, Rinda, Gerda, Sandrie en 'n broer). Sy het by haar oupa Flip en ouma Barrie ingewoon en hulle versorg totdat sy in die huwelik getree het.

[f2] Jacobus **VAN TONDER** (*Bully*) * ____ x ____.¹⁷⁷ Hy kwalifiseer as skrynwerker op Worcester en tree in diens van die SA Spoorweë.

[f3] Morkel **VAN TONDER** * Rus-en-Vrede, Ladismith 7.11.1923 † Northcliff 26.3.2013 x _____ (2 s) xx Marelise _____ (1 d en 2 s). Morkel was 'n bekende skrywer en voormalige omroeper van die SAUK. Hy het in 'n plaasskooltjie op Brakrivier skoolgegaan tot standerd 6 en is daarna na Barrydale wat net tot standerd 8 gegaan het. Hy het in 1940 op Ladismith matrikuleer. Toe het hy 'n paar maande by 'n restaurant op Worcester gewerk, waarna hy 'n boekwinkel en drukkerijtjie op Stellenbosch begin het. In 1945 skryf hy in as 'n student en behaal in 1948 die BA-

¹⁶⁵ MS: Langenhoven, Mike. 2011. Die Langenhovens en Du Plessis's. [Vertellings oor sy en sy vrou Rita (geb Du Plessis) se familie wat hy vir sy broerskind e4f3 Kerneels Langenhoven opgestel het.]

¹⁶⁶ Brief: Langenhoven, Mike. 1980. (b8c6d1e5), 22.04 1980. In die vraelys wat aan hom gestuur is, skryf hy sy pa is deur 'n private onderwyseres leer lees en skryf.

¹⁶⁷ SAG (Van Tonder)

¹⁶⁸ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁶⁹ Brief: Langenhoven, Mike. 1980. In die vraelys wat aan hom gestuur is, dui hy die plaas “Muurvlakte” (Barrydale-distrik) aan as die plek waar sy vader geboer het.

¹⁷⁰ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁷¹ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁷² Brief: Langenhoven, Mike. 1980. (b8c6d1e5), 22.04 1980.

¹⁷³ Hans Langenhoven, 20230524, pers. mededeling.

¹⁷⁴ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁷⁵ MS: Langenhoven, Mike. 2011.

¹⁷⁶ MS: Langenhoven, Mike. 2011.

¹⁷⁷ [JHL: graf van 'n Jacobus van Tonder in Potch: *27.5.1921 † 5.9.1983 x Anna Cath. *31.1.1927 † 27.3.2011, kan dit hy wees?]

- graad. Na sy studies het hy by die Afrikaanse diens van die SAUK aangesluit waar hy baie jare later as die hoof afgetree het.¹⁷⁸ Sy vrou, Marelise, is 'n mediese dokter.
- e3 Berdina Johanna (*Jossie*) * 26.2.1908 † 11.9.1994 x Barrydale 19.4.1938 Gideon Jacobus **ELLIS** (*Gietie*) * 1.12.1913 † 25.1.1983, beide Ω Goedehoop, Strand, (2 k). Gietie was 'n s.v. Philip Johannes Ellis en _____
- [f1] Philip Johannes Langenhoven **ELLIS** (*Phil*) * 4.1.1941 x Petronella **BARNARD** (*Petru*) (2 s). Phil het by Bien Donn  (Paarl) gewerk en was betrokke by die kweek van pitlose druiwe.
- [f2] Berna Diana **ELLIS** * 13.12.1944. Sy het 'n HonsBA-graad aan US behaal. Sy het aanvanklik vir etlike jare sendingwerk gedoen in Malawi waarna sy aan die Hoerskool Bloemhof (Stellenbosch) skoolgehou het. Ongetroud.
- e4 Johannes Willem (*Johannes/Boetie*) * Adamskraal, Ladismith 4.11.1909¹⁷⁹ † Kaapstad 11.1.1958 (nadat sy blindederm gebars en hy eers op Riversdal behandeling ontvang het en toe na Kaapstad oorgeplaas is, waar hy op 49 jaar oorlede is¹⁸⁰) x Ladismith 1.1.1935 Elsie Maria **CRAFFORD** (*Beanie*) * Plathuis, Ladismith 13.3.1914 † 17.8.1997 Ω Onderpapegaaiberg, Stellenbosch (6 k). Hy gaan skool op Adamskraal se plaasskool. Was sy lewe lank 'n boer op Plathuis, Ladismith, saam met sy pa. Toe Johannes skielik dood is, was net sy oudste drie kinders ouer as 20. Die jongste, Hans, was nog 9. Oupa Flippie het nog geleef, maar was al 75. Daar was onsekerheid oor wie met die boerdery moes aangaan. Johannes se seuns Flip en Neels het reeds gewerk. Daar is toe besluit om Plathuis te verkoop en Beanie het met die jongste spruite op Ladismith gaan woon waar hulle skool moes klaarmaak. In die 1980's het Beanie saam met haar dogter Christa na 'n woonstel naby haar dogter Elzab  in Stellenbosch getrek waar Elzab  gewerk het.¹⁸¹
- Daar is 'n familiebegraafplasing op Plathuis waar 'n paar familielede ter ruste gel  is.
- f1 Philip(pus) Hendrik Morkel (*Flip*) * Ladismith 10.6.1935 † 6.4.2004 Ω Plathuis, Ladismith x Montagu, Hester **DE KOKER** (*Hetta*) * Stellenbosch 28.12.____ (2 k). Hy het by die poskantoor begin werk met standaard 8 agter sy naam. Hy was maar omtrent 21 toe hy by Stellenbosch Boerewynmakery begin werk het waar hy afgetree het as hoof van aankope.
- g1 Yolanda * Stellenbosch 2.9.1965 x Philip **STEENKAMP** (3 d). Al drie hulle dogters het meer as 90% gemiddeld in hulle matriekeksamens behaal.
- [h1] Nicola **STEENKAMP**. Behaal 'n ingenieursgraad op Stellenbosch.
- [h2] Lenka **STEENKAMP**. Studeer medies aan US.
- [h3] Lara **STEENKAMP**. BRek-student aan US.
- g2 Martin Philip (*Martin*) * Stellenbosch 26.2.1967 x Cornel _____ (2 k).
- [h1] Philip
- [h2] Mia
- f2 Christina Johanna (*Christa*) * Plathuis, Ladismith 21.9.1936 † 2.2.2006 Ω Onderpapegaaiberg, Stellenbosch. Ongetroud. Sy was 'n epilepsieker wat eers by Jan Kriel-skool, Kuilsrivier, en later by 'n soortgelyke skool in Johannesburg was. Later gewoon by haar ma in Sybrand Mankedan-woonstel, Stellenbosch.
- f3 Cornelis Petrus (*Neels*) * Plathuis, Ladismith 1.11.1939 † 7.7.2021 x Montagu 8.7.1967 Bertha Margaretha **SWART** (*Bertha*) * Montagu 21.6.1942 (geen k). Neels het op Ladismith skoolgegaan. Hy begin as klerk in diens van die SAS & H in Kaapstad en het afgetree as hoof van geboue en infrastruktuur in Kaapstad. Gewoon in Durbanville.
- f4 Barendina Johanna (*Ina*) * Plathuis, Ladismith 8.5.1942 x Uli **GAUS** (÷) (geen k). Uli was 'n Namibiese Duitser. Ina het vir Olivetti in Windhoek gewerk. Sy woon steeds in Tsumeb en is reeds meer as 30 jaar in Namibi .
- f5 Elzab  Maria (*Elzab *) * Plathuis, Ladismith 19.5.1944, ongetroud. Aftreeoord, Brackenfell.
- f6 Johannes Willem (*Hans*) * Plathuis, Ladismith 17.7.1948 x Windhoek 7.7.1973 Angela Petronella **OBERHOLZER** (*Angela*) * Gobabis 17.7.1948 (÷) (2 k) xx Annalize _____ (÷) xxx Riversdal 27.4.2013 Margaretha Susanna **DU PREEZ** (*Aretha*) (geb. **SAAYMAN**). Hans het skoolgegaan in Ladismith en Riversdal. Hy ontvang opleiding as veeartsenykundige tegnoloog by die departement landbou se kampus in Beatrixstraat, Pretoria, waar dosente van Onderstepoort die opleiding behartig het. Hy het aanvanklik op Grahamstad, die Verwoerddam en in Suid-Natal op projekte gewerk, voordat hy by die entomologie-laboratorium van die staatsveearts op Windhoek gaan werk het. Na 'n

¹⁷⁸ MS: Langenhoven, Mike. 2011 en www.stellenboschwriters.com

¹⁷⁹ Die grafsteen s  4.11.1909, maar Langenhoven, Mike (2011) skryf 7.6.1909.

¹⁸⁰ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁸¹ Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

ruk het hy aangesluit by die akkerbou-groep van die departement landbounavorsing in Namibië. Hy koop in 1991 'n klein plasie 10 km noord van Tsumeb waar hy met sy gesin gaan vestig en met groente geboer het. Hans was 40 jaar in Namibië en het in 2005 teruggekeer en woon sedert 2013 op Riversdal.¹⁸²

- g1 Hanno * Windhoek 20.9.1975 x Stellenbosch 9.3.2002 Magdalena Cornelia **GROBLER** (*Emse*) (1 s) (÷) xx Nelspruit 6.7.2012 Margaretha **DU PREEZ** (*Maretha*). Maretha is die dogter van Aretha du Preez met wie Hanno se pa 'n latere huwelik gesluit het. Hanno behaal die grade BTh en MDiv (2012) aan UP. Hy is 'n entoesiastiese voëlkyker en was betrokke by die vereniging, Birdlife. Hy was ook dosent in Filosofie en Sistematiese Teologie by Unisa.
h1 Cornelius Johannes (*Janno*) * 23.12.2007.
- g2 Nadia * Windhoek 25.7.1977 x 1.12.2007 Alec de Waal **SMITH** van Vredendal. Nadia behaal BCom (Regte) en LLB aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy was 'n ruk lank 'n prokureur in Amsterdam, Nederland. Sy werk tans by ENS in die Kaap. Alec is 'n rekenmeester.
- e5 Machiel Jacobus (*Mike*) * Muurvlaakte, Barrydale 1.1.1924¹⁸³ † _____ x Ventersdorp 10.1.1953 Margaretha Susanna **DU PLESSIS** (*Rita*) * Manana, Lichtenburg 18.12.1925 † 21.2.2010, d.v. Johan Hendrik Fouché du Plessis *Aberdeen WK 1.9.1898 +Grootpan 24.4.1967en Magdalena Susanna de Wet *16.7.1899 +10.6.1993. Mike matrikuleer aan die Hoër Jongenskool, Paarl. Hy begin werk in die departement Justisie en verwerf 'n regsdiploma aan die Universiteit van Pretoria met prokureurstoelating. Hy werk daarna as staatsaanklaer op Welkom, waar Rita skoolgehou het, en dien later as landdros in al vier provinsies. In 1958 tree hy uit die staatsdiens en begin by sy skoonpa op die plaas Grootpan in die Lichtenburg-distrik boer. Sy skoonpa het die vakansieplaas Rooikrans (later Sonop) by Groot Marico ontwikkel. Terwyl Mike nog op Grootpan geboer het, het hy die plaas Kwaggasnek naby Koster gekoop. Later het hy ook die plaas Dwaalboom in die distrik Thabazimbi gekoop, en toe hy Dwaalboom verkoop, het hy Waterval in die Derby-distrik gekoop wat heelwat nader aan Kwaggasnek was waar hy gewoon het. Na 43 jaar as boer, het hy hom op Klerksdorp gaan vestig. Hy was vir twee jaar kaptein van die Ventersdorp-rugbyklub. Hy was 'n direkteur van Koster Koöperasie en voorsitter van die Landbou-unietak en Nasionale Partytak. Rita het 'n onderwysdiploma aan die Potchefstroomse Onderwyskollege behaal en was 'n onderwyseres op Koster. Sy kon mooi tapiserieë uitwerk, blomme rangskik, naaldwerk en houtsnswerk doen. Sy was ook voorsitter van VLU-takke in die Vrystaat en Transvaal. Sy het ook as beoordelaar opgetree by skoue.¹⁸⁴
- f1 Philip Hendrik Morkel (*Philip/Flip*) * Welkom 18.3.1957 x Yolandé **MATTHYSEN** * 14.3.1960. Philip behaal NHD (Metallurgie) aan die destydse Pretoria Technikon en daarna ook BTech. Hy verwerf ook BCom deur Unisa. Philip was besturende direkteur van LECO Africa, Kemptonpark. Afgetree op Swellendam.
- g1 Guillaume Philip * Pretoria 28.2.1983 x Candice **SYMES** * 28.10.1985 (1 d). Nadat Guillaume 'n kwalifikasie in Hotelbestuur aan die internasionale Hotelskool in Illovo, Johannesburg, verwerf het, werk hy 12 jaar by Woolworths voordat hy by Food Lover's Market in diens tree. Hy werk nou in George.
h1 Luella * 24.1.2015.
- g2 Vasthi * Pretoria 17.1.1986 x Jaco **HOON** (1 d). Vasthi het 'n BSc in Bewaringsekologie (US). Jaco is 'n bestuurder van die Vodacomtak in Somerset-Wes.
[h1] Nina **HOON**
- g3 Kanja * Johannesburg 27.6.1990.
- f2 Adanna * Lichtenburg 16.9.1962 x Johan _____ xx Pieter **VAN DER MERWE**
[g1] Ruan **VAN DER MERWE** * Pretoria 10.4.1980. Ongetroud. Verwerf 'n BSc(Landbou)-graad en 'n kwalifikasie in landbou-ekonomie aan UP. Algemene bestuurder, Hall Core Drilling.
[g2] Lané **VAN DER MERWE** * Pretoria 17.9.1987 x Waldo **PRIGGE**. Lané behaal 'n MSc-graad aan UP. Sy is 'n lektor in anatomie by Medunsa. (2 d: Esmé en Christi.)
[g3] Levan **VAN DER MERWE** * Pretoria 22.1.1990. Hy is die eienaar van Panoramic Production, Pretoria, wat o.m. spesialiseer in beligting tydens opvoerings.

¹⁸² Hans Langenhoven, Onderhoud 22 November 2022

¹⁸³ ARW: HAWC 1/3/47/3/7, nr 219/1924

¹⁸⁴ Langenhoven, Mike. 2011. Aanhangsel tot 'n brief aan Kerneels Langenhoven van Durbanville, gestempel 06.11. 2011 en getiteld "Die Langenhovens en Du Plessis's".

- f3 Fouché du Plessis * 4.8.1968 x Petronella Rosina **KRUGER** (*Ronel*) * 12.3.1969. Fouché behaal 'n BSc-graad. Hy was die primarius van die Verwoerd-koshuis by Tuks. Vroeër was hy die personeelbestuurder by Chubby Chicks. Hy is nou streeksbestuurder by Omnia en Ronel is senior lektor by Vuselela TVET College, Klerksdorp.
 g1 Kruger * Klerksdorp 26.5.1999.
 g2 Zanelri * Klerksdorp 15.11.2001.
 g3 Leihim ('n seun) * Klerksdorp 4.1.2005.
- e6 Philip Hendrik Morkel (*Flippie / Wollie*) * 11.9.1925 † Muurkraal (sic!), Barrydale 25.10.1928¹⁸⁵ (3 jaar en 1 maand oud) Ω Koegat plaaskerkhof (Sanbona wildsplaas), Brakrivier, dist. Montagu. Hy is deur sy gesinslede Wollie genoem omdat hy 'n blonde krulkoppie gehad het. Hy sterf tragies toe hy van 'n perdekar afval en onder die wiel beland het. Sy broer Mike vertel dat sy ouers met die possak op die perdekar van Brakrivier na Boerboonfontein¹⁸⁶ onderweg was en langs die pad 'n wynvaatjie met varswater volgemaak het as drinkwater vir hulle huis. Die pad was ongelyk en die vaatjie het van die wa afgerol sodat die perde buite beheer geraak het. Wollie het afgeval en voor die wiel te lande gekom. Hy het inwendige beserings opgedoen en is oorlede terwyl hulle nog met hom op pad was dokter toe.¹⁸⁷ Mike (e6) en sy broerskind, Neels (e4f3), het gaan soek na die boetie se graf en dit gevind en 'n grafsteentjie daarop aangebring.¹⁸⁸
- d2 Anna Margaretha * 3.10.1876 ~ Mosselbaai 25.2.1877 (waarskynlik jonk oorlede).
 d3 Margaretha Maria van Koppen * 15.12.1877 ~ Mosselbaai 3.3.1878 x Ladismith 22.10.1895 Louis Francois **LA GRANGE** * 1873. Hy was 'n boer op Rietvlei, Laingsburg.
 d4 Anna Susanna Elizabeth Johanna (*Hansie*) * 11.11.1879 ~ Mosselbaai 4.4.1880 † 19.7.1962¹⁸⁹ x Mosselbaai 4.7.1899 Johannes Stephanus Bernardus **LANGENHOVEN** (*Jan Kool*) * Mosselbaai 31.3.1878 † 8.4.1963 (9 k) (Hy was haar eie neef; verw. b8c5d7 vir hulle nageslag).
- c7 Marthinus Jan Jacobus (*Tienie*) * 23.3.1846 ~ Mosselbaai 20.9.1846 x Riversdal 24.4.1877 Anna Margaretha Johanna **LÖTZ** * Distrik Riversdal 27.11.1851 ~ Riversdal 18.1.1952 † Hamelkop, Mosselbaai 6.1.1891¹⁹⁰ (39 jaar) (3 k). Sy was 'n suster van b8c6 se vrou. Hulle was dogters van Eliza Marthinus Eduard Lötz * April 1910 * † Stebyskop 20.8.1878 en Anna Margaretha van Zyl * 9.4.1832 † Stebyskop, Riversdal 5.9.1911 (beroerte).
- d1 Anna Margaretha van Zyl * 5.3.1878 ~ Mosselbaai 19.5.1878 x Ladismith 20.9.1898 Samuel Johnson **PETRIE** * 1874 (4 k).
 d2 Johanna Wilhelmina Susanna x Ladismith 28.2.1905 George Frederick **KING**.
 d3 Philippus Hendrik Morkel * Ladismith 1.1.1884 † 31.12.1944 x Ladismith 9.1.1906 Martha Maria Sophia **OOSTHUIZEN** * Ladismith † Prinsrivier, Ladismith 18.7.1954. Hy het skoolgegaan op Platdrift, Ladismith tot st. 6. Hy was jare lank 'n boer op Prinsrivier, Ladismith (4 k).
- e1 Occerd Johannes Jakobus * 10.3.1909 ~ Ladismith 9.6.1909 (ongetroud).
 e2 Philippus Hendrik Morkel (*Philip*) * Ladismith 13.1.1912¹⁹¹ ~ Ladismith 13.3.1912 † 7.12.1984 x Ladismith 17.12.1935 Susanna Jacoba **CROUS** (*Susie*) * Ladismith 30.1.1917 † 30.1.1992 Ω Bovallei, De Doorns. Hy gaan skool op Platdrift, Ladismith en ook in Johannesburg. Hy was 'n boer op De Doorns.
- f1 Philippus Hendrik Morkel (*Philipie*) * 8.10.1936 x De Doorns 10.10.1964 Johanna Jacoba **DE GOEDE** * 4.5.1943. Hy het skoolgegaan op De Doorns. Hy boer tans op De Doorns.
 g1 Philippus Hendrik Morkel * 23.7.1965.
 g2 Elizabeth * 28.3.1966.
 g3 Johannes Jacobus 28.4.1968.
- f2 Christoffel Josephus * Ladismith 5.3.1944 † Saron 13.8.1972 x Tulbagh 3.10.1970 Martha Magdalena **VAN WYK** * Loxton 25.12.1953. Hy het op De Doorns skoolgegaan en was 'n boer aldaar.
 g1 Riaan * 31.3.1971.
 g2 Christo * 14.4.1972.
- f3 Wilhelmina Johanna * 8.10.1955 x Joe **JAMES** * 1952.
- e3 Pieter Guillaume (*Piet*) * Ladismith 24.9.1914 ~ Ladismith 21.4.1915 † 16.12.1985 Ω Robertson x Ladismith 15.9.1936 Engela Jacoba **ZOGHBY** (*Engela*) * Zeekoegatdrift,

¹⁸⁵ ARW: HAWC 1/3/47/5/5, nr 271/1925.

¹⁸⁶ Boerboonfontein is geleë aan die suidekant van die huidige Bellairdam en Brakfontein aan die noordekant daarvan, ongeveer 10 km padlans van mekaar. Beide val nou binne die Sanbona-natuurreservaat.

¹⁸⁷ MS: Langenhoven, Mike. 2011.

¹⁸⁸ Hans Langenhoven, Onderhoud November 2022

¹⁸⁹ ARW: MOOC 3720/62.

¹⁹⁰ ARW: MOOC 1891 6/9/289, nr. 288.

¹⁹¹ Grafsteen sê 12.1.1912.

Ladismith 10.12.1918. Piet het skoolgegaan op Platdrift, Ladismith, asook in Johannesburg. Hy is opgelei as skrynwerker en was 'n boukontraakteur.

f1 Wilhelmina Johanna Dorothea * 21.2.1937 x Ignatius Ernst du Preez **FOURIE** * 6.6.1937 (1 s en 1 d).

f2 Martha Maria Sophia * 8.2.1942 x Ladismith 30.11.1963 Pieter Johannes van der Westhuizen **RUST** * 19.11.1941 (2 d).

f3 Petronella * 21.7.1955 x Robertson 23.4.1977 Walter Norman **POTTER** * 9.7.1955 (1 k).

e4 Helena Isabella Martha Elizabeth * 17.4.1920 ~ Ladismith 22.5.1920 x Barend **BREDENHANN**.

c8 Johanna (Catharina)¹⁹² Margaretha (*Hannie*) * 16.8.1848 ~ 11.2.1849 † 20.12.1927 x Mosselbaai 24.4.1877 Jacobus Hendrik Nicolaas **BOSHOFF** (*Koos*) * 14.8.1846¹⁹³ (7 k.). Koos se suster Dorothea Boshoff is met sy vrou se broer Philip Langenhoven getroud. Dus 'n Langenhoven broer en suster wat met 'n Boshoff suster en broer getrou het. Sien b8c4 hierbo. Koos-hulle het op Kafferskraal, oos van Hamelkop, gewoon. Tannie Kotie Voigt-Langenhoven het die name van sewe kinders hieronder aangestuur (sien ook voetnoot). Sy skryf dat sy tant Hannie en oom Koos uit haar kindertyd onthou. Sy sê almal het haar ouma Hannie genoem. Sy was in haar tyd die enigste vroedvrou van die omgewing en het ook vir Kotie in die lewe gebring. Ouma Hannie het myle ver geloop om moeders te help met geboortes en sy was 'n legendariese vroedvrou wat honderde vrouens tydens geboortes bygestaan het. Oom Koos het op sy beurt weer al die begrafnisse in die omgewing waargeneem want die predikant was op Mosselbaai en hy het nie 'n rytuig gehad om by al die plase in die distrik uit te kom nie.¹⁹⁴

[d1] Margaretha Maria van Koppen **BOSHOFF** * 30.3.1878 x Mosselbaai 19.10.1897 Stephanus Hendrik **MARX** * ca. 1870.

[d2] Louis Joachim **BOSHOFF** * 19.11.1879 x Mosselbaai 17.4.1906 Johanna Marthina **MARX** * ca. 1884.

[d3] Philip Hendrik Morkel **BOSHOFF** * 16.7.1881 x Mosselbaai 19.1.1915 Anna Margaretha **OOSTHUIZEN** * ca. 1892.

[d4] Jacobus Hendrik Nicolaas **BOSHOFF** * 2.7.1883 (ongetroud).

[d5] Dorothea Susanna Johanna **BOSHOFF** * 8.12.1885 x Mosselbaai 12.3.1907 Pieter (Daniel) Barend **BOSHOFF**.

[d6] Johannes Petrus **BOSHOFF** * 3.12.1887.

[d7] Johanna Catharina (Margaretha) **BOSHOFF** * 15.12.1889 x Bernardus Lambertus **ZAAYMAN** * ca. 1890.

[d8] Dirk Johannes **BOSHOFF** * 30.11.1893 † 7.5.1975 x Anna Johanna Catharina **LANGENHOVEN** * 24.4.1916, 'n dogter van oom "Jan Kool". Dirk was 'n neef van Jan Kool. Sien b8c5d7e7 vir hulle nageslag.

c9 Eliza Roelf * 26.9.1851 ~ Mosselbaai 7.3.1852, waarskynlik jonk oorlede.

b9 Sara Martina Catharina Theunissina * 19.1.1815 ~ Stellenbosch 16.2.1815.



¹⁹² Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie, 2.9.1986 verstrek hierdie middelnaam, alhoewel dit nie op haar doopregistrasie voorkom nie. Sy verstrek ook die name van die Boshoff kinders uit hierdie huwelik. Kotie verstrek 7 kinders en Diane Scogings-Boshoff gee 8 kinders in haar Boshoffboek (1988); (d7 kom daarin voor) en die geboortedatums en troudatums kom ook uit die boek.

¹⁹³ Scogings-Boshoff, Diane (1988) verstrek ander datums: Jacobus Hendrik Nicloaas *18.5.1853 ~Oudtshoorn 16.10.1853 x Aliwal-Suid 24.4.1877 Johanna Catharina Margaretha *ca. 1857.

¹⁹⁴ Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie, 4.8.1986.

Bronnelys

Literatuur, Koerante, Manuskripte (MS) en elektroniese bronne

blomfamilie.co.za (Stamregister van die Bloms)

Coetzee, Jaco. 2023. Onvoltooide register van die West-familie.

curtisjacques.blogspot.com

Die Landstem 21.9.1957.

Die Landstem 5.10.1957.

Die Landstem 23.11.1957.

geni.com [http://www.geni.com/people/Thomas-John-McInerney/6000000013861487836 (afgelaai 26.12.2014)]

Kannemeyer, J.C. 1995. Die dienswillige dienaar. 'n Langenhoven-fotoboek. Kaapstad: Tafelberg.

Kannemeyer, J.C. 1995. Langenhoven – 'n lewe. Kaapstad: Tafelberg.

Langenhoven, C. 2016. Eskapades van Kerneels Langenhoven. Krugersdorp.

Langenhoven, C.J. 1974. U dienswillige dienaar. Versamelde werke, deel 12. Kaapstad: Tafelberg.

Langenhoven, H.P., 1992. 'n Ander Langenhoven. 2de Uitgawe. George.

MS: Langenhoven, H.P.J., c. 1980. Herinneringe van oom Hennie (geb. 1894). (Afskrif by Opsteller)

MS: Langenhoven, H.P., prof., Aug. 1985. Die Langenhovens van Hamelkop. (Afskrif by Opsteller)

MS: Langenhoven-Kool, Engela, Sep. 1986. Herinneringe aan die mense van Hamelkop. (Afskrif by Opsteller)

Pama, C. 1983. Die groot Afrikaanse familienaamboek. Human & Rousseau.

SABW: Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek.

SAG: Suid-Afrikaanse geslagsregisters. (Uitgegee deur GISA)

Scogings-Boshoff, Diane. 1988. The Boshoff family. Pietermaritzburg.

Van Deventer, J.C. 1995. Die Van Deventer-familiekroniek. Uitgegee deur die Van Deventer-familiebond.

Voigt, Neels. 2010. Nageslag van Adam Jacobus Voigt en Jacoba Maria Voigt (neé Langenhoven).

www.graves-at-eggosa.org (inligting van grafstene oor die hele land)

Korrespondensie en onderhoude aangehaal

Brief: Arivaris van die Ned. Geref. Kerk in die OVS, 31 Maart 1980.

Brief: Botha-Langenhoven, Seitie, 18 April 1980.

Brief: Langenhoven, Andries, 5 April 1977.

Brief: Langenhoven-Uys, Elsabé, 28 April 1984.

Brief: Terblanche-Langenhoven, Lily, 30.9.1985.

Brief: Viljoen, P.H., 7 Januarie 1982.

Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie, 4 Augustus 1986.

Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie, 2 September 1986.

Brief: Voigt-Langenhoven, Kotie, 30 September 1986.

Brief: Zaaerman-Langenhoven, J.H., 13 Augustus 1982.

Onderhoud: Langenhoven, Kerneels, 10 November 2022.

Onderhoud: Milne-Langenhoven, Anna, 9 Mei 2013.

Argiewe

NGK: Argief van die Ned. Geref. Kerk, Kaapland

Doopregisters en huweliksregisters

ARW: Argief- en rekorddiens van die Wes-Kaap

MOOC: Master's Office and Orphan Chamber (Argief van die Weesheer) - Boedellêers

HAWC: Home Affairs Western Cape (Argief van Binnelandse sake van die Wes-Kaap)

Geboorteregistrasies

Register van sterfgevalle

Korrespondente en Informante (1982-uitgawe en aanvullings) (Adresse dateer uit die tagtigerjare) **

Anderson, Joy, mev., Ferndale, Randburg

Basson, M.C., mev., Smithstr 13, Robertson

Beukes, Bettie, Hylton Grange, Orchard

Botha, Seitie., mev., Posbus 833, Witrivier

Coetzee, Hester, mev., Pobus 152, Bethal

Gous, Cora, mev., Louis Botharylaan 47, Floridapark

Grobler, J.C., mev., Burgerstr 53, Pietersburg

Groenewald, H., mev., Mossopstraat 45, Riviersonderend

Hayes, T., mev., Violetstr 73, Primrose

Heese, J.A., dr., Haylettstraat, Strand

Hopkins, Charles, ds., NGK Argief, Kaapstad

Hugo, K., mev., Leeupoort, Posbus 55, Witbank

Jacobs, M.M., mev., Denzastraat 3, Vanderbijlpark

Langenhoven, A.J., Vrystaatstraat 37, Ravensklip

Langenhoven, Andries, Hofmeyerstraat 59, Brenthurst

Langenhoven, B.H., Abiliastraat 295 Kilnerpark

Langenhoven, B.H., mev., DFMalanlaan 69 Parow-Noord

Langenhoven, B., mev., Langenhovenstr 13, Stellenbosch

Langenhoven, C., Holmesstraat 15, Uitenhage

Langenhoven, C.J., Hospitaalstraat 6, Oudtshoorn

Langenhoven, C.J., maj., Posbus 205, Aliwal-Noord

Langenhoven, C.J., Strubenlaan, Discovery, Florida

Langenhoven, C.J.S., Holmesstr 15 Uitenhage

Langenhoven, C.P., Kiaatsingel, Loevenstein

Langenhoven, C.W., Lambis w/s, Brakpan

Langenhoven, D.J., JBM Hetzogweg 32, Bonaeropark

Langenhoven, Dorothy, mev., Glenelgweg 44, Fern Glen

Langenhoven, E.C., mev., Olienhoutstraat 18, Birchleigh

Langenhoven, E.M., 20ste Laan 378, Villieria

Langenhoven, E.M., Pearweg 4, Primrose

Langenhoven, E.M., Pivaatsak XA3, Klerksdorp

Langenhoven, E.M., PK Migdol

Langenhoven, Elsabé, mev., Posbus 29, Vrede
 Langenhoven, Engela, mev., Posbus 108, Kroonstad
 Langenhoven, F.T., Frerelaan 55, Discovery
 Langenhoven, Frikkie, Posbus 491, Hartswater
 Langenhoven, G.D., Amatolaweg 7, Eastvale, Springs
 Langenhoven, G.F.M., Kingsway 53, Warner Beach
 Langenhoven, G.J., Maritsa Heights 10, Sunnyridge
 Langenhoven, G.T., Posbus 173, Oudtshoorn
 Langenhoven, H.C., mev., Kerkstraat 86, Ladismith
 Langenhoven, H.J.J., Dollylaan 157, Rothdene
 Langenhoven, H.P., Diazstraat 49, Strand
 Langenhoven, H.P., Ou Meul, Riversdal
 Langenhoven, H.P., Posbus 29, Buffeljagsrivier
 Langenhoven, H.P., prof., Van Rooylaan 18, Bloemfontein
 Langenhoven, J.D., Buitekringweg 70, Stellenbosch
 Langenhoven, J.G., Henochsdal, Riviersonderend
 Langenhoven, J.G.F., Platrاند, Cornelia
 Langenhoven, J.J., Cloetstraat 3, Stilfontein
 Langenhoven, J.M., Duikerstraat 4, Hermanus
 Langenhoven, J.S., Hamelkop, Mosselbaai
 Langenhoven, J.S.B., Halversonwoonstel 9, Bethlehem
 Langenhoven, Jacques, Posbus 43, Middelburg KP
 Langenhoven, Johan, Herculesstraat 10, Paarl
 Langenhoven, Jannie en Kathy, Posbus 1298, Kaapstad
 Langenhoven, Klaas, Kloofstraat 69, Tamboerskloof
 Langenhoven, Koos, Buitekringweg 70, Stellenbosch
 Langenhoven, L.J., Harrisonstr 10, Welkom
 Langenhoven, L.J., Mineraalstraat 915 Claremont, Pretoria
 Langenhoven, L.J., Oliehoutlaan, Birchleigh
 Langenhoven, L.P., mev., Posbus 108, Riviersonderend
 Langenhoven, Lenie, mev., Posbus 4, Kleinbrak
 Langenhoven, Lenie, mev., Posbus 4, Kleinbrak
 Langenhoven, Leon, Petrus Myburghstr 566 Erasmia
 Langenhoven, Leon, Posus 284, Bon Accord
 Langenhoven, Lily, mej., Demperstraat 13, Caledon
 Langenhoven, Louna, mev., 5de Straat 19, Kleinmond
 Langenhoven, M., Frerelaan 55, Discovery
 Langenhoven, M., mev., Stockenstromstr 40 George
 Langenhoven, M.C., PK Hendriksdal
 Langenhoven, M.J., Posbus 175, Koster
 Langenhoven, Mattheus, Langenhovenstr 13, Stellenbosch
 Langenhoven, Minnie, mev., Oribistaatsdorp 132, PMburg
 Langenhoven, N.M., Anysrug, Klapmuts
 Langenhoven, P., Palgravestr 46 George
 Langenhoven, P.A.G., Plot 127, Bashewa, PK Welbekend
 Langenhoven, P.C., Ringweg 89, Vereeniging
 Langenhoven, P.G., Brandbergwes-tinmyn, Swakopmund
 Langenhoven, P.G., Fichatstraat George
 Langenhoven, P.G., Konstitusiestraat, Robertson
 Langenhoven, P.H., Posbus 2909, Bloemfontein
 Langenhoven, P.H., Posbus 376 Heidelberg TVI
 Langenhoven, P.J., Seehoflaan 4, Mindalora, Krugersdorp
 Langenhoven, P.M., Scholtzstraat 29 Universitas
 Langenhoven, Pieter C., Posbus 462, Vereeniging
 Langenhoven, Pieter, Palgravestraat 46, George
 Langenhoven, S.E., mev., Kleveweg 21, Germiston
 Langenhoven, S.G., Porterstr 8, Rawsonville
 Langenhoven, Sagrys, mev., p/a prof Sadie, Loevenstein
 Langenhoven, Sannie, mev., Eikewoonstelle, Swellendam
 Langenhoven, Susan, mej., Charonwoonstel 8, Wellington
 Mellet, mev., Koningstraat 31, Ladismith
 Mouton, B.H., Friedmanstraat 102, Kemptonpark
 Naude, mev., Marxstraat 17A, Bethal
 Nysschen, C., mev., Suikersbosstraat 21, Flimieda
 Prins, Chrissie, mev., Posbus 3795, Windhoek
 Russell, J., mev., Cannalaan 23 Sunridgepark, PE
 Smit, K., mev., Sedanstr 4, Parow
 Swartz, Suzette, mev., Drommedarisstraat 43, Parow
 Terblanche, Lily, mev., Posbus 607, Mosselbaai
 Van Tonder, Morkel, Posbus 4559, Johannesburg
 Viljoen, Piet en Sannie, Posbus 1388, Faerie Glen
 Voigt, Kotie, mev., Posbus 4, Kleinbrak
 Vollgraaff, Marietjie, mev., Posbus 6, Delmas
 Wright, Mary, mev., Hoofweg 56, Kleinmond
 Zaayman, J.H., Rankettisirkel 6, Petersfield, Springs

Korrespondente, informante en facebookers sedert 2010 **

Basson, Rina (Germiston)
 Biddlecombe, Marie (Johannesburg)
 Bonthuys, Sarina
 Coetzee, Jakkie (Bellville)
 De Kock, Bennie (Franskraal)
 Du Plooy Hangelique (Ceres)
 Ferreira, Sarie (facebook)
 Groenewald, Willie (Kleinmond)
 Hamman, Suzaan (Rawsonville)
 Hayes, Trudie
 Hayes, Wayne
 Janse van Rensburg, Cina (Gauteng)
 Jordaan, Sebie (Ceres?)
 King, Peter (Johannesburg)
 Knoblauch, Susan (Hermanus)
 Kriel, Derek (Kaapstad)
 Kroukamp, Isabel (Melkbos)
 Langenhoven, Bessie (Algoapark)
 Langenhoven, Boetie en Natasha (Vryheid)
 Langenhoven, Erika
 Langenhoven, Estelle (Fontainebleu)
 Langenhoven, Hanno (Pretoria),
 Langenhoven, Johan (Secunda?)
 Langenhoven, Klaas (Eversdal)
 Langenhoven, Leon (Pretoria)
 Langenhoven, Linda (Swakopmund)
 Langenhoven, Marthie (Bellville)
 Langenhoven, Nico (Paarl)
 Langenhoven, Petrus (Lafayette, VSA)
 Langenhoven, Philip (Johannesburg)
 Langenhoven, Philip (Nieu-Seeland)
 Langenhoven, Philip (Pretoria)
 Langenhoven, Piet (Vereeniging)
 Langenhoven, Tinie (Franskraal)
 Lindveldt, Helen (Kuilrivier)
 Mc Menamin, Amanda (Johannesburg)
 McCallum, Elsabe (Gauteng)
 Milne, Anna (Caledon)
 Nel, Sannie
 Nel, Selma (Kleinmond)
 Pretorius, Roza (Pretoria)
 Sadie, Charlotte (via Johan Viktor) (Kaapstad)
 Smit, Francois (Heidelberg GP)
 Swanepoel, Danro, (Gauteng)
 Swart, Grieta (Kleinmond)
 Swart, Piet (Kleinmond)
 Swartz, Suzette (Reddersburg)
 Terblanche, Bettie (Oudtshoorn)
 Theunissen, Mary Anne
 Van Deventer; Nelie
 Van Rensburg, Anna
 Van Zyl, Maria (facebook)
 Venter, Elzette (Johannesburg)
 Voigt, Boet en Magriet (Fraaiuitsig)
 Weyers, Meline (Kleinmond)

** Nota: Lyste is waarskynlik nie heeltemal volledig nie en steeds onderhewig aan hersiening.